

'n Nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans: 'n perspektief op die teorie en praktyk

Alta van Rensburg



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad van Magister Philosophiae in Vertaling
aan die Universiteit Stellenbosch.

Studieleier: Prof C H J van der Merwe

Mede-studieleier: Prof A E Feinauer

April 2005

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

.....

Handtekening

.....

Datum

ABSTRACT

Mention is yet again made of a new translation of the Bible into Afrikaans. The question is: Which translation approach must be followed in order to ensure effective communication of this age-old message?

In 2002 and 2003, a project was launched in Stellenbosch during which translation teams prepared four different draft translations of parts of the Bible from the original languages. A new translation model was used, namely Gutt's direct and indirect translation strategies, which were applied within Nord's functionalistic approach as framework.

After the review of some of the most important Bible translations through the ages, main features of Nida's translation model are explained. It is indicated that the basis of his translation approach, the code model of communication, is regarded as insufficient for describing translation as a phenomenon. New developments in linguistics, namely Sperber and Wilson's exposition of Relevance Theory, and Translation Studies, namely Ernst-August Gutt's application of Relevance Theory to translation and Christiane Nord's version of the Skopos Theory, are discussed. The conclusion is made that these developments have been taken into account in the translation model of the Stellenbosch translation project and that the model is indeed theoretically well founded.

Based on the annotations of the translation products, it was found that this abstract theoretical model can indeed be applied successfully in practice. The results of the empirical study indicate that the average reader does not always prefer the same type of translation on a specific kind of occasion, but has a need for an informal as well as a formal Bible translation.

Following the findings of this study, proposals are made that can be applied during a possible new translation of the Bible into Afrikaans.

OPSOMMING

Daar is weer sprake van 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. Die vraag is: Watter vertaalbenadering moet gevolg word ten einde doeltreffende kommunikasie van hierdie eeue-oue boodskap te verseker?

In 2002 en 2003 is 'n projek in Stellenbosch van stapel gestuur waartydens vertaalspanne vier onderskeie proefvertalings van Bybelgedeeltes uit die grondtale voorberei het. 'n Nuwe vertaalmodel is gebruik, naamlik Ernst-August Gutt se direkte en indirekte vertaling wat as vertaalstrategieë binne Christiane Nord se funksionalistiese benadering as raamwerk toegepas is.

Na die oorsig oor van die belangrikste Bybelvertalings deur die eeue, word hoofmomente van Nida se vertaalmodel uiteengesit. Daar word aangetoon dat die basis van sy vertaalbenadering, die kodemodel van kommunikasie, as onvoldoende vir die beskrywing van vertaling as verskynsel beskou word. Nuwe ontwikkelinge in die taalkunde, naamlik Sperber en Wilson se beskrywing van die Relevansieteorie, en die vertaalkunde, naamlik Gutt se toepassing van die Relevansieteorie op vertaling en Nord se weergawe van die Skoposteorie, word bespreek. Die gevolgtrekking word gemaak dat hierdie ontwikkelinge in die vertaalmodel van die Stellenbosch-vertaalprojek verdiskonteer is en dat die model wel teoreties goed gefundeer is.

Na aanleiding van die annotasies van die vertaalprodukte is bevind dat hierdie abstrakte teoretiese model wel met sukses in die praktyk toegepas kan word. Die resultate van die empiriese studie toon dat die deursneeleser nie altyd dieselfde tipe vertaling by 'n spesifieke tipe geleentheid verkies nie, maar 'n behoefte het aan 'n informele sowel as 'n formele Bybelvertaling.

Na aanleiding van hierdie studie se bevindinge word daar voorstelle gemaak wat tydens 'n moontlike nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans toegepas kan word.

DANKBETUIGINGS

Ek wil graag my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende persone en instansies wat 'n bydrae tot die voltooiing van my studies gemaak het:

- my Skepper vir die vermoë en geleenthede;
- my studieleier, prof. Christo van der Merwe, en mede-studieleier, prof. Ilse Feinauer, vir hulle leiding, geduld en ondersteuning;
- my man, Roux, familie, vriende en kollegas vir hulle hulp en bemoediging;
- die direkteur van die Taalsentrum aan die Universiteit Stellenbosch, prof. Leon de Stadler, vir die studieverlof toegestaan;
- die Nasionale Navorsing Stigting en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vir hulle finansiële bydrae; en
- die Sentrum vir Statistiese Konsultasie aan die Universiteit Stellenbosch vir die statistiese ontledings.

INHOUD

1.	Inleiding	1
1.1	Inleiding	1
1.2	'n Nuwe era in Bybelvertaling	1
1.3	Proefvertalings vir 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling	3
1.4	Probleemstelling	4
1.5	Hipoteses	4
1.6	Doel van studie	4
1.7	Metodologie	5
1.8	Hoofstukindeling	6
1.9	Verklaring van afkortings, terme en 'n simbool	7
	1.9.1 Afkortings	7
	1.9.2 Terme	8
	1.9.3 'n Simbool	8
2.	Literatuurstudie	9
2.1	Inleiding	9
2.2	Benaderings tot Bybelvertaling deur die eeue	10
	2.2.1 <i>Septuaginta</i> (LXX)	11
	2.2.2 <i>Vulgaat</i>	12
	2.2.3 Martin Luther se Duitse vertaling	13
	2.2.4 William Tyndale se Engelse vertaling	13
	2.2.5 <i>King James Version</i> (KJV)	14
	2.2.6 <i>English Revised Version</i> (ERV)	15
	2.2.7 <i>American Standard Version</i> (ASV)	15
	2.2.8 <i>Ou Afrikaanse Vertaling</i> (OAV)	16
	2.2.9 <i>Revised Standard Version</i> (RSV)	17
	2.2.10 <i>Jerusalem Bible</i> (JB)	17

2.2.11	<i>New American Bible (NAB)</i>	18
2.2.12	<i>New English Bible (NEB)</i>	18
2.2.13	<i>Living Bible (LB)</i>	18
2.2.14	<i>Good News Bible (GNB of ook TEV)</i>	19
2.2.15	<i>New International Version (NIV)</i>	19
2.2.16	<i>Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV)</i>	20
2.2.17	<i>Die Lewende Bybel en Die Boodskap</i>	20
2.3	Nida se vertaalbenadering	22
2.4	Kritiek teen Nida se vertaalbenadering	27
2.5	Die Relevansieteorie	30
2.6	Ontwikkelinge in die vertaalkunde	34
2.6.1	Direkte en indirekte vertaling	35
2.6.2	Funksionalistiese benaderings tot vertaling	39
2.7	Samevatting	45
3.	Die toepassing van 'n nuwe vertaalmodel in die praktyk:	
	'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling	46
3.1	Inleiding	46
3.2	Die vertaalprojek in Stellenbosch	47
3.2.1	Teoretiese onderbou	48
3.2.2	Proses gevolg	50
3.3	Annotasies van vertaalprodukte	51
3.3.1	Nord se klassifikasie van vertaalprobleme	52
3.3.1.1	Interkulturele vertaalprobleme	52
3.3.1.2	Interlinguistiese vertaalprobleme	53
3.3.1.3	Teksspesifieke vertaalprobleme	54
3.3.1.4	Pragmatiese vertaalprobleme	55
3.3.1.5	Gevolgtrekking	57

3.3.2	Klassifikasie van aanpassings tussen doeltteks 1 (DT1) en doeltteks 2 (DT2)	57
3.3.2.1	Aanpassings op linguistiese vlak	58
3.3.2.1.1	Eksplisering	58
3.3.2.1.1.1	Die eksplisering van metafore	59
3.3.2.1.1.2	Eksplisering op sintaktiese vlak	60
3.3.2.1.1.3	Eksplisering deur middel van invoeging ..	60
3.3.2.1.1.4	Eksplisering deur middel van omskrywing	62
3.3.2.1.1.5	Eksplisering deur middel van interpretasie	63
3.3.2.1.2	Vereenvoudiging	64
3.3.2.2	Aanpassings op teksspesifieke vlak	66
3.3.2.3	Aanpassings op pragmatiese vlak	66
3.4	Samevatting	68
4.	'n Empiriese ondersoek na die praktiese aanvaarbaarheid van die proefvertalings	70
4.1	Inleiding	70
4.2	Doel van ondersoek	70
4.3	Metodologie, teikenpopulasie en steekproefraamwerk	70
4.4	Samestelling van vraelys	72
4.5	Resultate en bevindinge	74
4.5.1	Vraag 1: ouderdom	74
4.5.2	Vraag 2: moedertaal	75
4.5.3	Vraag 3: geleentehede waar die Bybel gebruik word	76
4.5.4	Vraag 4: frekwensie van gebruik	76
4.5.5	Vraag 5: bestaande Bybelvertalings	77
4.5.6	Vraag 6: Bybel van voorkeur	78
4.5.7	Vraag 7 en 8: spesifieke vrae ten opsigte van teks A tot D	78
4.6	Samevatting	83

5.	Samevatting	84
5.1	Inleiding	84
5.2	Samevatting en gevolgtrekkings	84
5.3	Verdere navorsingsmoontlikhede	89
5.4	Toepassing op 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans	89
5.5	Slot	91
 LITERATUUR		 92

BYLAES

Bylae 1	Vertaalopdragte vir die Stellenbosch-proefvertalings
Bylae 2	Jesaja 1 – konkordante vertaling (weergawe 1)
Bylae 3	Jesaja 1 – indirekte vertaling (weergawe 2, DT2)
Bylae 4	Jesaja 1 – direkte vertaling (weergawe 3, DT1)
Bylae 5	Matteus 5:1-20 – konkordante vertaling (weergawe 1)
Bylae 6	Matteus 5:1-20 – indirekte vertaling (weergawe 2, DT2)
Bylae 7	Matteus 5:1-20 – direkte vertaling (weergawe 3, DT1)
Bylae 8	Romeine 7:7-25 – konkordante vertaling (weergawe 1)
Bylae 9	Romeine 7:7-25 – indirekte vertaling (weergawe 2, DT2)
Bylae 10	Romeine 7:7-25 – direkte vertaling (weergawe 3, DT1)
Bylae 11	Vraelys

LYS FIGURE

- Figuur 4.1 Ouderdomverspreiding van respondente
- Figuur 4.2 Verband tussen gemiddelde ouderdom en keuse van tipe vertaling
- Figuur 4.3 Verband tussen moedertaal en keuse van tipe vertaling
- Figuur 4.4 Bestaande Bybelvertalings deur respondente gebruik
- Figuur 4.5 Kontinuum van sommige Bybelvertalings
- Figuur 4.6 Vergelyking tussen drie dorpe se voorkeur-Bybel
- Figuur 4.7 Voorkeur ten opsigte van formele of informele teks by vraag 7 en 8

Hoofstuk 1

Inleiding

1.1 Inleiding

Die Bybel is dié boek wat deur die eeue die meeste vertaal is. Van die Griekse *Septuaginta* (ong. derde eeu v.C.) tot by vandag se nuutste weergawe speel Bybelvertaling dus ’n uiters belangrike rol in die samelewing.¹ Dit geld nie net in die godsdienstige milieu nie, maar ook in die ontwikkeling van tale en kulture deur die eeue. Volgens Kittel en Poltermann is dit op die Duitse kultuur van toepassing: “The history of the German language since the Middle Ages is closely associated with translations of the Bible. . . . Luther’s translation, in particular, has had a formative and normative effect on modern High German” (1998:421). Nog ’n voorbeeld word deur Ellis en Oakley-Brown gegee in hulle bespreking oor vertaling tydens die Reformasie en Renaissance in Engeland: “[T]ranslation helped forge a national identity both English and (religiously and intellectually) reformed. In this project, Bible translation, much of it published abroad, plays a crucial role” (1998:337). Die vertaling van die Bybel in Afrikaans het ook ’n vormende invloed op hierdie taal gehad. Volgens Groenewald (1984:12) is Afrikaans met die 1933-vertaling finaal as volwaardige skryf- en spreektaal gevestig.

Nuwe vertalings van die Bybel verskyn gereeld, omdat die samelewing en daarmee saam ’n taal voortdurend verander. Nuwe Bybelvertalings word dus geskep ten einde die eeue-oue boodskap van die Bybel doeltreffend in die samelewing se nuwe verwysingsraamwerk oor te dra. Die vraag was nog altyd wat die beste benadering tot vertaling is en hoe hierdie benadering prakties toegepas kan word – veral in die geval van die Bybel wat ’n religieuse en uiters komplekse teks is.

1.2 ’n Nuwe era in Bybelvertaling

Tot ongeveer die middel van die twintigste eeu is daar hoofsaaklik gefokus op die vraag of die Bybel letterlik (woord-vir-woord) of vry (betekenis-vir-betekenis) vertaal

¹ Sien ook die hoofstuk “Translators and the spread of religions” in Delisle en Woodsworth 1995. 159-190.

moes word. Daar was nie ’n spesifieke vertaalteorie wat gevolg kon word nie. Smalley (1991:28) bevestig dit deur sy opmerking dat die Bybelgenootskappe raad aan vertalers gegee het sover hulle kon, maar dat hulle “no developed and articulated theoretical base” gehad het. Hy beklemtoon die belangrike rol wat Nida van daardie tyd af al in Bybelvertaling speel: “The promotion of professional expertise, the development of translation theory and of translation procedures based on such theory, began when Eugene A. Nida joined the American Bible Society staff in 1943.” Nida het sy konseptualisering van die vertaalproses ontwikkel na aanleiding van sy agtergrond as taalkundige, antropoloog en student van antieke Griekse tekste (Smalley 1991:28). Sy span professionele taal- en Bybelkundiges wat as konsultante vir vertalers gedien het, het later as deel van die internasionale UBS (*United Bible Societies*) gefunksioneer.

Volgens Mojola (2002:208) word die UBS se benadering tot vertaling gewoonlik met dié van Nida geassosieer, waarvan funksionele ekwivalensie die grootste invloed op Bybelvertaling gehad het (§ 2.3). Sedertdien het die vertaalkunde tot ’n volwaardige navorsingsveld ontwikkel en het verskeie ander dissiplines, onder andere sielkunde, filosofie, literêre teorie, kommunikasiekunde en kulturele studies ook ’n invloed op teoretici se siening van vertaling. As gevolg van hierdie interdisiplinêre omgewing is daar deesdae soveel uiteenlopende benaderings tot vertaling² dat daar nie net een korrekte wyse is waarop ’n teks vertaal kan word nie. Na aanleiding van hierdie ontwikkelinge is Nida se benadering tot vertaling deur onder andere Edwin Gentzler (1993) gekritiseer (§ 2.4).

Die UBS se nuwe benadering is volgens Mojola eklekties: “drawing on the wisdom and experience of the past but also open to the voices and insights of translation scholars and researchers in academia or within its ranks” (2002:210). Die fokus van die UBS is nou op die kommunikasieproses en die toepassing daarvan op die vertaalproses. In Hermanson (2002:6-18) deel hy die laaste eeu van Bybelvertaling op in twee tydperke, naamlik die Sendelingsperiode waartydens formeel-ekwivalente vertalings deur sendelinge gemaak is, en die Bybelgenootskapperiode (vanaf ong.

² Sien veral Hatim (2001), Munday (2001) en Venuti (2000) vir ’n oorsig oor die onderskeie benaderings soos die linguïstiese, funksionalistiese en kognitiewe benaderings tot vertaling, asook die polisistematiese teorie.

1965) waartydens funksioneel-ekwivalente vertalings deur interkerklike vertaalspanne gemaak is.

Die vertaalkunde, en by implikasie Bybelvertaling, het nou 'n nuwe era betree (Naudé & Van der Merwe 2002:5). Mojola en Wendland (2003:1) beskryf hierdie nuwe era as een wat gekenmerk word deur 'n wye verskeidenheid benaderings tot vertaling. Dit was dan ook die doel van die Bybelvertaalsimposium van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika wat van 20 tot 22 Augustus 2001 in Kempton Park gehou is:³ om die nuwe ontwikkelinge in die vertaalkunde te bespreek en die relevansie daarvan vir Bybelvertaling in Suid-Afrika te bepaal.

By hierdie simposium het dit duidelik na vore getree dat die Afrikaanse 1983-vertaling in die vorige era (Hermanson se “Bybelgenootskapperiode”) gemaak is en 'n funksioneel-ekwivalente produk is wat nie by die genoemde ontwikkelinge baat gevind het nie (Naudé & Van der Merwe 2002:2). Die moontlikheid bestaan dus dat daar in hierdie nuwe era plek is vir 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans wat rekening hou met onlangse ontwikkelinge in die vertaalkunde.

1.3 Proefvertalings vir 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling

In Maart 2002 het die interkerklike komitee van kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik (die Kerklike Advieskomitee van die Bybel in Afrikaans) besluit dat daar in vier sentra, naamlik Bloemfontein, Potchefstroom, Pretoria en Stellenbosch, vertalersgroepe gevorm moes word om proefvertalings van spesifieke Bybelgedeeltes te maak.

Kennerse in Stellenbosch het op daardie stadium reeds kennis geneem van die nuutste ontwikkelinge in die taal- en vertaalkunde (§ 2.5 en 2.6) en twee benaderings tot vertaling geïdentifiseer wat moontlik op Bybelvertaling toegepas sou kon word, naamlik Christiane Nord se funksionalistiese benadering (§ 2.6.2)⁴ en Ernst-August Gutt se toepassing van die Relevansieteorie op vertaling (§ 2.6.1). Die maak van die

³ Hierdie simposium is bygewoon deur Bybelvertalers van Suid-Afrika sowel as van die UBS.

⁴ Dit is belangrik om te onderskei tussen Nida se linguisties-georiënteerde funksionele vertaling wat die kodemodel van kommunikasie op vertaling toepas (sien § 2.3), en funksionalistiese benaderings tot vertaling soos dié van Nord wat op die funksie van die doeltteks fokus, soos in die vertaalopdrag gespesifiseer (sien § 2.6.2).

proefvertalings is as 'n gulde geleentheid gesien om hierdie nuwe benaderings tot vertaling op die proef te stel. Die agtergrond, teoretiese onderbou van, en prosen wat tydens hierdie projek gevolg is, word in afdeling 3.2 beskryf.

In die Stellenbosch-vertaalprojek is daar op die teoretiese verantwoordbaarheid van die nuwe vertaalmodel gefokus. Die praktiese implikasies van die model is nie ondersoek nie. Hierdie studie vul daardie leemte deur ondersoek in te stel na die praktiese toepasbaarheid van die vertaalmodel, sowel as na die bruikbaarheid van die vertaalprodukte (sien § 1.6).

1.4 Probleemstelling

In watter mate het die vertaalprojek in Stellenbosch daarin geslaag om nuwe Afrikaanse vertalings van die gegewe Bybelgedeeltes te skep wat aan die volgende kriteria voldoen? Dit moet, eerstens, teoreties verantwoordbaar wees, en tweedens, korreleer met die aannames ten opsigte van die deursneeleser se behoeftes, met ander woorde of dit vir die hedendaagse deursneeleser bruikbaar is.

1.5 Hipoteses

Eerstens: 'n Analise van die vertaalkeuses wat gemaak is, behoort lig te werp op die mate waarin dit moontlik was om die gekose vertaalmodel in die praktyk toe te pas. Tweedens: Hedendaagse deursneelesers se reaksie op die twee nuwe tipes vertalings wat met 'n vraelys oor onder andere hulle behoeftes getoets word, behoort 'n aanduiding te wees in watter mate die vertalings bruikbaar is.

Hoewel die hele projek in Stellenbosch binne 'n funksionalistiese raamwerk geskied het, het hierdie hipoteses betrekking op die skep van weergawes 2 en 3 van die drie Bybelgedeeltes waarby die navorser betrokke was (§ 1.3).

1.6 Doel van studie

Die doel van hierdie studie is drieledig: **Eerstens**, om aan te toon dat die voorgestelde vertaalmodel, naamlik Gutt se toepassing van die Relevansieteorie op vertaling binne Nord se funksionalistiese benadering as raamwerk, teoreties goed gefundeer is deur die belangrikste benaderings tot Bybelvertaling sowel as nuwe ontwikkelinge in die taal- en vertaalkunde te bespreek; **tweedens**, om annotasies van

die twee weergawes, naamlik die indirekte (weergawe 2) en direkte vertaling (weergawe 3) van drie Bybelgedeeltes te verskaf ten einde te bepaal in hoe 'n mate dit moontlik was om bogenoemde vertaalmodel in die praktyk toe te pas, asook om spesifieke vertaalprobleme uit te wys wat tydens die vertaalproses ondervind is; en **derdens**, om met behulp van 'n empiriese ondersoek te bepaal, aan die een kant, of deursneelesers se reaksie op die vertaalprodukte ooreenstem met die skopi wat in die vertaalopdragte geformuleer is, en, aan die ander kant, of hulle reaksie inligting oplewer wat nie na behore in die bestaande opdragte vervat is nie.

1.7 Metodologie

Hierdie navorsing is gebaseer op die kousale model soos dit weerspieël word in die funksionalistiese beskrywing van vertaling (veral Nord se weergawe van die Skoposteorie), en Gutt se gebruik van insigte van die Relevansieteorie om die kompleksiteit van Bybelvertaling te omskryf.

Eerstens is die navorsing empiries omdat werklike vertalings geskep is en bespreek word. Die Skoposteorie word as raamwerk gebruik waarvolgens die vertaalopdrag spesifiseer dat twee verskillende vertalings van gegewe Bybelgedeeltes volgens Gutt se indirekte en direkte vertaling vertaal moet word. Die skopos van weergawe 2 is om 'n informele vertaling te skep volgens die beginsels van Gutt se indirekte vertaling, terwyl die skopos van weergawe 3 is om 'n formele vertaling te skep volgens die beginsels van Gutt se direkte vertaling.

Tweedens is die navorsing empiries omdat die publiek se reaksie op die vertaalde tekste deur middel van 'n vraelys getoets is. Respondente het die vraelys ingevul ten einde hulle mening te lug oor die onderskeie tipes vertalings wat aan hulle voorgelê is. Die vraelys is op so 'n wyse opgestel dat inligting wat hieruit verkry is, geïnterpreteer kon word om te bepaal in watter mate die vertaalprodukte aan die vertaalopdragte voldoen, en of die behoeftes van die deursneeleser genoegsaam in die vertaalopdragte verdiskonteer is.

Die navorsing is empiries sowel as beskrywend, aangesien die verskille tussen elke Bybelgedeelte se twee doeltekste (indirekte en direkte vertaling) beskryf word. Die annotasies geskied aan die hand van Nord (1997a, 1997b) se indeling van

vertaalprobleme, juis omdat die vertaalprojek binne die raamwerk van die funksionalistiese model geskied het. Nord se indeling is nie voldoende vir hierdie studie nie omdat daarin gefokus word op die verskille tussen die bronteks en doelteks, terwyl hierdie studie hoofsaaklik fokus op die verskille tussen twee doeltekste, naamlik die indirekte (weergawe 2) en direkte (weergawe 3) vertaling. Nord se indeling word dus aangevul deur die navorser se eie indeling van spesifieke aanpassings wat tussen weergawe 3 en weergawe 2 aangebring is.

1.8 Hoofstukindeling

In die literatuurstudie in hoofstuk 2 word 'n oorsig verskaf oor van die belangrikste Bybelvertalings deur die eeue. Die navorser hoop om insig te verkry in die faktore wat 'n Bybelvertaling beïnvloed ten einde te bepaal hoedanig sulke invloede in die vertaalopdrag verdiskonteer kan word. Die gewildste teorie in Bybelvertaling sedert die sestigerjare, naamlik Nida se funksionele ekwivalensie, word uiteengesit en krities bespreek. In die lig van onlangse ontwikkelinge in die taal- en vertaalkunde sal aangetoon word waarom kenners met reg kon argumenteer dat die model wat hulle tydens die vertaalprojek in Stellenbosch sou gebruik (§ 1.3), wel teoreties verantwoordbaar is.

In hoofstuk 3 word beskryf hoe die vertaalprojek in Stellenbosch (§ 1.3) binne 'n funksionalistiese raamwerk en dus volgens spesifieke vertaalopdragte geskied het. Twee leemtes in die vertaalprojek word geïdentifiseer: Eerstens is die doeltekste nie ontleed om die praktiese toepasbaarheid van die spesifieke vertaalmodel te toets nie, en tweedens is die reaksie van die hedendaagse deursneeleser op die proefvertalings nie ondersoek nie. Ten einde die eerste leemte met betrekking tot weergawes twee en drie te vul, word annotasies van die twee proefvertalings van Jesaja 1, Matteus 5:1-20 en Romeine 7:7-25 aan die hand van Nord se indeling van vertaalprobleme en die navorser se indeling van aanpassings tussen weergawe 3 en weergawe 2 verskaf. Daarvolgens word afleidings gemaak ten opsigte van die mate waarin hierdie spesifieke vertaalmodel in die praktyk toegepas kan word.

Die tweede leemte in die vertaalprojek, naamlik dat lesers se reaksie op bogenoemde proefvertalings nie getoets is nie, word in hoofstuk 4 aan die hand van 'n empiriese

ondersoek aan die orde gestel. Die resultate wat uit 'n steekproef van beperkte omvang verkry is, word bespreek en geïnterpreteer.

In hoofstuk 5 word 'n samevatting van die probleemstelling en hipotese verskaf. Aanbevelings vir verdere studie word gemaak, en die implikasies van die vorige hoofstukke se bevindinge vir 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans word bespreek.

Na aanleiding van die bevindinge in hierdie studie word ten slotte die stelling gemaak dat 'n nuwe formele Afrikaanse Bybelvertaling 'n gaping in die kontinuum van Afrikaanse Bybelvertalings behoort te vul.

1.9 Verklaring van afkortings, terme en 'n simbool

1.9.1 Afkortings

ASV – *American Standard Version*

BT – bronteks

DT – doelteks

ERV – *English Revised Version*

GNB – *Good News Bible of ook Today's English Version*

KJV – *King James Version*

NAB – *New American Bible*

NAV – *Nuwe Afrikaanse Vertaling*

NEB – *New English Bible*

NIV – *New International Version*

NRSV – *New Revised Standard Version*

NT – Nuwe Testament

OAV – *Ou Afrikaanse Vertaling*

OT – Ou Testament

RSV – *Revised Standard Version*

SL – “source language”

ST – “source text”

TEV – *Today's English Version of ook Good News Bible*

TL – “target language”

TT – “target text”

UBS – “United Bible Societies”

1.9.2 Terme

Die terme **“formele” en “informele” vertaling**: In hierdie studie word deurgaans na formele en informele vertalings verwys. Die navorser sien dit nie as twee pole nie, maar is van mening dat enige vertaling op die kontinuum van vertaling lê (sien fig. 4.5 in § 4.5.5). Wanneer die navorser byvoorbeeld na ’n formele vertaling verwys, moet dit verstaan word as ’n “formeler” vertaling teenoor ’n “informeler” vertaling.

Verskillende weergawes soos daarna verwys word in die Stellenbosch-vertaalprojek (sien § 3.2) en annotasies (sien § 3.3):

- grondtekste: die beskikbare Hebraëuse en Griekse tekste wat as brontekste gebruik is;
- konkordante vertaling: die streng letterlike vertaling wat uit die grondteks gemaak is (Stellenbosch-projek se weergawe 1);
- doelteks 1 (DT1): die direkte vertaling wat uit weergawe 1 gemaak is (Stellenbosch-projek se weergawe 3); en
- doelteks 2 (DT2): die indirekte vertaling wat uit weergawe 3 gemaak is (Stellenbosch-projek se weergawe 2).

1.9.3 ’n Simbool

Die simbool § word tussen hakies gebruik wanneer daar na ’n spesifieke afdeling van hierdie studie verwys word.

Hoofstuk 2

Literatuurstudie

2.1 Inleiding

Vertaling tot en met die middel van die twintigste eeu is oor die algemeen nie op 'n eksplisiet geformuleerde teorie van vertaling gebaseer nie. Kwessies soos letterlike teenoor vry vertaling is wel bespreek (Schäffner 2001:5), maar dit het nie tot 'n formele vertaalteorie gelei nie. Selfs vandag is daar nie eenstemmigheid oor sentrale konsepte in die dissipline nie – neem as voorbeeld die kontroversie oor die term ekwivalensie⁵. Schleiermacher het in die eerste helfte van die negentiende eeu die mening uitgespreek dat 'n vertaalteorie nodig is, maar so 'n teorie het eers teen die middel van die twintigste eeu begin vorm aanneem. Die vertaalkunde het eers in die tweede helfte van die twintigste eeu tot 'n akademiese dissipline ontwikkel.

Net soos vertaling in die algemeen het Bybelvertaling ook sonder 'n formele vertaalteorie geskied: daar is hoofsaaklik gefokus op die vraag in hoe 'n mate die vertaling letterlik (woord-vir-woord) of vry (betekenis-vir-betekenis) moes wees. Sommige vertalers het 'n meer letterlike vertaling voorgestaan omdat hulle die Bybel as die direkte Woord van God gesien het waaraan nie verander mag word nie. Ander vertalers het 'n vryer vertaling verkies omdat hulle meer klem gelê het op die oordrag van die boodskap van die Bybel aan die algemene publiek. Bassnett beklemtoon die Bybel as sentrale teks in die Christengemeenskap: “A religion as text-based as Christianity presented the translator with a mission that encompassed both aesthetic and evangelistic criteria” (1991:45-46). Dit is onder andere wat Bybelvertaling so kompleks maak: die feit dat dit nie net oor die korrekte oordrag van die bronteks se inhoud gaan nie, maar ook oor die taak om hierdie inhoud ten spyte van die groot kulturele en temporele gaping vir die hedendaagse leser toeganklik te maak.

⁵ 'n Diepgaande bespreking oor ekwivalensie val buite die bestek van hierdie tesis, maar sien onder andere Halverson (1997), Kenny (1998), en Koller (1995).

Die kompleksiteit van Bybelvertaling lê ook daarin dat daar soveel faktore is wat 'n invloed het op die vertaling van die Bybel as antieke religieuse teks. Mojola (2002:210) noem 'n hele lys:

[C]ultural difference in the target language, socio-linguistic factors including those of language variety or dialect difference, gender issues, social status, educational level, population and demographic factors, age group factors, ideological orientation, confessional or denominational issues relating to doctrine or power, economic factors related to the translation and publishing process, issues of literacy and language planning, liturgical and Scripture use practices, life concerns and needs of the various audience groups, among others.

Invloede soos hier bo genoem, kan verreken word deur gebruik te maak van die funksionalistiese model (§ 2.6.2) – deur dit saam met die skopos in die vertaalopdrag van 'n bepaalde vertaling te spesifiseer.

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig verskaf oor die belangrikste Bybelvertalings deur die eeue (§ 2.2) met die hoop om insig te verkry in die besondere problematiek van Bybelvertaling wat in so 'n vertaalopdrag in ag geneem behoort te word. Die vertaalbenaderings wat met die vertaling van hierdie Bybels gevolg is, dien ook as inleiding tot die bespreking van Nida se vertaalmodel wat soveel invloed in Bybelvertaling sowel as vertaling oor die algemeen gehad het. Sy model word krities bespreek, waarna van die belangrikste ontwikkelinge in die taal- en vertaalkunde van die afgelope vyftig jaar genoem word as motivering waarom 'n nuwe vertaalmodel vir Bybelvertaling nodig is. Hierdie bespreking fokus op die Relevansieteorie (§ 2.5) waarvan aspekte deur Gutt op Bybelvertaling van toepassing gemaak is (§ 2.6.1) en Nord se weergawe van die funksionalistiese benadering tot vertaling (§ 2.6.2).

2.2 Benaderings tot Bybelvertaling deur die eeue

Nida beskryf Bybelvertaling met reg as “arguably the greatest undertaking in interlingual communication in the history of the world”, aangesien ten minste een

boek van die Bybel in 2009 tale en dialekte vertaal en publiseer is (1998:23). Die volgende oorsig fokus op algemene benaderings tot vertaling wat deur die eeue gevolg is, en wel aan die hand van belangrike Bybelvertalings wat as voorbeelde bespreek word.

2.2.1 *Septuaginta* (LXX)

Die *Septuaginta* is 'n Griekse vertaling van die Hebreeuse Ou Testament. Dit is ongeveer in die derde eeu v.C. vir die Jode in Alexandrië gemaak. Volgens een legende het 70 vertalers afsonderlik aan die vertaling gewerk en dit is as 'n teken van Goddelike inspirasie beskou toe die eindproduk van al 70 vertalings identies was (Delisle & Woodsworth 1995:163). Vandaar die afkorting LXX wat die Latynse afkorting is vir 70. Daar is 'n groot struktuurverskil tussen Semitiese tale (soos Hebreeus en Aramees) en Indo-Europese tale (soos Grieks en Latyn), dus skep dit probleme waar daar letterlik vertaal is. Nida wys egter daarop dat daar ook dele is waar 'n interpretasie en selfs parafrase in die vertaling gebruik word (1992:513). Daarom kan die *Septuaginta* nie noodwendig as 'n streng letterlike vertaling beskou word nie. Dit is duidelik dat die vertalers – in teenstelling met die bogenoemde legende – van uiteenlopende beginsels gebruik gemaak het.

Later het die *Septuaginta* die Bybel van die vroeë Christendom geword. Die skrywers van die Nuwe Testament het selfs verkies om Ou-Testamentiese gedeeltes uit die *Septuaginta* aan te haal eerder as uit die oorspronklike Hebreeuse Bybel (Nida 1992:513). Dit was een van die redes waarom die Joodse gemeenskap later die *Septuaginta* verwerp het: Dit was vir hulle onaanvaarbaar dat hierdie vertaling die oorspronklike teks vervang het, eerder as om slegs as aanvulling tot die *Tora*⁶ te dien.

In 325 n.C. verklaar Konstantyn die Christelike geloof as die amptelike godsdienst van die Romeinse Ryk. Ten spyte van die Ou Latynse weergawes wat reeds bestaan het, was daar van die tweede eeu af al sporadiese pogings deur Christene om die *Septuaginta* in Latyn te vertaal. Die uiteinde hiervan was die *Vulgaat* – afgesien van die *Septuaginta* was daar in die geskiedenis van Bybelvertaling nog nooit weer 'n

⁶ Die Tora verwys na die wet van Moses wat uit die eerste vyf boeke van die Ou Testament bestaan

weergawe wat so 'n groot invloed op die Christendom gehad het nie (Ewert 1983:178).

2.2.2 *Vulgaat*

In ongeveer 382 n.C. gee Pous Damasus I aan Hieronimus die opdrag om 'n amptelike hersiening van die Ou Latynse Bybel te maak (Delisle & Woodsworth 1995:168). Teen 406 n.C. voltooi hy die vertaling van die Hebreeuse Bybel en die belangrikste apokriewe boeke⁷. Sy vertaling was revolusionêr in dié sin dat hy as doeltaal 'n populêre vorm van Latyn gebruik het (Nida 1992:513) – iets wat Martin Luther later in Duits sou doen (§ 2.2.3).

Volgens Nida is Hieronimus se invloed op vertaling besonder belangrik, aangesien hy daarop aangedring het dat die betekenis belangriker is as die vorm (1998:23). Dit impliseer dat Hieronimus eerder vry as letterlik vertaal het – 'n benadering tot vertaling wat Nida self ook verkies (§ 2.3). Kritici soos Orlinsky en Bratcher (1991:14) meen egter dat Hieronimus nie hierdie benadering tot vertaling konsekwent toegepas het nie, en dat hy selfs op plekke agterlosig was. Volgens Kelly (1998:497) was Hieronimus se vertalings van kontemporêre Griekse skrywers se werke vryer as sy vertaling van die Bybel wat Kelly eerder as letterlik bestempel.

Dit het lank geneem voor die *Vulgaat* aanvaar is: Dit is eers in die 16de eeu as die amptelike Bybel van die Rooms-Katolieke Kerk erken (Delisle & Woodsworth 1995:169). Hierdie vertaling het egter soveel invloed gehad, dat dit vir bykans tien eeue die enigste Bybel was wat in die kerk gebruik is. Dit het ook die bronteks vir vertaling gebly tot en met die verskyning van die *Jerusalem Bible* in 1966 (Ellis & Oakley-Brown 1998:338). Die *Vulgaat* is 'n ekstreme voorbeeld van die mens se weerstand teen 'n nuwe vertaling van die Bybel: In hierdie geval is dit eers na ongeveer vyftien eeue amptelik aanvaar. Desnieteenstaande het dieselfde Bybel ook 'n voorbeeld geword van hoe geheg die mens aan 'n spesifieke Bybelvertaling kan raak.

⁷ Boeke wat nie in die kanon van die Bybel opgeneem is nie.

2.2.3 Martin Luther se Duitse vertaling

Net soos Hieronimus se Latynse vertaling, gebruik Martin Luther 'n populêre vorm van Duits: Sy volledige vertaling verskyn in 1534. Hierdie Duitse vertaling en Luther se boekie waarin hy sy vertaalbeginsels verdedig, naamlik *Sendbrief vom Dolmetschen* (1530), het belangrike nuwe sienings oor vertaalekwivalensie in Bybelvertaling bekend gestel (Nida 1998:23). In die *Sendbrief* plaas hy soveel klem daarop om die Bybel in die omgangstaal van die doelgehoor te vertaal, dat hy die werkwoorde *übersetzen* (om te vertaal) en *verdeutschen* (om te verduits) bykans as sinonieme gebruik (Bassnett 1991:49).

Waar teologiese beginsels ter sprake kom, is sy ideologie vir hom só belangrik dat hy die beginsel van effektiewe kommunikasie prysgee en dan 'n woord-vir-woord-vertaling gebruik (Kittel & Poltermann 1998:421) ten einde so getrou moontlik aan die bronteks te bly. Dit illustreer die uiters belangrike rol wat die vertaler se teologiese siening tydens die vertaalproses speel (bewus of onbewus) en dat geen Bybelvertaling dus as 'n objektiewe vertaling bestempel kan word nie.

2.2.4 William Tyndale se Engelse vertaling

Die laaste Bybel in hierdie bespreking wat deur 'n individu vertaal is, is dié van William Tyndale. Omdat dit onwettig was om die Bybel in Engels te vertaal, verlaat Tyndale Brittanje in 1524 om sy Nuwe Testament in Duitsland te gaan vertaal. Hy baseer sy vertaling op Erasmus se Griekse Nuwe Testament en gebruik die *Vulgaat*, die Luther-Bybel en Erasmus se Latynse Nuwe Testament as hulpbronne (Weiss 1990:39). Tyndale se vertaling van die Nuwe Testament (NT) is die eerste Engelse NT wat gedruk is. Omdat dit nie in Brittanje gepubliseer mag word nie, is hierdie Bybels teen 1526 ingesmokkel en onwettig verkoop (Ellis & Oakley-Brown 1998:337).

In 1534 publiseer Tyndale sy volledige Bybel – die eerste Engelse Bybel wat op die grondtale gebaseer is (Delisle & Woodsworth 1995:174). Na aanleiding van sy vertaling van die Bybel word Tyndale in 1536 tereggestel op grond van kettery. Dit is dus ironies dat groot dele van die Tyndale-vertaling later in 'n *Authorized Version* (*King James*) opgeneem is. Volgens Bassnett (1991:47) was sy doel om 'n glashelder vertaling aan die leek te verskaf. As gevolg daarvan dat soveel Bybelvertalings op

Tyndale se vertaling gebaseer is, word hy bestempel as die belangrikste individuele bydraer tot die Engelse Bybel (Lewis 1992:820).

2.2.5 *King James Version* (KJV)

In reaksie teen die *Geneefse Bybel* (1560) met sy uitgebreide Calvinistiese en anti-Roomse kantaantekeninge, gee Koning Jakobus (*James I*) van Engeland die opdrag dat 'n nuwe vertaling gemaak moet word wat vir al die partye in die kerk aanvaarbaar sou wees. 'n Komitee van ongeveer 50 geleerdes uit Westminster, Cambridge en Oxford is aangestel, waarna die *King James Version* (KJV), ook die *Authorized Version* genoem, in 1611 verskyn het.

Dit is eerder 'n hersiening as 'n nuwe vertaling: Die *Biskoppebybel* (1568) is as basis gebruik, hoewel die beskikbare grondtekste en Engelse Bybelvertalings ook geraadpleeg is. Geen kantaantekeninge kom voor nie, behalwe verduidelikings van problematiese Hebreeuse en Griekse woorde waarvan die betekenis nie in die teks self vervat kan word nie.

Hoewel vryer vertalings in daardie stadium gewild was, het die *King James* – 'n woord-vir-woord-vertaling – in so 'n mate inslag gevind dat daar in die volgende 250 jaar geen verdere hersienings daarvan gemaak is nie. Die sukses wat dié werk behaal het, kan veral daaraan toegeskryf word dat dit nie die werk van 'n enkele persoon was nie, maar dié van 'n uitgesoekte groep geleerdes wat onder streng kontrole gewerk het. Orlinsky en Bratcher (1991:39) is van mening dat hierdie Bybel se sukses veral toe te skryf is aan Brittanje se status as wêreldmoondheid. Wat die spesifieke redes ook al mag wees, die *King James* is, soos die *Vulgaat* (§ 2.2.2), 'n voorbeeld van hoe geheg die publiek aan 'n spesifieke Bybelvertaling kan raak.

Teen die einde van die 19de eeu was daar 'n negatiewe reaksie teen die beginsel om vry vertalings van die Bybel te skep (Nida 1992:513). Die gevoel was dat die “heiligheid” van die Skrif net deur 'n streng woord-vir-woord-vertaling bewaar kon word. Dit is dus geen verrassing dat hersienings van die *King James* – die *English Revised Version* en *American Standard Version* – sulke letterlike vertalings is nie. Volgens Nida (1992:513) is hierdie twee vertalings se eksegetiese akkurater en die

tekstuele basis wetenskapliker as dié van die KJV, hoewel nie een se styl bevredigend is nie.

2.2.6 *English Revised Version* (ERV)

Hierdie hersiening van die KJ is ook 'n woord-vir-woord-vertaling en is in 1881-1885 gepubliseer. Die doel was om die taalgebruik aan te pas terwyl daar so min moontlik aan die inhoud van die teks verander moes word. Die komitees het egter ouer manuskripte tot hulle beskikking gehad as die vertalers van die KJV en het hierdie veranderinge bygewerk (Hall 1881).

Waar die KJV verskillende Engelse ekwivalente vir 'n spesifieke woord gebruik het, het die *English Revised Version* net een Engelse woord gebruik. Dit het die styl nadelig beïnvloed en soms die betekenis verskans. Ook die NT-hersieners het nie genoeg aandag gegee aan die taalstyl nie – die Engels is te na aan die grondtale, wat veroorsaak dat die Bybel moeilik lees en dus nie so gewild was by die publiek soos die KJV nie (Metzger 2001:104).

'n Britse en Amerikaanse komitee het saamgewerk aan die ERV. Die Amerikaanse komitee se voorstelle om die taal te moderniseer, is egter grootliks geïgnoreer – vandaar die ontstaan van die *American Standard Version*.

2.2.7 *American Standard Version* (ASV)

Toe die Engelse kopiereg op die *English Revised Version* veertien jaar later verstryk, was die Amerikaanse komitee gereed met hulle eie weergawe: In 1901 is die *American Standard Version* gepubliseer. Die vertaling was so letterlik moontlik (Joubert 2002:30), hoewel hulle meer argaïese woorde en frases uitgehaal het as die ERV en ook Amerikaanse Engels in ag geneem het.

Hierdie weergawe het 'n meer leesbare styl gehad en het gewilder geword in Amerika as die ERV in Engeland. Tog het die ASV in Amerika, soos die ERV in Brittanje, nie die KJV vervang nie.

Nog 'n voorbeeld van mense se weerstand teen die vervanging van 'n bestaande Bybelvertaling, kan gevind word in die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Die

Nederlandse *Statebybel* (1637) is steeds in die vroeë twintigste eeu in Suid-Afrika gebruik. Die gebruik van Afrikaans in die kerk was nog grootliks onaanvaarbaar, dus het die eerste Bybelvertalings in Afrikaans (onder andere ’n vertaling vanuit die *Statebybel*) wye kritiek ontlok.

2.2.8 *Ou Afrikaanse Vertaling* (OAV)

Na die eerste onsuksesvolle pogings,⁸ het die drie Afrikaanse kerke in 1924 ’n span vertalers aangestel wat met ’n vertaling uit die grondtale begin het (Nienaber & Heyl, g.d.:46). Die *Ou Afrikaanse Vertaling* (OAV) is uiteindelik in 1933 uitgegee en is oor die algemeen goed aanvaar.

Volgens Fensham (1974:62) moes die vertalers “’n vertaling lewer wat die Bybellesers met hulle meeneem en hulle nie vervreem nie. Daarom is die Afrikaanse Bybelvertaling hoewel dit heelwat nuwe insigte bevat, so na moontlik aan die *Statevertaling* gehou.” Dit is dus ’n letterlike vertaling wat so na moontlik aan die Hebreeuse idioom bly, wat egter veroorsaak het dat die vertaling op sommige plekke nie verstaanbaar is nie (Weiss 1990:54). In die hersiene uitgawe (1953) is baie foute in die OAV reggestel, hoewel die meeste veranderings bloot taalkundig van aard was, byvoorbeeld punktuasie, spelling, woordkeuse en sinsbou wat aangepas is (Van Zyl & Swanepoel 1972:23-28).

Die skep van die OAV het die Afrikaanse taal sodanig beïnvloed dat dit nie meer as ’n “kombuistaal” nie, maar as ’n volwaardige skryf- en spreektaal bestempel is. Hierdie vertaling se gewildheid het in so ’n mate toegeneem dat daar selfs vandag gemeentes is wat die OAV bo die *Nuwe Afrikaanse Vertaling* van 1983 verkies (sien hoofstuk 4).

Twee van die belangrikste redes vir die hersiening van ’n bepaalde Bybelvertaling is, eerstens, om die taal aan te pas by die moderner taalidoom, en tweedens, om vooruitgang in velde soos linguistiek en argeologie in die nuwe vertaling te verdiskonteer. So het die *Revised Standard Version* byvoorbeeld baat gevind by

⁸ Twee voorbeelde is ds. S. J. du Toit se uiters letterlike vertaling (uit die grondtale) van dele van die Bybel wat van 1898 tot 1908 verskyn het (Nienaber & Heyl g.d.:17), en ’n komitee van predikante se Afrikaanse vertaling van dele van die *Statevertaling* wat in 1922 verskyn het (Smit 1970:231).

sommige van die *Dooie See Rolle* wat in die veertiger- en vyftigerjare naby Qumran ontdek is (sien § 2.4, voetnoot 13).

2.2.9 *Revised Standard Version (RSV)*

Die RSV is 'n hersiening van die *American Standard Version* en het in 1952 verskyn. Volgens Báez-Camargo (1980:439) het die vertalers nuwe insigte wat uit die teks van een van die Qumrantekste, naamlik die *Jesajarol*, verkry is, by hulle hersiening geïnkorporeer. Die vertalers het hulle ten doel gestel om die grondtekste self aan die woord te stel en het probeer om hulle teologiese siening op die agtergrond te hou. Hoewel dit op sigself nie heeltemal bereikbaar is nie, is hierdie benadering tot vertaling baie belangrik, aangesien die oorspronklike boodskap van die Bybel as religieuse teks so korrek moontlik oorgedra moet word. Die RSV is 'n tradisionele woord-vir-woord-vertaling en argaïese taal is behou, maar moderne lesers kan wel die Engels maklik verstaan.

Hoewel dit 'n Protestantse weergawe is, word die RSV ná die publikasie van die Apokriewe in 1957 amptelik deur die Rooms-Katolieke Kerk aanvaar. Die Rooms-Katolieke weergawe van die RSV se NT verskyn in 1965 (voorberei deur die *Catholic Biblical Association of Great Britain*) en die hele Bybel verskyn in 1966. Op 'n paar plekke is veranderings in belang van die Katolieke dogma aangebring. Die RSV het nie net die gewildste Bybelvertaling in Amerika geword nie, maar ook groot sukses in Engeland behaal.

2.2.10 *Jerusalem Bible (JB)*

Die eerste volledige Katolieke Bybel wat nie vanuit die Vulgaat nie, maar wel vanuit die grondtale in Engels vertaal is, is die *Jerusalem Bible* wat in 1966 uitgegee is. 'n Groep Franse priesters in Jerusalem het in 1956 die Franse *La Bible de Jérusalem* met uitvoerige kantaantekeninge gepubliseer. Die Engelse ekwivalent is uit die grondtale vertaal, terwyl die Franse vertaling in die oog gehou is en die Franse kantaantekeninge in Engels vertaal is. Dit lyk nie of die vertalers vooraf op 'n spesifieke vertaalteorie besluit het nie. Die *Jerusalem Bible* se Engels is meer idiomaties as dié van die RSV. Die resultaat is 'n Engelse Bybel wat maklik lees, sonder om die letterlike betekenis van die grondtekste prys te gee. Die *Jerusalem Bible* het die weg

gebaan vir die nuwe amptelike Engelse Bybel van die Rooms-Katolieke Kerk: die *New American Bible*.

2.2.11 *New American Bible* (NAB)

Die Rooms-Katolieke Kerk het verskeie Protestante geleerdes genooi om saam te werk aan die *New American Bible*. Die NT is reeds in 1941 gepubliseer, maar omdat dit oorspronklik vanuit die Vulgaat vertaal is (voor die magtiging van vertaling uit die grondtale in 1943) moes die NT oorvertaal word uit die Grieks. Die finale *New American Bible* is dus eers in 1970 gepubliseer.

'n Relatiewe woord-vir-woord-benadering tot vertaling is gevolg, hoewel die vertaling vryer is as die *English Revised Version* (§ 2.2.6) en die *American Standard Version* (§ 2.2.7). Die *New American Bible* se voetnote is minder as dié van die *Jerusalem Bible* en ook minder Katoliek van aard. Die vertaling is so gemaak dat dit vir liturgiese doeleindes sowel as studiedoeleindes en persoonlike stiltetyd gebruik kan word (Frerichs 1992:838).

Soos die NAB, is nog een van die min Engelse Bybels in die afgelope 425 jaar wat nie 'n hersiening nie, maar 'n totaal nuwe vertaling is, die *New English Bible*. Dit is die eerste van 'n hele reeks Engelse Bybels wat as vry vertalings bestempel kan word.

2.2.12 *New English Bible* (NEB)

Al die belangrikste Protestantse kerke in Brittanje het vir die eerste keer saamgewerk en die *New English Bible* in 1970 gepubliseer. Die vertalers het wegbeweeg van die woord-vir-woord-vertaalbenadering en daarop gefokus om die betekenis van die grondteks in Engels oor te dra. Hulle doel was dat die NEB nie soos 'n vertaling moet lees nie, maar soos 'n oorspronklike teks (Ewert 1983:233). Die idee was dus, soos dié van Hieronimus, om die betekenis eerder as die vorm oor te dra (sien § 2.2.2).

2.2.13 *Living Bible* (LB)

In 1971 publiseer Kenneth Taylor 'n parafrase van die ASV, naamlik die *Living Bible*. Omdat dit 'n interpretasie van 'n interpretasie is, is daar plekke waar die LB drasties van die grondteks verskil. Dit is veral op jongmense gemik, meer in 'n koerantstyl geskryf en is onvoldoende vir ernstige Bybelstudie. Volgens Nida (1998:24) het dié

Bybel se styl byval gevind, maar is sy eksegeese hewig gekritiseer. Dit was so gewild dat vertalings in ander tale ook dieselfde styl gevolg het, onder andere die Afrikaanse *Lewende Bybel* wat in 1982 uitgegee is (sien § 2.2.17).

2.2.14 *Good News Bible* (GNB of ook TEV)

In 1966 publiseer die *American Bible Society* ’n weergawe van die NT wat in die omgangstaal of “common language” van die dag geskryf is, naamlik *Good News for Modern Man: The New Testament in Today’s English Version*. Die NT se vierde uitgawe is saam met die OT in 1976 as die *Good News Bible* gepubliseer. Hierdie vertaling was oorspronklik bedoel vir mense met Engels as tweede taal, maar die werklike nismark was die hoofstroom Protestantse kerke in Amerika en Groot Brittanje (*Good News Bible*, 2004).

Die *Good News Bible* is volgens Nida se beginsel van dinamiese ekwivalensie (§ 2.3) vertaal waar die vertaler die betekenis van die oorspronklike boodskap (eerder as individuele woorde) in die doeltaal probeer oordra (Frerichs 1992:837). Die vertalers het daarin geslaag om ’n universele Engelse styl te handhaaf met ’n beperkte woordeskat, eenvoudige grammatika en kort sinne, terwyl die moderne metrieke stelsel gebruik is. Die GNB is wêreldwyd baie gewild en het sedertdien in verskeie tale verskyn.

Soos gesien kan word in die verskyning van die *King James* onder andere in reaksie op die *Geneefse Bybel* se eksplisiete Calvinistiese aard (§ 2.2.5) speel die teologiese siening van die teikengroep ’n deurslaggewende rol in Bybelvertaling. Volgens Grether (1992:849) is die *New International Version* se teikengroep konserwatiewe Protestantse wat van mening was dat die RSV te liberaal is.

2.2.15 *New International Version* (NIV)

Die NIV is deur 34 verskillende denominasies in die Engelssprekende wêreld onderneem en het in 1978 verskyn. ’n Amerikaanse sowel as ’n Britse uitgawe is uitgegee. Die vertalers het die ASV (§ 2.2.7) as basis gebruik en met effektiewe kommunikasie as primêre doel vertaal. Dit veronderstel ’n vryer vertaling, maar in werklikheid kan die NIV as ’n tipe hibried beskou word – geen eksplisiet geformuleerde teorie word konsekwent toegepas nie. Volgens Nida (1992:514) word

hedendaagse taal gebruik, terwyl daar vir bekende gedeeltes weer op tradisionele terminologie teruggeval word.

Soos gesien kan word aan Ewert (1983:248) se volgende uiting, het die vertalers van die NIV daarin geslaag om hulle spesifieke teikengroep te bereik: “The NIV is undoubtedly a monument to evangelical scholarship and one of the best all-purpose Bibles available to English-speaking Christians.”

Die neiging in die daarstel van Engelse vertalings om op die oordrag van die Bybelse boodskap te fokus en dus vryer te vertaal, vind ook neerslag in Afrikaanse vertalings. Nie net het die *Living Bible* (§ 2.2.13) gelei tot die soortgelyke Afrikaanse *Lewende Bybel* (§ 2.2.17) nie, maar ook die *Nuwe Afrikaanse Vertaling* het verskyn na aanleiding van die Afrikaanse leserspubliek se behoefte aan ’n meer verstaanbare Bybel in Afrikaans.

2.2.16 *Nuwe Afrikaanse Vertaling* (NAV)

Volgens Van Zyl en Swanepoel (1972:48) het die verskyning van die *New English Bible* (1970) en ’n vertaling van die NT, *Good News for Modern Man* (1966) hierdie behoefte aan ’n informeler vertaling by die Afrikaanse leser tot gevolg gehad. Die besef dat daar in die OAV, ten spyte van die hersiening van 1953, taal- en teksprobleme was wat aandag moes geniet, was nog ’n faktor wat aanleiding gegee het tot die publikasie van die *Nuwe Afrikaanse Vertaling* (NAV) in 1983.

Die NAV is nie ’n woord-vir-woord-vertaling soos die OAV nie. Hoewel nog teologies konserwatief, is beginsels van Nida se dinamiese ekwivalensie (§ 2.3) soos in die GNB toegepas. Die NAV het juis sy beslag gekry na ’n besoek van Nida aan Suid-Afrika in die sewentigerjare. Hy het dan ook voorgestel dat die NAV in die moderne omgangstaal vertaal word sodat die boodskap van die Bybel vir die gewone mens, en veral vir die jongmens van die dag verstaanbaar sou wees (Weiss 1990:10).

2.2.17 *Die Lewende Bybel* en *Die Boodskap*

Die Lewende Bybel was in 1982 die eerste volledige nie-amptelike Bybelvertaling in Afrikaans. Volgens die voorwoord was die vertalers se hoofdoel “om ’n vloeiende, maklik leesbare teks daar te stel” (*Lewende Bybel*, 1982). Dit is ’n vertaling uit die

Hebreeus en Grieks in die “lewendige styl en idiomatiese taalgebruik wat ’n kenmerk is van die Engelse *Living Bible*.” (§ 2.2.13). Net soos die *Living Bible* kan *Die Lewende Bybel* as ’n parafrase beskryf word.

Die nuutste Afrikaanse Bybelvertaling is *Die Boodskap* wat die eerste keer in 1997 deur die Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM) uitgegee is as ’n vertaling van die NT uit die Grieks. Dit maak, soos *Die Lewende Bybel*, gebruik van alledaagse Afrikaans – volgens die inleiding “die taal wat ons elke dag praat as ons by die etenstafel sit” (*Die Boodskap*, 1997:8). Dit is ’n vry vertaling wat die bedoeling van die bronteks weergee eerder as om woord-vir-woord te vertaal. Een van die redakteurs, Jan van der Watt, verwys na die volledige Bybel soos in 2002 uitgegee, wanneer hy sê dat dit ’n “kommunikasieteks [is] wat maklik lees” (*Die Kerkpad*, 2003). *Die Boodskap* is deur die Christelike boekhandelaars van Suid-Afrika (CBSA) aangewys as die beste Christelike publikasie van 2002 (Boekwurm, 2003).

Die voorafgaande oorsig oor die belangrikste Bybelvertalings deur die eeue is verskaf ten einde insig te verkry in sommige van die faktore wat ’n Bybelvertaling beïnvloed sodat sodanige faktore in die vertaalopdrag van ’n bepaalde vertaling verreken kan word. Dit blyk uit die oorsig dat die doelgehoor ’n bepalende rol speel in die karakter van ’n nuwe Bybelvertaling. Dit is een van die sentrale temas in ’n funksionalistiese benadering tot vertaling (§ 2.6.2): Die vertaling word geskep met die oog op ’n spesifieke funksie wat in daardie bepaalde doelkultuur verrig moet word. So was die OAV (§ 2.2.8) gerig op die leser wat die Bybel in die brontekskonteks wou lees en ’n formele vertaling vir liturgiese gebruik wou hê, terwyl *Die Boodskap* (§ 2.2.17) eerder as ’n informele vertaling tydens persoonlike stiltetyd gebruik word deur mense wat die Bybel in hulle eie konteks (doeltaalkonteks) en moderne omgangstaal wil lees.

Hierdie wipplankryery tussen formele of informele vertaling, of anders gestel, woord-vir-woord- of vry vertaling, word ook in bostaande oorsig weerspieël.⁹ Na die ou formele vertalings soos die *Septuaginta* en *Vulgaat* het Luther en Tyndale informeler vertalings gemaak. ’n Hele paar formele vertalings soos die KJV, OAV en RSV het gevolg, met informele vertalings soos die LB, GNB, NAV en *Die Boodskap* op hulle

⁹ Sien ook Tuggy (2003) vir ’n objektiewe oorsig oor die stryd tussen hierdie twee skole.

spoor. Soos gesien kan word aan hierdie laaste voorbeelde van informele vertalings, word Bybelvertaling sedert die tweede helfte van die twintigste eeu deur Nida se konsep van dinamiese ekwivalensie (later funksionele ekwivalensie genoem) gedomineer (§ 2.3).

Volgens Smith (2000:13) kan die invloed van funksionele ekwivalensie veral gesien word in sogenaamde “letterlike” vertalings soos die *New Revised Standard Version* (NRSV) wat in 1989 uitgegee is. Hoewel die NRSV in die voorwoord (The Holy Bible, 2004) amptelik daarop aanspraak maak dat dit ’n letterlike vertaling is, meen Smith dat dit heelwat meer idiomaties is as sy voorganger, die *Revised Standard Version* van 1952. Die groot aantal Bybelvertalings waarin dinamiese (of dan funksionele) ekwivalensie toegepas is, bevestig Carson se uitlating dat “*dynamic equivalence has won the day*” (1985:200) en agt jaar later is dit werklik geregverdig wanneer hy sê: “*dynamic (or functional) equivalence has triumphed*” (1993:41).

Dit blyk duidelik dat Nida vanaf die tweede helfte van die twintigste eeu ’n uiters belangrike rolspeler in die vertaling van die Bybel is: Volgens Edwin Gentzler (1993:44) is Nida se *Toward a Science of Translating* (1964) in daardie tydvak as die “Bybel” beskryf – nie net vir Bybelvertaling nie, maar ook vir vertaalteorie in die algemeen. Omdat soveel Bybels sedert die sestigerjare volgens funksionele ekwivalensie vertaal is, en dit die agtergrond vorm waarteen ’n nuwe era nou in die vertaalkunde aangebreek het (§ 1.2), word Nida se vertaalbenadering in die volgende afdeling in meer besonderhede beskryf en dan ook krities bespreek.

2.3 Nida se vertaalbenadering

Die milieu waar Nida sy navorsing oor vertaling gedoen het, was die sendingveld. Sy doel was evangelisasie, daarom staan die bronteks se boodskap sentraal in sy vertaalbenadering. Dit word bevestig in sy beskrywing van vertaling: “reproducing in the receptor language the closest natural equivalent of the source-language message, first in terms of meaning and secondly in terms of style” (Nida & Taber 1969:12). Hierdie fokus op die oordrag van die bronteks se boodskap weerspieël Nida se siening van vertaling as kommunikasie.

Hy baseer dan ook sy vertaalbenadering op die nuutste model van kommunikasie in die sestigerjare, naamlik die kodemodel. Die drie dele van die kodemodel is die sender, boodskap en ontvanger: die sender omskep (*transforms*) die boodskap in 'n stel eksterne tekens (*signs*) in 'n kode wat die ontvanger ook verstaan. Die sender dra hierdie boodskap oor aan die ontvanger, wat dan dieselfde kode gebruik om die boodskap te ontsyfer: “As an event of communication, the translation cannot be regarded merely as a document. It is a message which is to be received, decoded, and responded to by receptors . . .” (Nida 1979:324).

Deur sy vertaalbenadering op die kodemodel van kommunikasie te baseer, maak Nida twee fundamentele aannames¹⁰ (Smith 2000:11): Eerstens, wat in een taal gesê kan word, kan in 'n ander taal gesê word, hoewel Nida later erken dat die oordrag van die inligting nie noodwendig net so geslaagd is nie (1991:7), en tweedens, die universele menslikheid wat deur al die nasies gedeel word, elimineer die fundamentele verskille tussen tale (Nida 1964:2). Nida gebruik hierdie twee aannames as sy beginpunt, en die nuutste insigte in die taalwetenskap van daardie tyd om sy vertaalbenadering te funder.

Die taalwetenskap het beweeg vanaf die negentiende eeu se fokus op die geskiedenis en vorm van woorde (etimologie), na die bestudering van die sintaksis van 'n taal. Noam Chomsky was een van die eerste taalwetenskaplikes wat op die sin, eerder as op die woord begin fokus het. Nida het dan ook sommige konsepte wat Chomsky gebruik om taal te beskryf, op vertaling toegepas en sodoende 'n nuwe era vir vertaling binnegelei: Hy kon nou teoreties-gefundeerde redes verskaf waarom die Bybel eerder idiomaties as letterlik (woord-vir-woord) vertaal moes word (Gentzler 1993:46-47).

Net soos Chomsky, onderskei Nida tussen 'n taal se oppervlakstrukture (*surface structures*) en dieptestrukture (*deep structures*). Hy is van mening dat strukturele verskille tussen tale baie kleiner is op 'n dieptestruktuur as op 'n oppervlakstruktuur. Dus stel hy drie stappe vir die vertaalproses voor: eerstens, analise (*analysis*);

¹⁰ In afdeling 2.4 word hierdie aannames krities bespreek.

tweedens, oordrag (*transfer*); en derdens, herformulering (*restructuring*) (Smalley 1991:113).

Eerstens analiseer die vertaler die bronteks om die betekenis daarvan te bepaal, tweedens word die bronteks afgebreek tot kernsinne (*kernels*) en dan oorgedra na die ontvanger (*receptor*) se taal, en derdens herformuleer die vertaler hierdie kernsinne tot 'n doelteks in 'n idiomatiese weergawe van die ontvanger se taal. (Nida & Taber 1969:33-55)

Hierdie drie stappe van die vertaalproses beklemtoon die voorskriftelike karakter van Nida se teorie; so ook die stelsel van prioriteite wat gebruik kan word as riglyn wanneer 'n keuse in spesifieke vertaalsituasies gemaak moet word (Nida & Taber 1969:14):

- (1) kontekstuele konsekwentheid het prioriteit bo verbale konsekwentheid (of woord-vir-woord-ooreenkoms);
- (2) dinamiese ekwivalensie het prioriteit bo formele ooreenstemming;
- (3) die gesproke vorm van 'n taal het prioriteit bo die geskrewe vorm; en
- (4) vorme wat deur die doelgehoor verkies word, het prioriteit bo tradisionele vorme.

Hierdie voorskriftelikheid stem ooreen met ander teoretici soos Catford (1965), Wills (1982) en Newmark (1982, 1988) se linguisties-georiënteerde benadering tot vertaling waar hulle veral met die opstel van vertaalmetodes of -prosedures gemoeid is. Die voorskriftelikheid word ook gedemonstreer in die Kanadese taalkundiges, Vinay en Darbelnet (1958), se sewe vertaalmetodes wat selfs vandag nog gebruik word.

'n Baie belangrike aspek van Nida se siening van vertaling is die klem op die reaksie van die ontvanger. Hy maak kopsie teen die term “teikenleser” of *target* en sê dit is onvanpas omdat dit slegs impliseer dat die teiken van kommunikasie **getref** is, terwyl die persoon of persone aan wie die boodskap gerig is, glad nie passief is nie: “If the communication is a valid one, those who hear or read a communication must decode, or receive, the message. Hence the term ‘receptor’ is employed here to indicate this active and essential role.” (Nida 1972:310).

Volgens Nida is die verkryging van ’n soortgelyke reaksie (*similar response*) een van die vier basiese vereistes waaraan ’n vertaling moet voldoen (Nida 1964:164). Dit beteken dat die vertaling só gedoen moet word dat die leser van vandag min of meer dieselfde daarop sal reageer as die oorspronklike lesers. Hierdie konsep noem hy dinamiese ekwivalensie: “dynamic equivalence [is] the quality of a translation in which the message of the original text has been so transported into the receptor language that the response of the receptor is essentially like that of the original receptors.” (Nida & Taber 1969:202). Veral hierdie aspek van Nida se vertaalteorie is hewig gekritiseer (§ 2.4).

Jare later sê Nida (1982:428) dat sommiges die beginsel van dinamiese ekwivalensie heeltemal verkeerd verstaan het, dat dit nie net enige kontemporêre uitdrukking is wat ’n impak op die leser het en slegs in ’n mate met die bronteks ooreenstem nie. Volgens hom is die hele punt van dinamiese ekwivalensie om dit vir die hedendaagse leser moontlik te maak om die teks te verstaan soos die oorspronklike leser dit verstaan het. Hy beklemtoon egter dat so ’n vertaling histories korrek moet wees: “the circumstances of time, place, and custom must be thoroughly and accurately biblical”, maar hy voeg by dat dit in die idiomatiese doeltaal geskryf moet wees.

In die sewentiger- en tagtigerjare tree die tekslinguistiese benadering tot vertaling na vore¹¹ wat ekwivalensie op tekstuele en kommunikatiewe vlak nastreef. Van hierdie ontwikkelinge vind neerslag in die sosiolinguistiese benadering tot vertaling soos vervat in De Waard en Nida (1986). Hierin word die funksie van linguistiese strukture in kommunikasie beklemtoon en die term dinamiese ekwivalensie word vervang deur funksionele ekwivalensie. Die outeurs se rede vir hierdie vervanging gee hulle in die voorwoord: “[u]nfortunately, the expression ‘dynamic equivalence’ has often been misunderstood as referring to anything which might have special impact and appeal for receptors”.

Om funksionele ekwivalensie te verkry, word die boodskap só vertaal dat dit basies dieselfde betekenis oordra, maar geïnterpreteer met die ontvanger se konteks in gedagte. Nida (1991:6) beskryf dit ook as “translating a text into the language of the

¹¹ Sien byvoorbeeld Neubert & Shreve (1992) en Hatim & Mason (1990).

receptor culture in such a way as to approximate the impact and appeal of the original text in the source culture.” Hierdie aanhaling weerspieël weer eens die klem wat geplaas word op die verkryging van ’n soortgelyke reaksie by die doelgehoor.

Hierteenoor word formele ekwivalensie gestel: Waar funksionele ekwivalensie klem lê op die **betekenis** van die bronteks, lê formele ekwivalensie klem op die **vorm** van die bronteks. Formele ekwivalensie fokus die aandag op die boodskap self, op die vorm én die inhoud (Nida 1964:159). In ’n formeel-ekwivalente vertaling word die historiese afstand behou “to permit the reader to identify himself as fully as possible with a person in the source-language context, and to understand as much as he can of the customs, manner of thought, and means of expression.” (Nida 1964:159).

Volgens Nida se model is die bronteks nog steeds die maatstaf waarteen die vertaling gemeet word, maar daar word gefokus op geslaagde kommunikasie met die ontvanger. Nida (1982:428) sê die hele idee van funksionele ekwivalensie is “to make it possible for the present-day reader to understand what the original reader must have understood”. Om dit vir die leser makliker te maak om die boodskap te verstaan, meen hy dat ’n tipe informele taal (*common language*) gebruik moet word – dit is ’n oorvleueling tussen die verskillende vlakke van literêre taal en omgangstaal (*colloquial language*). Sy argument is dat die Evangelies juis in hierdie vorm van Grieks geskryf is (*Koine Greek*), en nie in die akademiese Hellenistiese Grieks nie (Nida 1991:6).

Nida het ’n uiters belangrike rol gespeel deur die vertaalkunde as formele navorsingsveld te help vestig. Linguistiese ontwikkelinge van daardie tyd het wel in sy vertaalbenadering neerslag gevind: Dit was ’n belangrike stap om die fokus in linguistiek en dus ook in vertaling vanaf die woord na die sin te verplaas. Tog het dit vir hom nie net oor die teorie gegaan nie, maar ook oor die toepassing daarvan in die praktyk. Vertalers in die sendingveld kon sy preskriptiewe teorie met sukses as “resep” gebruik om vertaalprobleme op te los en sodoende nuwe vertalings van die Bybel daar te stel.

In die sestigerjare was Nida se vertaalmodel wel teoreties goed gefundeer. Hy het die nuutste kommunikasiemodel van die dag, naamlik die kodemodel, asook Chomsky se

metataal gebruik as basis vir sy vertaalmodel wat hy dan op Bybelvertaling van toepassing gemaak het. Na aanleiding van nuwe ontwikkelinge in die taal- en vertaalkunde (§ 2.5 en 2.6) is dit duidelik dat die kodemodel onvoldoende is vir die beskrywing van vertaling. In die lig van hierdie ontwikkelinge kan Nida se vertaalmodel dus nie meer as 'n teoreties goed gefundeerde teorie beskryf word nie, en dit word in die volgende afdeling krities bespreek.

2.4 Kritiek teen Nida se vertaalbenadering

Nida se sosiolinguistiese model van vertaling het die konteks van die doeltaalkultuur beklemtoon. Later het teoretici hierop uitgebrei en dit gestel dat 'n vertaling nooit in 'n vakuum kan plaasvind nie: dat die tyd- en kultuurgebonde kriteria beskryf moet word. Dit het daartoe bygedra dat daar sedert die tagtigerjare wegbeweeg is van normatiewe en preskriptiewe vertaalteorieë (soos dié van Nida), omdat die fokus op die algehele konteks van die vertaling nie binne hierdie linguisties-georiënteerde teorieë verdiskonteer kon word nie. Ontwikkelinge in die tekslinguistiek is wel tot 'n mate in De Waard en Nida se *From one Language to Another* (1986) vervat, maar volgens die outeurs bly die eenheid van vertaling nog steeds die **sin**, terwyl die nuwe neiging is om die hele **teks** as die eenheid van vertaling te sien.

Nie net kon bogenoemde ontwikkelinge nie voldoende in Nida se model verdiskonteer word nie, maar selfs die basis daarvan, die kodemodel van kommunikasie, was onvoldoende vir die beskrywing van vertaling as verskynsel. Hierdie kommunikasiemodel veronderstel dat die sender en ontvanger albei dieselfde kode moet ken, aangesien die sender die boodskap in 'n stel eksterne tekens moet omskep en die ontvanger dan dieselfde kode moet gebruik om die boodskap te ontsyfer. Nida verwys hierna as die “universele menslikheid” wat deur al die nasies gedeel word, en wat die fundamentele verskille tussen tale elimineer (§ 2.3). In die geval van byvoorbeeld 'n koerantartikel wat vandag uit Afrikaans in Engels vertaal word, is hierdie universele menslikheid nog van toepassing. Die vertaling van die Bybel is egter problematies omdat die konteks van die bronteks- en doeltekssituasie net té veel verskil om deur die “universele menslikheid” vereenvoudig te word.

In die geval van Bybelvertaling is die konteks van die bronteks- en doeltekssituasie so ver van mekaar verwyderd veral as gevolg van die tydsverskil van twee millennia. In die eerste plek is die oorspronklike Bybelmanuskripte verlore, en bestaan daar slegs handgeskrewe kopieë wat baie foute kan bevat. In die tweede plek is die outeurs se taal aan ons onbekend. Na baie jare se bestudering van hierdie antieke tale is daar nog heelwat onsekerheid oor wat sekere gedeeltes beteken. Hier sluit Gentzler (1993:58) aan deur te sê dat “the text, as dense as it may be, and the exegesis, as lucid as it may be, are never complete. There will always be gaps, room for differing interpretation, and variable reception.” Selfs ’n persoon wat vandag Grieks en Hebreeus magtig is, sal nie die manuskripte verstaan nie, omdat die tale self soveel verander het oor die afgelope 2000 jaar.

Die bestaande kultuurverskille tussen byvoorbeeld die hedendaagse Israel en Suid-Afrika is reeds wesenlik en word deur bogenoemde temporele gaping verder vergroot. Tog is Nida van mening dat dit nie regtig ’n probleem is nie: “Everywhere, people share many more cultural similarities than differences, and even the differences between cultures are often less than the varieties of thought and behavior within specific cultures.” (1996:18-19). In Suid-Afrika beleef ons as die “reënboognasie” hoeveel misverstande daar kan ontstaan as mense nie genoeg kennis het van mekaar se verskillende kulturele gebruike en gewoontes nie. Dit is dus wel ’n wesenlike probleem – soveel te meer die verskille tussen die hedendaagse denkwysse en gewoontes teenoor dié van die Bybelse volke soveel duisende jare terug.

Nog ’n belangrike aspek van Nida se model wat deur die groot tydsverskil en kulturele verskille beïnvloed word, is die idee van soortgelyke reaksie en dus funksionele ekwivalensie. In die eerste plek weet ons nie wat die reaksie van die oorspronklike lesers op die tekste was nie – dit kan nie gemeet word nie, en dus kan dit nie as ’n kriterium dien om die geslaagdheid van ’n vertaling te bepaal nie (Vermeer 1998:52-53). In die tweede plek veroorsaak die tydsverskil en kulturele verskille ’n heel ander reaksie by vandag se lesers. Die Bybel word volgens vandag se waardes geïnterpreteer sonder dat ’n mens eers daarvoor nadink. Hierdie kriterium om die sukses van ’n vertaling te bepaal, is vaag en in die geval van Bybelvertaling onbereikbaar.

Die hoofdoel van funksioneel-ekwivalente vertalings is dat dit maklik moet lees en verstaanbaar moet wees. Dit beteken egter dat die doeltteks meer van 'n interpretasie is en dus meer deur die vertaler beïnvloed word, aangesien veral nie 'n religieuse vertaling objektief gedoen kan word nie. Gentzler is van mening dat die verskil tussen teksuitleg en vertaling in Nida se benadering begin verdwyn “since how the message is rendered and what remains of the original formulation seem to be less important than the explanation itself.” (1993:57). Ook volgens Venuti word die vertaler en die sendeling se rolle een (1996:204-5). Hierin is Nida se agtergrond as sendeling duidelik te bespeur: Hy beskou vertaling as 'n hulpmiddel tot evangelisasie (Porter 1999:31). Hoewel hierdie benadering vandag nog op die sendingveld gebruik kan word, is dit nie meer van toepassing op vertalings vir 'n doelgehoor aan wie die boodskap van die Bybel reeds bekend is nie. Vir dié groep veroorsaak Nida se “vertaling as teksuitleg” dat die oorspronklike teks só verdoesel word dat dit vir die hedendaagse leser onbereikbaar bly (Gentzler 1993:59).

Die rol van die vertaler as interpreteerder van die Bybel is uiters belangrik, juis omdat die deursneeleser 'n Bybel opneem en dit aanvaar as die volledige en juiste Woord van God – nie as die werk en interpretasie van 'n komitee vertalers nie. Dit is dan ook een van die redes waarom mense so geheg raak aan een spesifieke vertaling en nuwe vertalings baie moeilik aanvaar. Binne die vertaalkunde word daar al hoe meer op die proses en produk van vertaling gefokus: Studies het aan die lig gebring hoe die vertaler se kennis, ideologie en doelwitte sy/haar keuses wat in die vertaalproses gemaak word, beïnvloed (Van der Merwe 1999:297) – of die vertaler daarvan bewus is of nie. Dit is direk van toepassing op Bybelvertaling, aangesien die vertaler se teologiese siening implisiet of eksplisiet 'n uiters belangrike rol speel.¹² Martin Luther het as gevolg van teologiese redes afgewyk van sy normale vry vertaalstrategie en sekere gedeeltes woord-vir-woord vertaal (§ 2.2.3). Selfs in die veld van tekskritiek word 'n voorbeeld hiervan gevind, naamlik die *Dooie See Rolle*¹³ wat in die veertiger- en vyftigerjare naby Qumran ontdek is. Die Hebreuse tekste wat hier gevind is, stem grootliks ooreen met die Masoretiese Teks, maar volgens Báez-

¹² Sien ook Deist (1993) waarin die invloed van “intertekste” soos teologiese tradisie en ideologiese voorkeur op Bybelvertaling bespreek word.

¹³ Die *Dooie See Rolle* bevat afskrifte of fragmente van al die boeke van die Hebreuse Bybel (behalwe Ester) en baie van die Apokriewe boeke. Dit dateer uit die periode van 150 v.C. tot 74 n.C. (Harrelson 1991).

Camargo (1980:438) is daar bewyse dat daar op plekke veranderinge aan die teks aangebring is sodat dit by die Qumran-gemeenskap se teologie of spesifieke interpretasie aanpas.

In ons hoogs individualistiese samelewing van vandag is daar al hoe meer mense wat nie tevrede is met net die interpretasie van die vertaler nie, maar wat 'n behoefte het om self nader aan die bronteks en die vreemde kultuur te beweeg. Funksioneel-ekwivalente Bybelvertalings het 'n suksesvolle rol in sendingwerk sowel as in gevestigde kerke gespeel. Maar hierdie nuwe behoefte beteken dat daar ook plek is vir meer letterlike vertalings. Daarmee saam het ontwikkelinge in die kommunikasie- en vertaalkunde uitgewys dat die kodemodel, wat Nida se funksionele vertaling onderlê, nie 'n toereikende model is waarmee die proses van vertaling beskryf kan word nie.

Een van die ontwikkelinge in die taalkunde wat (sedert die formulering van Nida se vertaalmodel) tot groot debatte aanleiding gegee het, is Sperber en Wilson se beskrywing van die Relevansieteorie (1986). Aangesien die Relevansieteorie die basis vorm van een van die onlangse ontwikkelinge in die vertaalkunde, naamlik Gutt se siening van vertaling as 'n vorm van sekondêre kommunikasie (§ 2.6.1), word dit vervolgens kortliks uiteengesit.

2.5 Die Relevansieteorie

Dit word algemeen aanvaar dat daar 'n gaping is tussen die betekenis van sinne, en die gedagtes wat deur 'n spreker se uiting gekommunikeer word (Wilson & Sperber 1987:6). Die betekenis wat deur die uiting oorgedra word, is nie identies aan die betekenis soos dit linguisties in die uiting gekodeer is nie. Dus dra die grammatikale en leksikale komponente nie die totale betekenis van die uiting oor nie. Om suksesvolle kommunikasie te laat geskied, moet hierdie gaping gevul word, en dit word gedoen deur die kontekstuele faktore van die spesifieke situasie. Hoe dit presies gebeur, is egter nie duidelik nie (Smith 2000:34).

As 'n mens vertaling as kommunikasie wil beskryf, moet die onderliggende kommunikasiemodel kan verduidelik hoe hierdie gaping tussen die betekenis van die

sinne en die uitinge gevul word. Volgens Smith (2000:34) is dit juis waar die enigste bestaande kommunikasie-model tot en met die laat vyftigerjare – die kodemodel – tekortsiet. Volgens die kodemodel is daar ’n pragmatiese kode wat bekend is aan al die sprekers van ’n bepaalde taal wat dan sorg dat hierdie gaping gevul word. Dit is egter nie ’n bevredigende redenasie nie en een van die redes waarom ’n nuwe kommunikasie-model nodig was.

Grice het ’n alternatiewe model voorgestel¹⁴ waarvolgens die spreker bewyse lewer waarvan die gehoor dan die spreker se informatiewe bedoeling kan aflei (Smith 2000:33). Grice self het sy model net as ’n uitbreiding van die kodemodel van kommunikasie beskou (Sperber & Wilson 1986:24). Sy werk het egter die weg vir ander gebaan: Sperber en Wilson is baie beïnvloed deur sy benadering tot die pragmatiek en in 1986 publiseer hulle *Relevance: communication and cognition*. Volgens hulle is Grice se benadering tot die pragmatiek “undoubtedly better equipped than the code model to deal with the full range of pragmatic data, [but] leaves a number of important questions unanswered (Wilson & Sperber 1987:10). Hulle het Grice se model verfyn en hulle beskrywing van menslike kommunikasie die “Relevansieteorie” genoem.

Volgens hierdie model vind kommunikasie nie plaas slegs deur kodering (deur die spreker) en dekodeering (deur die gehoor) soos in die kodemodel beskryf word nie. Kommunikasie vind wel plaas wanneer die spreker in ’n poging om iets aan die gehoor te kommunikeer, bewyse lewer van sy/haar kommunikatiewe bedoeling. Die gehoor kan hierdie bewyse in die taal gekodeer vind, of van die konteks of situasie aflei; ’n kombinasie van hierdie twee is ook moontlik. (Gutt 1991:23-24)

Die Relevansieteorie is dus ’n ostensiewe inferensiële (*ostensive-inferential*) verduideliking van die werking van menslike kommunikasie (Smith 2000:35). Die spreker se rol is ostensief: Hy/sy verskaf verbale of nie-verbale bewyse van sy/haar informatiewe bedoeling in die vorm van ’n stimulus sodat die gehoor kan aflei wat hy/sy probeer kommunikeer. Die gehoor se rol is inferensieel (*inferential*): Hulle moet van die gegewe stimulus aflei wat die spreker aan hulle wil kommunikeer. Die

¹⁴ Sien Grice (1957; 1968).

probleem is egter dat 'n stimulus op meer as een wyse geïnterpreteer kan word, veral indien dit buite konteks beskou word. Neem die volgende eenvoudige voorbeeld wat deur 'n derde persoon gelees word:

Pa: "Gaan André vroeg by die huis wees vanaand?"

Ma: "Hy's by Elsabe."

Buite konteks gesien, kan hierdie antwoord óf ja, óf nee beteken, omdat die leser van die teks nie weet wie Elsabe is nie, en ook nie weet wat André en sy ouers se spesifieke situasie (of konteks) is nie. 'n Stimulus word egter nooit in 'n vakuum geproduseer nie, maar altyd in konteks, dus, as die leser weet wat die konteks is, sal hy/sy kan aflei wat die bedoelde betekenis van die ma se antwoord is.

Die vraag bly egter hoe konteks die verkeerde interpretasies kan elimineer en die spreker se bedoelde betekenis uitwys. Gutt se antwoord hierop is dat daar in 'n bepaalde konteks net een interpretasie is wat vir die gehoor (of leser) relevant sal wees: "the audience will assume that the first interpretation of the utterance consistent with the principle of relevance is the one intended by the communicator"¹⁵ (1991:38). Indien daar meer as een moontlike interpretasie is, het die spreker (of skrywer) nie daarin geslaag om 'n duidelike stimulus daar te stel nie. As bogenoemde voorbeeld deel is van 'n novelle en daar is meer as een karakter met die naam van Elsabe, het die skrywer nie ander interpretasies geantisipeer nie, en dus nie 'n voldoende stimulus aan die leser verskaf nie. Tog is dit belangrik om daarop te let dat die skrywer (of spreker) nie 100% ondubbelsinnig moet kommunikeer vir die kommunikasie om suksesvol te wees nie, maar eerder dat hy/sy die spesifieke gehoor se kontekstuele kennis in gedagte moet hou sodat hulle die uiting op die korrekte wyse sal interpreteer (Smith 2000:36).

Die menslike natuur speel hier 'n uiters belangrike rol. Wanneer 'n leser met 'n (moontlik dubbelsinnige) stimulus gekonfronteer word, aanvaar hy/sy outomaties dat die bedoelde betekenis dié een is wat vir hom/haar die relevantste is. Relevansie kan dus beskou word as die sleutel tot menslike kognisie. Die vraag is egter watter faktore bepaal of iets vir 'n bepaalde persoon relevant is of nie. Sperber en Wilson se

¹⁵ Hierdie relevansiebeginsel word deur Sperber en Wilson (1986:158) verduidelik as "Every act of ostensive communication communicates the presumption of its own optimal relevance".

antwoord hierop is dat inligting vir jou relevant is as daar 'n bepaalde wisselwerking is tussen hierdie inligting en 'n mens se bestaande aannames oor die wêreld. Die nuwe inligting kan jou bestaande aannames a) versterk, b) verswak, of c) daarop voortbou. As nuwe inligting iemand se aannames op een van hierdie wyses verander het, het daardie inligting volgens die Relevansieteorie kontekstuele effekte tot gevolg gehad (Gutt 1991:27). Dit is die eerste essensiële faktor wanneer relevansie bepaal word.

Die ander essensiële faktor wat bepaal hoe relevant iets vir 'n persoon is, is hoeveel tyd en energie hierdie persoon bereid is om daaraan te bestee (Gutt 1991:30). Indien die persoon bereid is om baie moeite te doen met 'n bepaalde saak, beteken dit dat hy/sy hierdie saak vir hom/haar as persoon as hoogs relevant beskou. Mense is van nature geneig om so min moontlik energie aan iets te bestee. Die stimulus wat die minste energie gaan neem om te verwerk, word dus as die relevantste stimulus en as die spreker se bedoelde betekenis gesien (Gutt 1991:26). Daar word na hierdie faktor as die prosesseringsfaktor verwys.

As gevolg van die interaksie tussen die bogenoemde twee faktore, naamlik kontekstuele effekte en die prosesseringsfaktor, gee Wilson en Sperber (1987:13) die volgende definisie van relevansie:

- a) *Other things being equal, the greater the contextual effects, the greater the relevance.*
- b) *Other things being equal, the smaller the processing effort, the greater the relevance.*

Om suksesvolle kommunikasie te bewerkstellig, neem die spreker dus die gehoor se konteks in ag sodat hulle die inligting as relevant genoeg sal bestempel om energie daaraan te bestee om dit te verwerk, sodat die spreker kontekstuele effekte by die gehoor kan bewerkstellig.

Betekenis hang af van die interaksie tussen die stimuli en konteks, dus kan 'n mens aflei dat indien een van hierdie faktore verander, die betekenis ook sal verander (Smith 2000:44). Dit het spesifiek vir Bybelvertaling verreikende gevolge, juis omdat die konteks van die skrywer en die leser so drasties verskil. As daar byvoorbeeld in

die Bybel staan dat jou kop in die tempel bedek moet wees, beteken dit nie dat vroue selfs vandag nog hoede in die kerk moet dra nie. In Bybelvertaling is dit nie net die groot konteksverskil wat probleme skep nie, maar ook dat vandag se leser nie noodwendig die stimuli (dus die antieke taal) reg interpreteer nie. Van der Merwe (2001:4) noem byvoorbeeld dat daar nie 'n verteenwoordigende monster van Bybelse Hebreeus as taal beskikbaar is nie, en dat daar gevolglik baie uitdrukkings is waarvan die betekenis nie heeltemal duidelik is nie.

Gutt het raakgesien dat insigte van die Relevansieteorie op vertaling en heel moontlik ook Bybelvertaling toegepas sou kon word. Sy direkte en indirekte vertaling is 'n belangrike uitvloeisel hiervan. Sy poging tot die formulering van 'n omvattend-verklarende vertaalteorie word in die volgende afdeling (2.6.1) beskryf. 'n Verdere ontwikkeling in die vertaalkunde is die verskyning van funksionele benaderings tot vertaling. Dit word in afdeling 2.6.2 bespreek met die doel om die agtergrond te verskaf waarteen kenners besluit het om die vertaalprojek in Stellenbosch volgens die funksionalistiese model aan te pak (§ 1.3 en 3.2).

2.6 Ontwikkelinge in die vertaalkunde

Veral oor die afgelope vyftig jaar het daar baie ontwikkelinge op die gebied van die vertaalkunde plaasgevind. Dit het uiteenlopende benaderings tot gevolg gehad wat mekaar nie vervang het nie, maar nog steeds langs mekaar bestaan, onder andere die linguistiese, tekslinguistiese en funksionalistiese benaderings, sowel as Beskrywende Vertaalstudie (*Descriptive Translation Studies*). In elk van hierdie benaderings word daar egter op verskillende aspekte van vertaling gefokus, met die gevolg dat teoretici nog nooit daarin kon slaag om genoeg raakpunte te vind sodat een omvattende vertaalteorie geskep kon word nie.

Volgens Schäffner (2001:4) het daar 'n duidelike verskuiwing plaasgevind vanaf die meer tradisionele siening van vertaling as die reproduksie van 'n teks na meer dinamiese benaderings wat fokus op die onderskeie funksies van die teks in sy kommunikatiewe omgewing – funksies wat deur die sosiohistoriese omstandighede van die doelteks bepaal word. Nida se benadering tot vertaling het begin by die reproduksie van die sin (1964), en ontwikkel tot die reproduksie van die teks (in sy

sosiolinguistiese model van De Waard en Nida (1986)). Sy model vorm dus deel van die “meer tradisionele siening van vertaling” soos Schäffner dit noem. Twee ontwikkelinge waar wel sterk fokus geplaas word op die kommunikatiewe omgewing van die doeltteks, is eerstens, Gutt (1991; 2000) se toepassing van Sperber en Wilson se Relevansieteorie op vertaling, en tweedens, die funksionalistiese benadering tot vertaling soos vervat in onder andere Vermeer (1989, 1996) en Nord (1991a, 1997b).

2.6.1 Direkte en indirekte vertaling

Gutt het Sperber en Wilson se voorstel van ’n nuwe model van kommunikasie in ag geneem en geargumenteer dat die Relevansieteorie gebruik kan word om ’n raamwerk te skep waarbinne vertaling beskryf en beoefen kan word. Dit was sy poging om een omvattende vertaalteorie daar te stel. In die loop van sy studie het hy egter van mening verander: Hy beweer dat die Relevansieteorie op sigself voldoende is en dat ’n afsonderlike vertaalteorie nie nodig is nie (1991:viii). In Bybelvertaalteoriekringe is daar hewige kritiek hierteenoor uitgespreek.¹⁶ In die tweede uitgawe van *Translation and relevance: Cognition and context* (2000) maak hy dit egter duidelik dat die boek ten doel het om ’n teoretiese beskrywing van vertaling te wees en dat die fokus is “to explain how the phenomenon of translation works. It does not constitute or advocate a particular way of translating” (2000:203). Die praktiese implikasies van Gutt se toepassing van die Relevansieteorie op vertaling word verder ondersoek (sien hoofstuk 3).

Gutt sien vertaling as ’n vorm van sekondêre kommunikasie: Die doeltteks funksioneer nie as ’n oorspronklike teks nie, maar as ’n getroue weergawe en interpretasie van die bronteks. Na aanleiding van die twee tipes aanhaling (direk¹⁷ en indirek¹⁸) stel hy twee breë benaderings tot vertaling voor, naamlik direkte vertaling en indirekte vertaling.

¹⁶ Sien byvoorbeeld Wendland (1996a).

¹⁷ ’n Voorbeeld van direkte aanhaling: Deirdre sê: “My ouers gaan saam met ons op vakansie.”

¹⁸ ’n Voorbeeld van indirekte aanhaling: Deirdre sê haar ouers gaan saam met hulle op vakansie.

Die verskil tussen direkte en indirekte vertaling word verduidelik deur die verskillende wyses waarop die stimuli¹⁹ hanteer word. Aan die een kant probeer direkte vertaling om die linguistiese eienskappe van die oorspronklike stimulus te herproduseer: direkte vertaling “depend on resemblance in linguistic properties” (Gutt 1991:126). Aan die ander kant kommunikeer indirekte vertaling die betekenis van die oorspronklike op só ’n wyse dat dit vir die doelleser in sy eie konteks sin maak.

In indirekte vertaling lê die klem daarop dat die interpretasie van die bronteks en die interpretasie van die doelteks moet ooreenkom: indirekte vertaling “depend on resemblance in cognitive effects” (Gutt 1991:126). Die doel is dat die leser van die bronteks (die vertaler) en die leser van die doelteks ooreenstemmende aannames moet maak. Die vertaler moet die vraag vra of die interpretasie van die persoon wat die doelteks lees, gaan ooreenstem met dit wat die vertaler uit die bronteks verstaan het. Die oorspronklike konteks is dus van belang vir die vertaler, maar nie vir die leser van die doelteks nie.

Omdat die doelteksleser nie kennis dra van die oorspronklike konteks nie, moet eksplisiete sowel as implisiete inligting oorgedra word. Dit is egter baie keer onmoontlik, dus stel Gutt dit dat die doelteks in ’n indirekte vertaling nie ál die inhoud hoef weer te gee nie, maar wel dit wat vir die doelteksleser die relevantste is, en dat hierdie inligting dan akkuraat moet wees (2000:105-107). Die graad van ooreenstemming tussen die twee tekste hang dus af van wat die leser as relevant beskou. Aangesien die Bybel ’n religieuse dokument is, verwag die meeste Bybellesers ’n hoë graad van ooreenstemming tussen die bronteks en die vertaling.

Effektiewe kommunikasie word dus bepaal deur relevansie – deur dit te kommunikeer wat vir die gehoor relevant is. Die doelteks moet ooreenkom met die bronteks “only in those respects that can be expected to make it adequately relevant to the receptor language audience” (Gutt 1991:102). Die toepassing van hierdie beginsel beteken ook dat, soos reeds genoem, ’n indirekte vertaling klem plaas op die moderne leser se

¹⁹ Sperber en Wilson (1986) verwys na ’n stimulus as ’n verskynsel wat ontwerp is om kognitiewe effekte te verkry. In die konteks van vertaling kan dit dus as die eksplisiete en implisiete inligting in die bronteks geïnterpreteer word.

konteks, en nie op dié van die oorspronklike leser nie. Dit het drie belangrike punte tot gevolg.

Eerstens moet die vertaler die doelleser se kognitiewe omgewing antisipeer en hoe dit die doelleser se interpretasie van die vertaling sal beïnvloed. In die lig hiervan moet die vertaler bepaal of die boodskap suksesvol oorgedra kan word. Tweedens moet die vertaler die boodskap op so 'n wyse uitdruk dat die doelleser in sy bepaalde konteks genoeg eksplisiete en implisiete inligting kan onttrek. Laastens moet die vertaler kompenseer vir die reuse sosio-kulturele verskuiwing wat plaasgevind het vanaf die oorspronklike na die moderne konteks.

Direkte vertaling het nie, soos indirekte vertaling, ten doel om onmiddellike kognitiewe effekte by die leser te skep nie, maar om 'n teks te produseer wat dieselfde interpretasie tot gevolg sal hê deur gebruik te maak van dieselfde kontekstuele aannames as die oorspronklike. Dit word gedoen deur die linguistiese eienskappe van die brontaal te behou, wat die leser dan die kans gee om self die betekenis en bedoeling van die oorspronklike outeur af te lei (op voorwaarde natuurlik dat die leser die oorspronklike kontekstuele aannames in gedagte hou).

Die waarde van die behoud van die linguistiese eienskappe lê nie in die behoud van die vorm op sigself nie, maar eerder in dié sin dat die vorm kommunikatiewe leidrade (*communicative clues*) aan die leser verskaf. Volgens Gutt word die leser deur hierdie kommunikatiewe leidrade gelei na die interpretasie wat deur die outeur bedoel is (1991:127). 'n Vertaling wat dus al die kommunikatiewe leidrade van die oorspronklike kan herproduseer en wat gelees word met die oorspronklike se konteks in gedagte, behoort dieselfde interpretasie as die oorspronklike tot gevolg te hê (1991:128).

Die probleem is dat geen twee tale dieselfde linguistiese eienskappe het nie, met die gevolg dat wanneer alle linguistiese eienskappe oorgedra word, 'n onnatuurlike vertaling geskep word wat moeilik verstaanbaar is. Dit is egter nie die doel van Gutt se direkte vertaling nie. Volgens Smith (2000:60) is idiomatiese taalgebruik deel van die bronteks se kommunikatiewe leidrade. Wanneer dit dus onmoontlik is om die linguistiese vorm sowel as die kommunikatiewe leidraad te behou, mag die vertaler 'n

grammatikale verandering aanbring sodat die doelteks idiomaties en verstaanbaar is. Die linguistiese eienskappe word dus funksioneel behandel, en nie formeel nie (Smith 2000:59). Strukture wat kommunikatiewe leidrade in die brontaal bevat maar niks in die doeltaal beteken nie, kan byvoorbeeld vervang word met strukture wat dieselfde kommunikatiewe leidrade in die doeltaal bevat.

Direkte vertaling word dus gebaseer op kommunikatiewe leidrade (Gutt 2000:134) wat beteken dat die linguistiese eienskappe behou word (eerder as die kognitiewe effekte), en dat dit funksioneel behandel word (eerder as formeel) sodat die leidrade oorgedra kan word in 'n natuurlike doeltaal. Dit is belangrik om daarop te let dat die vind van hierdie leidrade beteken dat die vertaler besig is om die teks te interpreteer: “[it] give[s] the audience the possibility of reconstructing for itself the meaning intended by the original communicator, provided it uses the contextual assumptions envisaged for the original act of communication” (Gutt 2000:169). As daar nie 'n deeglike eksegeese gedoen word nie, en die vertaler nie 'n deeglike kennis van die brontaal en -kultuur het nie, sal die vertaling daaronder ly.

In teenstelling met indirekte vertaling, waar **soveel moontlik** van die oorspronklike teks se aannames oorgedra word, word daarna gestreef om deur direkte vertaling ál die aannames na die doelteks oor te dra. Daarom is dit so belangrik dat die vertaler 'n deeglike kennis van die brontaal en -kultuur het: Al die kommunikatiewe leidrade moet oorgedra word sodat die leser (met sy/haar kennis van die oorspronklike konteks) die outeur se boodskap kan ontsyfer. Dit bring 'n groot verskil tussen formele ekwivalensie en direkte vertaling na vore, naamlik die agtergrondkennis waaroor die leser moet beskik. Om 'n formeel-ekwivalente vertaling te kan lees, moet die leser 'n kennis hê van die oorspronklike konteks sowel as die linguistiese struktuur van die brontaal – juis omdat die linguistiese strukture formeel vertaal word. Maar omdat die linguistiese strukture in 'n direkte vertaling funksioneel vertaal word, hoef die leser slegs 'n kennis te hê van die bronkultuur (dit wil sê die oorspronklike konteks).

As 'n mens vertaling benader vanuit die hoek van kommunikatiewe leidrade wat oorgedra word, is daar in direkte vertaling 'n balans tussen dit wat formeel vertaal word, en dit wat funksioneel vertaal word. Hoewel die vertaler die teks reg moet

interpreteer, vertaal hy/sy slegs die eksplisiete inhoud van die teks (formele vertaling), terwyl die linguistiese strukture waar nodig aangepas word om natuurlik te klink in die doeltaal (funksionele vertaling). Implisiete inligting word nie eksplisiet gemaak nie, omdat die leser kennis dra van die bronkultuur en dus die nodige afleidings behoort te maak. Wat die geskiedenis, kultuur en terminologie betref, word die geskiedkundige afstand behou sodat die teks sal sin maak in die (oorspronklike) konteks waarin dit gelees word. Hierdie geskiedkundige afstand word egter verwyder wanneer linguistiese strukture, soos reeds genoem, funksioneel vertaal word. Direkte vertaling handhaaf dus 'n balans tussen letterlike en funksionele vertaling (Smith 2000:70).

Gutt wil 'n bydrae maak tot die formulering van 'n omvattend-verklarende vertaalteorie deur insigte van die Relevansieteorie op vertaling toe te pas. Dit was 'n hipotese in die Stellenbosch-vertaalprojek (sien § 3.2.1) dat sy direkte en indirekte vertaling as vertaalstrategieë met sukses op Bybelvertaling toegepas sou kon word. (Die vertaalprojek se hipotese word in hoofstuk 3 getoets.) Nog 'n prominente ontwikkeling in die vertaalkunde is die Funksionalisme (Skoposteorie). Dit is die raamwerk waarbinne Gutt se direkte en indirekte vertaling prakties op Bybeltekste toegepas is (sien hoofstuk 3), en word in die volgende afdeling bespreek.

2.6.2 Funksionalistiese benaderings tot vertaling

Teoretici wat met 'n funksionalistiese benadering tot vertaling geassosieer word, is onder andere Vermeer, Reiss en Nord. Vermeer het die Skoposteorie in die sewentigerjare geformuleer – die naam is afgelei van die Griekse woord *skopós* wat “funksie” of “doel” beteken. Die skoposreël vorm die basis van hierdie teorie: “Human interaction (including translation as its subcategory) is determined by its purpose (scopos), and therefore is a function of its purpose” (Vermeer 1983:54, in Nord 1991a:93). Vertaling word as 'n spesifieke tipe kommunikatiewe handeling gesien en omdat elke handeling 'n spesifieke doel het, is die belangrikste kriterium vir enige vertaling sy doel of funksie (*skopós*).

Die hoofargument van die funksionalistiese benaderings is dat 'n teks met 'n spesifieke doel of funksie in gedagte geproduseer en ontvang word. Die beginpunt van enige vertaling is dus nie die linguistiese oppervlakstruktuur van die bronteks nie,

maar die funksie van die doeltteks. Hulle beskou vertaling eerstens as professionele teksproduksie ten einde interkulturele kommunikasie te bewerkstellig, en tweedens as ’n sosiale en kognitiewe handeling wat deur kundiges uitgevoer word (Schäffner 2001:4).

Hierdie sterk fokus op die doeltteks en doelkultuur word in Vermeer se definisie van vertaling weerspieël: “To translate means to produce a text in a target setting for a target purpose and target addressees in target circumstances” (1987:29 in Schäffner 2001:15). Dit beteken nie dat die bronteks geïgnoreer word of onbelangrik is nie, maar eerder dat die beginpunt van ’n vertaling is om te bepaal wie die doelgehoor is, en wat die funksie van die doeltteks in daardie doelkultuur gaan wees. Dit beïnvloed nie die belangrikheid van die bronteks nie – iets wat veral in Bybelvertaling van belang is – maar bepaal wel die vertaalstrategieë wat gebruik gaan word.

Nord maak haar eie bydrae tot die Skoposteorie. Die skopos of funksie van die vertaling word vervat in die “vertaalopdrag” (*translation brief*) wat die kliënt aan die vertaler gee, met soveel moontlik besonderhede oor onder andere die doelkultuur. Omdat die skopos die belangrikste element in die vertaalproses is, word die geslaagdheid van die vertaling daaraan gemeet. Daar kan dus verskeie “korrekte” vertalings vir een bronteks wees, afhangende van wat in die vertaalopdrag gespesifiseer is. Die geslaagdheid van ’n vertaling word nie meer aan die bronteks gemeet nie, maar of daar aan al die kriteria in die vertaalopdrag voldoen is.

Nord (1997a:51) onderskei tussen twee tipes vertaalprosesse. In die eerste proses word ’n dokument in die doeltaal geskep waarin aspekte van ’n kommunikatiewe interaksie tussen ’n bronteksskrywer en brontekslesers in die konteks van die brontaalkultuur weergegee word. (Die eerste proses is dus bronteks-georiënteerd.) In die tweede proses word ’n dokument as instrument in die doeltaal geskep waarin aspekte van die bronteks gebruik word om ’n nuwe kommunikatiewe interaksie tussen die bronteksskrywer en doelttekslesers weer te gee. (Die tweede proses is dus doeltteks-georiënteerd.)

Na aanleiding van hierdie twee tipes vertaalprosesse, formuleer Nord die konsepte dokumentêre vertaling en instrumentele vertaling (1997b:47-52). By dokumentêre

vertaling word 'n teks geproduseer wat hoofsaaklik metatekstueel van aard is: Die doelteks is 'n teks oor aspekte van die bronteks (1997b:47). Hierdie teks word as 'n vertaling gemerk deur byvoorbeeld die bronteks en/of die naam van die vertaler aan te dui. Verder is daar verskillende vorme van dokumentêre vertaling waarin daar telkens op ander aspekte van die bronteks gefokus word, naamlik interliniêre, letterlike, filologiese en eksotiserende vertaling.

Wanneer daar op die morfologiese, leksikale of sintaktiese eienskappe van die brontaal gefokus word, word 'n interliniêre vertaling geskep. Nord noem dat dit gebruik kan word ten einde die strukturele kenmerke van die een taal deur middel van die ander taal te illustreer. 'n Letterlike vertaling word geskep wanneer sintaktiese strukture en die idiomatiese gebruik van woorde vanuit die brontaal volgens die norme van die doeltaal aangepas word. Dit kan onder andere in nuusberigte gebruik word waar dit noodsaaklik is om 'n persoon absoluut korrek aan te haal. Wanneer die bronteks redelik letterlik weergegee word, terwyl toepaslike kulturele en/of taalkundige toeligting in byvoorbeeld voetnote geplaas word, word 'n filologiese vertaling geskep. Volgens Nord is veral die vertalings van klassieke tekste en die Bybel filologies van aard. As die tyd en plek waarin 'n fiktiewe verhaal (bv. in 'n roman) in 'n dokumentêre vertaling onveranderd gelaat word, word 'n eksotiserende vertaling geskep. Dit beteken dat daar 'n gevoel van vreemdheid of kulturele afstand by die doellesers geskep word. (Nord 1997b:48-50)

Dokumentêre vertaling is 'n tipe vertaalproses “which aims at producing in the TL a kind of document of (certain aspects of) a communicative interaction in which a source-culture sender communicates with a source-culture audience via the ST under source-culture conditions” (Nord 1997b:138). Dokumentêre vertaling het dus ten doel om die vreemdheid van die bronteks en bronkultuur te behou, hoewel dit in die doeltaal vertaal word. 'n Toepassing hiervan op Bybelvertaling is dat die doeltaal idiomaties aangewend word, maar dat die beskrywing van die vreemde kulturele gebruike behoue bly. Dit stem ooreen met Gutt se direkte vertaling (§ 2.6.1), hoewel dit verskil in dié opsig dat **al** die kommunikatiewe leidrade volgens Gutt oorgedra moet word, en nie net **sekere aspekte** van die kommunikatiewe interaksie volgens Nord nie.

Instrumentele vertaling, daarenteen, is 'n tipe vertaalproses “which aims at producing in the TL an instrument for a new communicative interaction between the source-culture sender and a target-culture audience, using (certain aspects of) the ST as a model” (Nord 1997b:139). In 'n instrumentele vertaling word die bronkultuur vir die doelgehoor geïnterpreteer en na die konteks van die doelkultuur verplaas. 'n Voorbeeld hiervan is die vertaling van 'n advertensie: Om die appellatiewe funksie suksesvol te vervul (ten einde die produk te verkoop), moet die dokument volgens die waardes van die doelkultuur vertaal word. Dit kan veroorsaak dat 'n totaal nuwe teks geskep moet word.

Die gevolg van 'n instrumentele vertaalproses is 'n teks wat moontlik dieselfde omvang en funksies as 'n nievertaalde teks kan hê (Nord 1997b:50). Daar kan in die vertaalopdrag gespesifiseer word of die doelteks dieselfde of 'n ander funksie in die doelkultuur moet vervul as dié van die bronteks in die bronkultuur. Wanneer die skopos dieselfde is vir die twee tekste, bly die funksie konstant en word daar gepraat van *Funktionskonstanz* of ekwifunksionele vertaling. Wanneer die skopos van die twee tekste verskil, vind daar 'n verandering van funksie plaas en is die term *Funktionsveränderung* (Schäffner 2001:15) of heterofunksionele vertaling van toepassing. 'n Toespraak van Robert Mugabe wat hy in sy parlement lewer, kan gebruik word om die konsep *Funktionsveränderung* te verduidelik. Wanneer hierdie toespraak vertaal en in 'n Duitse koerant gepubliseer word, het die funksie verander van motiverend (bronteks in Zimbabwe, die bronkultuur) na informatief (doelteks in Duitsland, die doelkultuur). Indien die doelteks dieselfde funksie as die bronteks moet vervul (*Funktionskonstanz*), kan daar 'n verhouding van “intertekstuele samehang” of “getrouheid” tussen hierdie twee tekste bestaan, maar getrouheid sal altyd aan die skoposreël ondergeskik bly. Hierdeur word die kontroversiële konsep van ekwivalensie onttron: Die geslaagdheid van die vertaling hang af van die skopos van die doelteks.

Nog 'n kontroversiële onderwerp wat volgens Schäffner (2001:15-16) deur bogenoemde onderskeid tussen *Funktionskonstanz* en *Funktionsveränderung* oorbodig gemaak word, is die eeuelange debat oor letterlike teenoor vry vertaling (sien ook § 2.2). Niefunksionalistiese benaderings (hoofsaaklik linguïsties-georiënteerd) aanvaar gewoonlik dat alle vertalings die funksie van die bronteks moet

behou. Wanneer daar egter tussen *Funktionskonstanz* en *Funktionsveränderung* onderskei word, is enige vertaalmetode en -prosedure ewe geldig solank die skopos van die doeltteks daardeur bewerkstellig word.

Die Bybel bestaan uit 'n wye verskeidenheid tekstipes wat nie dieselfde kommunikatiewe funksie in die moderne samelewing as in die oorspronklike doelkultuur kan vervul nie (Nord 2001a:18; Naudé 2002:59). Dit beteken dat daar in die vertaalopdrag ideaalgesproke vir elke Bybelboek gespesifiseer moet word of die funksie dieselfde bly of verander; of *Funktionskonstanz* of *Funktionsveränderung* ter sprake is; of ekwifunksionele of heterofunksionele vertaling toegepas moet word. Die fokus het dus vanaf letterlike teenoor vry vertaling na die doeltteks se spesifieke funksie (skopos) verskuif wat in die vertaalopdrag gespesifiseer moet word en waarvolgens die vertaalstrategieë dan bepaal kan word.

Na aanleiding van die klem op die doeltteks se skopos en die vertaalopdrag kan die indruk gewek word dat die funksionalistiese benadering die bronteks as onbelangrik ag en dus nie op Bybelvertaling van toepassing gemaak kan word nie. Nord het raakgesien dat daar 'n onbeperkte aantal moontlike funksies (skopoi) vir 'n doeltteks kan wees, en dat die mate waarin 'n vertaler van die bronteks kan wegbeweeg, ook nie beperk word nie. Volgens haar is die skoposreël 'n uiters algemene reël wat ook geparafraseer kan word as “the translation purpose justifies the translation procedures” (1997b:124). Daarom voeg sy die konsep “lojaliteit” by wat sy definieer as “the responsibility translators have toward their partners in translational interaction” (1997b:140).

Die lojaliteitskonsep impliseer dat die vertaler die konvensies van die spesifieke vertaalsituasie in ag moet neem. Dit behels twee stellingkonvensies, naamlik dié van die doelkultuur sowel as dié van die brontekskultuur, aangesien Nord vertaling as 'n kommunikatiewe aktiwiteit beskou wat albei kulturele gemeenskappe omsluit. Die skopos van die spesifieke vertaling bepaal watter een van hierdie twee stellingkonvensies die grootste invloed op die vertaalproduk gaan hê (Nord 1991a:99). Indien die vertaalopdrag *Funktionsveränderung* vereis, het die doelkultuur se konvensies dus prioriteit bo dié van die brontekskultuur. Die vertaler word in so 'n geval toegelaat om selfs net sekere aspekte van die bronteks in die vertaling oor te dra.

Lojaliteit teenoor die outeur van die bronteks sowel as die leser van die doeltteks noop die vertaler egter om te spesifiseer presies watter aanpassings tydens die vertaalproses gemaak is. Die uiteindelijke verantwoordelikheid vir die effektiewe oordrag van die bronteksouteur se boodskap binne die raamwerk van die vertaalopdrag berus by die vertaler as toepaslik gekwalifiseerde persoon. Veral in Bybelvertaling beteken die kombinasie van funksionaliteit en lojaliteit dat die bronteks nie as onbelangrik hoef geag te word nie, maar dat dit binne die raamwerk van die vertaalopdrag sy regmatige plek in die vertaalproses kan neem.

Saam met Nord se dokumentêre en instrumentele vertaling, maak haar voorwaarde van die vertaler se lojaliteit teenoor die doelteks- en die brontekssituasie wel voorsiening vir die beskerming van die bronteks in gevalle waar dit (soos in Bybelvertaling) verlang word. Vermeer sluit hierby aan met sy getrouheidsreël (*fidelity rule*) waarvolgens daar altyd 'n soort verhouding (intertekstuele koherensie) tussen die bron- en doelteks moet bestaan (Schäffner 2001:16). Nord verwoord dit soos volg: “Translation is the production of a functional TT maintaining a relationship with a given ST that is specified according to the intended or demanded function of the TT (translation skopos).” (1991b:28). Daar is dus ruimte om binne die vertaalopdrag die skopos van die doelteks en ook die belangrikheid van die bronteks te spesifiseer.

Funksionalistiese benaderings is volgens Schäffner (2001:13) uiters geskik vir die beskrywing en verduideliking van vertaalprosesse en -produkte. Die rede is dat hierdie benaderings nie gebaseer is op 'n teenstelling tussen linguistiese en kulturele aspekte nie, maar dat daar binne 'n funksionalistiese raamwerk vir albei plek is.

Die funksionalistiese benadering kan gebruik word as raamwerk waarbinne enige vertaalstrategie en -metode gebruik kan word wat die skopos of funksie van die spesifieke vertaling sal bewerkstellig. In Nord (1997b:114) se woorde:

The functional approach offers the possibility of using one and the same theoretical model to account for both documentary and instrumental forms of translation, including, of course, any form of equivalent translation, whatever the specification of equivalence may be.

2.7 Samevatting

Die oorsig oor van die belangrikste Bybelvertalings deur die eeue (§ 2.2) het getoon dat Bybelvertaling besonder problematies is en dat spesifieke faktore soos die konteks en behoeftes van die doelgehoor in 'n bepaalde vertaling se vertaalopdrag gespesifiseer behoort te word. Dié oorsig het ook gedien as inleiding tot 'n bespreking van Nida se vertaalmodel (§ 2.3), aangesien soveel Bybels volgens sy beginsel van funksionele ekwivalensie vertaal is en hy gehelp het om die vertaalkunde as formele navorsingsveld te vestig. In die kritiek wat teen sy vertaalmodel uitgespreek word (§ 2.4), word onder andere genoem dat die kodemodel van kommunikasie wat destyds geldig was, nie meer as 'n effektiewe wyse beskou word om vertaling te beskryf nie. Die gevolgtrekking word dan gemaak dat Nida se vertaalmodel in vandag se konteks nie meer teoreties goed gefundeer is nie.

In die lig van onlangse ontwikkelinge in die taalkunde (§ 2.5) en vertaalkunde (§ 2.6) asook die kritiek teen Nida se vertaalmodel (§ 2.4), is dit duidelik dat die soeke na 'n nuwe vertaalmodel vir Bybelvertaling geregverdig is. Van hierdie ontwikkelinge, soos Gutt se toepassing van die Relevansieteorie op Bybelvertaling en Nord se weergawe van die funksionalistiese vertaalbenadering, word verreken in die nuwe model wat tydens die vertaalprojek in Stellenbosch toegepas is (sien hoofstuk 3).

Nord se funksionalistiese benadering (§ 2.6.2) is as raamwerk gebruik waarbinne Gutt se direkte en indirekte vertaling (§ 2.6.1) toegepas is op gegewe Bybeltekste wat deur vertaalspanne in Stellenbosch vertaal is. Na aanleiding van die teoretiese bespreking in hoofstuk 2, kan hierdie model met reg daarop aanspraak maak dat dit teoreties goed begrend is. ('n Verdere bespreking hieroor volg in § 3.2.1.)

Hoofstuk 3

Die toepassing van ’n nuwe vertaalmodel in die praktyk: ’n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling

3.1 Inleiding

Die vraag kan gevra word waarom daar sprake is van nog ’n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel – of daar dan nie reeds genoeg Bybels in die mark is nie? ’n Mens moet egter in ag neem dat die vertaling van die Bybel ’n voortdurende proses is; dat nuwe vertalings van die Bybel gemaak sal word solank as wat die samelewing en daarmee saam die taal verander. Ferdinand Deist (1993:21) verwys na die samelewing as ons “konteks” en na die taal as ons “diskoers” wanneer hy ’n rede verskaf vir die voortdurende behoefte aan nuwe vertalings: “[A]s our discourses keep on changing as a result of our shifting contexts the need for new translation will constantly arise and new translations constantly be made”. Reiss beaam dit deur haar stelling dat taal ’n temporele verskynsel is en dus onderhewig is aan die kondisies van tyd (1971 in Venuti 2000:162).

Sedert die laaste amptelike Afrikaanse Bybelvertaling ongeveer dertig jaar gelede, die 1983-vertaling (§ 2.2.16), het die Suid-Afrikaanse konteks en die Afrikaanse taal heelwat verander. Dit op sigself kan as ’n motivering vir ’n nuwe Afrikaanse vertaling aangevoer word. Volgens Bratcher is daar ’n verdere twee redes vir die herhaalde vertaling van die Bybel, naamlik nuwe kennis van die Bybelse grondteks en die interpretasie daarvan, asook die ontwikkeling van nuwe insigte in die wyse waarop die grondteks weergegee word (1971 in Grether 1992:850-851). Die ontdekking van byvoorbeeld die *Dooie See Rolle* (sien § 2.4, voetnoot 13) het tot nuwe kennis van die grondteks en -tale gelei. So ook het daar nuwe ontwikkelinge plaasgevind in die wyse waarop hierdie grondteks weergegee word, naamlik die ontwikkelinge in die taal- en vertaalkunde soos in afdeling 2.5 en 2.6 bespreek.

Daar kan aangevoer word dat bogenoemde ontwikkelinge reeds in die jongste Afrikaanse Bybelvertaling, naamlik *Die Boodskap* (§ 2.2.17), vervat is en dat nóg ’n Afrikaanse vertaling dus oorbodig sal wees. Hier moet ’n mens egter die diversiteit

van die doelgehoor in ag neem, asook die verskillende situasies waarin die Bybel gebruik word. 'n Hoërskoolleerling gaan heel moontlik 'n ander tipe Bybel in sy/haar stiltetyd wil gebruik as wat 'n senior lidmaat in die erediens wil hoor. As gevolg van hierdie onderskeie funksies van die Bybel sal ten minste drie verskillende weergawes in 'n gevestigde Christengemeenskap van nut wees: 'n tradisionele, formeler weergawe vir byvoorbeeld liturgiese gebruik; 'n informeler weergawe in die omgangstaal van die dag; en 'n Studiebybel (Bratcher 1971 in Grether 1992:851) of 'n literêre teks (Nida 1992:514).²⁰

In hierdie hoofstuk word die vertaalprojek in Stellenbosch beskryf waartydens proefvertalings vir 'n nuwe Bybelvertaling in Afrikaans gemaak is. Die teoretiese onderbou word verduidelik, naamlik 'n “nuwe” vertaalmodel wat bestaan uit Gutt se direkte en indirekte vertaling wat as vertaalstrategie binne die raamwerk van Nord se weergawe van die funksionalistiese Skoposteorie aangewend is. Die hipotese dat die toepassing van Gutt se direkte vertaling in weergawe 3, en Gutt se indirekte vertaling in weergawe 2 aan die onderskeie vertaalopdragte behoort te voldoen, word ondersoek. Hierdie ondersoek geskied aan die hand van annotasies van die vertaalprodukte wat ook lig behoort te werp op die mate waarin die abstrakte vertaalmodel in die praktyk toegepas kan word.

3.2 Die vertaalprojek in Stellenbosch

Na aanleiding van 'n versoek deur die Kerklike Advieskomitee van die Bybel in Afrikaans is ses gegewe Bybelgedeeltes in Afrikaans te vertaal.²¹ Die aanvanklike beskrywing van die vier onderskeie weergawes²² lui as volg (Van der Merwe & Basson 2003:550):

- Weergawe 1: 'n Vertaling wat in hoë mate konkordant en brontaalgeoriënteerd is, met behoud van die brontaalidoom.

²⁰ Sien ook Stine (2001).

²¹ Hierdie Bybelgedeeltes is Eksodus 33, Psalm 16, Jesaja 1, Matteus 5:1-20, Romeine 7:7-25 en Openbaring 4.

²² Op grond van Nord se siening van 'n vertaalopdrag (sien § 2.6.2 en § 3.2.1) is hierdie beskrywing van die onderskeie weergawes baie vaag. Dus het kenners in Stellenbosch die nuwe vertaalmodel in meer gedetailleerde vertaalopdragte beskryf (sien § 3.2.2 en bylae 1) wat dan in die vertaalprojek aangewend is.

- Weergawe 2: 'n Vertaling in eenvoudige, vloeiende en duidelike taal, bedoel as Leesbybel vir die breedste spektrum gebruikers, konkordant waar dienlik en dinamies waar nodig.
- Weergawe 3: 'n Vertaling wat bedoel is vir voorlesing in die erediens, vir kategeese en vir Bybelstudie, met besondere aandag aan letterkundige gehalte.
- Weergawe 4: 'n Taalkundige hersiening van die 1983-vertaling.

Kennerse in Stellenbosch het na aanleiding van 'n ondersoek na die nuutste ontwikkelinge in die taal- en vertaalkunde (§ 2.5 en 2.6) geargumenteer dat, a) Nord se vertaalbenadering 'n breë raamwerk bied waarbinne Bybelvertaling kan plaasvind, en b) Gutt se vertaalbenadering perspektief bied op die kompleksiteit van Bybelvertaling as sekondêre kommunikasie (Van der Merwe & Basson 2003:554-558). Hierdie twee benaderings tot vertaling is gekombineer en die nuwe model (§ 3.2.1) is in die maak van die proefvertalings toegepas. Die navorser was as vertaler betrokke by die skep van weergawes 2 en 3 van twee van hierdie Bybelgedeeltes, naamlik Jesaja 1 en Romeine 7:7-25.²³

In 2003 het die Kerklike Advieskomitee van die Bybel in Afrikaans kennerse in Stellenbosch gevra om nog 'n proefvertaling van Matteus 5:1-20 te produseer.²⁴ Die navorser was ook betrokke by hierdie tweede vertaling. Dieselfde teoretiese onderbou en prosedure as tydens die 2002-projek is gevolg, dus word albei projekte ingesluit wanneer daar na “die vertaalprojek in Stellenbosch” verwys word.

3.2.1 Teoretiese onderbou

Nord se funksionalistiese benadering (§ 2.6.2) leen dit daartoe om as raamwerk gebruik te word vir bykans enige tipe vertaling. Kennerse in Stellenbosch het haar

²³ Die vertaalprojek in Stellenbosch het onder leiding van proff. Bernard Combrink en Christo van der Merwe plaasgevind. Die vertaalkundiges vir die projek was prof. Ilse Feinauer en mnr. Walter Winckler. Die twee spanne vir genoemde gedeeltes was as volg: **Jesaja 1** – prof. Christo van der Merwe (sameroeper en brontaalkenner), proff. Johann Cook en Paul Kruger (brontaalkenners), mev. Alta van Rensburg (vertaler), prof. Henning Snyman en dr. Frikkie Lombard (taalkundiges); **Romeine 7:7-25** – dr. Francois Wessels (sameroeper en brontaalkenner), proff. Jan de Villiers, Elna Mouton, mnr. Francois Pauw (brontaalkenners), mev. Alta van Rensburg (vertaler) en prof. Henning Snyman (taalkundige).

²⁴ Die spanlede was: prof. Bernard Combrink (sameroeper en brontaalkenner), dr. Pieter van Staden (brontaalkenner), mev. Alta van Rensburg (vertaler), prof. Frank Hendricks (taalkundige) en dr. Rentia Robinson (letterkundige).

spesifieke weergawe van die Skoposteorie as raamwerk vir Bybelvertaling geneem, juis omdat sy die bronteks se rol in die vertaalproses meer beklemtoon as wat Vermeer in sy algemene Skoposteorie doen. Volgens Vermeer is 'n vertaalskopos “‘in principle’ independent of source-culture conditions and a so-called source text” (1998:51). Hy noem wel kortliks dat die vertaler nie oordrewe vryheid het en dus nie onverantwoordelik met die bronteks moet omgaan nie, maar tog plaas hy die klem hoofsaaklik op die vertaler se verantwoordelikheid teenoor die doelteks en sy skopos (1998:51-54). Nord verwys na die vertaler se verantwoordelikheid as “lojaliteit” en spesifiseer dat dit vir die doelteks sowel as die bronteks geld.

Nord se benadering staan op twee bene, naamlik “funksionaliteit” en “lojaliteit” (1997a:47-48; 1991b:28-30; 2001b:194-201). Deur hierdie twee konsepte aan mekaar te koppel, beteken dit die vertaler “is committed bilaterally to the source text as well as to the target text situation, and is responsible to both the ST sender . . . and the TT recipient” (1991b:29). Dit beteken dat die vertaler enersyds die kommunikatiewe bedoeling van die bronteksouteur getrou moet weergee, en andersyds die behoeftes van die doelgehoor in ag moet neem deur 'n prakties bruikbare Bybelvertaling met 'n teoreties verantwoorde vertaalstrategie te skep.

Die vertaalopdrag waarin aspekte soos die doelgehoor, funksie en aard van die vertaling gespesifiseer word, speel 'n sleutelrol in Nord se model. Na aanleiding van die oorsig oor van die belangrikste Bybelvertalings deur die eeue (§ 2.2) is onder andere die volgende faktore geïdentifiseer wat 'n Bybelvertaling beïnvloed, en wat in die vertaalopdrag gespesifiseer behoort te word: watter bronteks gebruik gaan word, wie die doelgehoor is, watter taalregister gepas behoort te wees, wat die funksie van die betrokke vertaling is en watter vertaalbenadering en -strategieë gevolg gaan word.

Wat die vertaalstrategieë van die Stellenbosch-projek betref, was die kenners se hipotese dat die onderskeid wat Gutt tussen direkte en indirekte vertaling (§ 2.6.1) tref, beskrywend is van die verskille tussen weergawe 3 en 2 onderskeidelik. Dit word dus in die vertaalopdragte gespesifiseer dat direkte vertaling in weergawe 3, en indirekte vertaling in weergawe 2 as vertaalstrategieë gebruik sal word.

3.2.2 Proses gevolg

Die vertaalopdragte is deur proff. Christo van der Merwe en Ilse Feinauer in konsultasie met die sameroepers van die vertaalspanne geskryf. Gutt se indirekte vertaling is as vertaalstrategie in die opdrag vir weergawe 2, en sy direkte vertaling as vertaalstrategie in die opdrag vir weergawe 3 voorgestel. Weergawe 1 (konkordante vertaling) en 4 (hersiening van 1983-vertaling) word nie as tipes binne Gutt se raamwerk beskryf nie, maar tog is daar probeer om ook vir hierdie twee weergawes noukeurige opdragte te formuleer.²⁵ Hierdie vertaalopdragte sowel as inligting oor die nodige vertaalteoretiese agtergrond²⁶ is aan die vertaalspanne gegee. Bykomende inligting oor die agtergrond van die betrokke Bybelboeke (afgesien van dit wat deur die brontaalkenner in die konkordante vertaling as inleiding geplaas is) is ook aan die vertalers gegee.

Die brontaalkenners het 'n ryklik geannoteerde konkordante vertaling uit die betrokke brontaal voorberei waarin die brontaal-idioom behou is (weergawe 1). Die navorser het hierdie konkordante vertaling as “bronteks” gebruik en dit volgens die beginsels van Gutt se direkte vertaling verwerk na doelteks 1 (DT1), dit wil sê 'n formele vertaling wat in die erediens en ook vir Bybelstudie gebruik kan word (weergawe 3). Die navorser het dan DT1 geneem en, nog steeds in die lig van die konkordante vertaling, dit volgens die beginsels van Gutt se indirekte vertaling verwerk na doelteks 2 (DT2), dit wil sê 'n informele vertaling wat as 'n lekkerlees-Bybel vir byvoorbeeld persoonlike stiltetyd gebruik kan word (weergawe 2). Albei die doeltekste is by 'n vergadering bespreek waartydens die lede van die vertaalspan hulle insette kon lewer ten einde die finale produk te lewer.

Tydens die vertaalprojek in Stellenbosch is 'n “nuwe” vertaalmodel op die proef gestel. Gutt se direkte en indirekte vertaling is as vertaalstrategieë binne Nord se weergawe van die Skoposteorie as raamwerk gebruik. Dit bring ons by die vraag en die tweede fokuspunt van hierdie studie (sien § 1.6): In watter mate is hierdie abstrakte model in die praktyk toepasbaar? Vir die doeleinde van dié studie word

²⁵ Sien bylae 1 vir 'n volledige beskrywing van die vier verskillende weergawes se vertaalopdragte (soos in Van der Merwe & Basson 2003).

²⁶ Hierdie inligting het agtergrond oor Gutt se direkte en indirekte vertaling behels.

uitgegaan van die aanname dat een wyse om hierdie vraag te beantwoord, is om die vertaalprodukte te analiseer. Deur 'n analise te doen van die wyse waarop tipiese vertaalprobleme opgelos is, behoort 'n aanduiding verkry te word oor hoe die vertaler die teorie toegepas het.

Tipologieë van vertaalprobleme sowel as vertaalstrategieë om hierdie probleme op te los, word veral vir didaktiese doeleindes aangewend. Vir die doel van hierdie studie kan so 'n tipologie aangewend word om 'n stel annotasies daar te stel ten einde lig te werp op die mate waarin die vertaler daarin geslaag het om die abstrakte teoretiese model in die praktyk toe te pas. Die beskrywing van vertaalprobleme tussen die bronteks (BT) en doelteks (DT) het ook ten doel om die vertaler sensitief te maak vir die besondere problematiek van Bybelvertaling wat onder andere deur die temporele gaping tussen die bron- en doelkultuur veroorsaak word. Die beskrywing van die aanpassings tussen DT1 en DT2 behoort die verskille tussen direkte en indirekte vertaling en die implikasie daarvan op die vertaalpraktyk uit te wys.

Die navorser het gefokus op slegs die belangrikste vertaalprobleme en verskille tussen die twee doeltekste en het gepoog om verteenwoordigende voorbeelde uit te lig. Sien bylaes 2 tot 10 vir die volledige tekste (weergawes 1, 2 en 3) waaruit onderstaande voorbeelde geneem is.

3.3 Annotasies van vertaalprodukte²⁷

Volgens Schäffner (2001:24) is vertaalprobleme objektiewe probleme wat in die BT geïdentifiseer is selfs voordat daar met die produksie van die doelteks begin word. Nord (1997b:64-67) se klassifikasie waarin daar onderskei word tussen interkulturele, interlinguistiese, teksspesifieke en pragmatiese vertaalprobleme word in hierdie annotasies gebruik. Die doel van die annotasies is ook om te bepaal hoe getrou die vertaalmodel toegepas is, en om die belangrikste verskille tussen DT1 en DT2 aan te dui. Nord se klassifikasie is in afdeling 3.3.1 gebruik waar verskille tussen die BT en DT uitgelig word. Hierdie klassifikasie is aangepas ten einde die aanpassings tussen DT1 en DT2 in afdeling 3.3.2 te kan beskryf.

²⁷ Die drie gedeeltes waarby die navorser as vertaler betrokke was, word geannoteer, naamlik Jesaja 1, Matteus 5:1-20 en Romeine 7:7-25.

Dit is belangrik om in ag te neem dat die kategorieë dikwels oorvleuel en daar dus nie altyd 'n duidelike onderskeid getref kan word nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Matteus 5:18 waar die Hebreeuse jota en letterstrepie ter sprake kom. Aangesien dit vreemd is in die konteks van die doelkultuur, het die navorser besluit om dit onder interkulturele vertaalprobleme te klassifiseer (§ 3.3.1.1). Dit kan egter ook geklassifiseer word as a) 'n pragmatiese vertaalprobleem omdat die jota en letterstrepie nie in die doelkultuur bestaan nie, sowel as b) 'n interlinguistiese vertaalprobleem omdat dit 'n strukturele verskil tussen die bron- en doeltaal is.

3.3.1 Nord se klassifikasie van vertaalprobleme

3.3.1.1 Interkulturele vertaalprobleme

Volgens Nord ontstaan hierdie vertaalprobleme as gevolg van die verskille in die konvensies en norme van die twee kulture (1997b:66) en speel die vertaler die baie belangrike rol van mediator wat probeer om die gaping tussen die bronteks- en doelttekssituasie deur middel van sy/haar vertaling te oorbrug (2001b:187).

Jes. 1:17b Weduwees en weeskinders kon nie in hierdie tyd self hulle saak stel as daar 'n dispuut in die gemeenskap ontstaan het waarby hulle regte betrokke was nie. Die koning of leiers van die gemeenskap was daarvoor verantwoordelik. Dit is 'n gebruik in die bronkultuur wat nie vandag in die doelgehoor se kultuur van toepassing is nie. Die gedeelte *laat reg geskied aan die weeskind; bepleit die saak van die weduwee* (DT1) word dus vir DT2 geïnterpreteer en verander na *beskerm die mense wat nie vir hulle eie regte kan veg nie* (sien bylaes 3 & 4).

Matt. 5:1 Daar word beskryf hoe Jesus teen 'n berg opklim en daar gaan sit. Die simboliek van hierdie gebruik in die Bybelse tyd is implisiet in die oorspronklike Grieks: Die skrywer hoef dit nie te verduidelik nie omdat die oorspronklike doelgehoor weet dat hoogte geassosieer word met groter gesag en die plek van God se openbaring. In albei doelt tekste (sien bylaes 6 & 7) word dit in 'n voetnoot verduidelik, aangesien die hedendaagse doelgehoor nie die volle implikasie van dié gebruik sal besef nie en 'n verduideliking in DT2 se enger teks te omslagtig sou wees.

Matt. 5:9 Volgens voetnoot nr. 16 (DT1) moet *seuns van God* as *kinders van God* verstaan word. Dit is 'n belangrike verskil tussen die patriargale stelsel van die Bybelse tyd teenoor vandag waar ons daarop let om van inklusiewe taal gebruik te maak. In DT2 word die verwysingsraamwerk van die moderne doelgehoor weerspieël: *dit sal vir almal duidelik wees dat hulle sy kinders is.*

Matt. 5:15 In DT1 se voetnoot nr. 31 word daar bykomende inligting gegee oor die maatemmer wat in dié vers ter sprake is. Dit vervul die informatiewe funksie van DT1 deur inligting oor die Bybelse kultuur te verskaf. Hierdie inligting beïnvloed nie die betekenis van die gedeelte nie, dus word die woord *maatemmer* deur die algemene term *emmer* in DT2 vervang wat die teksdigtheid verminder.

Matt. 5:18 Die jota en letterstrepie is die kleinste deeltjies van die Hebreeuse kwadraatskrifalfabet en is nie aan die hedendaagse doelgehoor bekend nie. Die term word net so oorgedra in DT1, maar in DT2 word die interpretasie weergegee, nl. *die kleinste stukkie van die Wet.*

3.3.1.2 Interlinguistiese vertaalprobleme

Die strukturele verskille tussen die oorspronklike taal en doeltaal, byvoorbeeld verskille in woordeskat en sintaksis, veroorsaak interlinguistiese vertaalprobleme (Nord 1997b:66).

Jes. 1:3b Die rede vir die onoorganklike gebruik van die woord *ken* in die konkordante vertaling kan aan die brontaal (Hebreeus) se sintaksis toegeskryf word: *'n Os ken sy besitter en 'n donkie die krip van sy baas. Israel ken egter nie, my volk verstaan nie.* Dit is nie idiomatiese Afrikaans nie, en word in DT1 aangepas na: *'n Os ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy baas, maar nie Israel nie – my volk verstaan nie.* Dit is voldoende vir DT1, aangesien die werkwoord *ken* reeds in die eerste helfte van die vers verskyn en dit nie nodig is om dit te herhaal nie.²⁸ In DT2 ekspliseer die vertaler deur middel van invoeging: *'n Bees ken tog sy eienaar en 'n donkie weet waar sy baas hom voer, maar Israel ken My nie; my volk verstaan nie wat Ek doen nie.* (Dit kan dus ook onder § 3.3.2.1.1.3 geklassifiseer word.)

²⁸ Om herhaling te vermy, is 'n voorbeeld van 'n universaliteit van vertaling, naamlik vereenvoudiging (sien § 3.3.2.1.2).

Jes. 1:5b Volgens die konkordante vertaling se voetnoot nr. 11 is die Hebreeuse uitdrukking wat letterlik met *die hele hart is swak* vertaal word, se betekenis onduidelik. In hierdie konteks – omdat daar na fisiese foltering verwys word – kan die uitdrukking *julle hele gestel is swak* as geskik bestempel word (DT1). In DT2 is dit verander na *julle lyf voel pap*. Dit roep ’n tasbare beeld op en is makliker verstaanbaar.

Matt. 5:1 In die oorspronklike Grieks (en dus ook in die konkordante vertaling) bestaan hierdie hele vers uit een sin. Lang sinne is ’n strukturele kenmerk van Helenistiese Grieks waarin hierdie evangelie oorspronklik geskryf is. In DT1 word die lang sin behou. (Die vertaalopdrag spesifiseer dat die styl van die oorspronklike Griekse teks in DT1 weerspieël moet word.) Daar word egter twee sinne in DT2 gebruik, wat meer idiomatiese Afrikaans is en dus makliker lees. Dit maak dit ook moontlik om inligting wat in die konkordante vertaling in vers 2 voorkom, in vers 1 te plaas (*sodat Hy hulle kon leer*) om te verduidelik waarom Jesus se volgelinge by Hom kom sit het.

Matt. 5:19b Die betekenis van die frase *maar wie ook al doen en leer* is onduidelik en word in DT1 deur voetnoot nr. 45 verduidelik. Hierdie sinskonstruksie wat as gevolg van die Griekse sintaksis ontstaan het, is in DT1 behou. Daardeur volg die vertaler die beginsel van direkte vertaling dat die linguistiese eienskappe oorgedra moet word as dit die nodige kommunikatiewe leidrade bevat (Gutt 2000:170) en dus funksioneel is in die doelteks. In DT2 word die frase se betekenis omskryf: *enigiemand wat die Wet ten volle uitleef, en ander mense leer om dieselfde te doen*.

3.3.1.3 Teksspesifieke vertaalprobleme

Volgens Nord (1997b:67) word vertaalprobleme eie aan die spesifieke teks, byvoorbeeld neologismes, woordspelings, alliterasie, rym en ander retoriese figure as teksspesifieke vertaalprobleme geklassifiseer. Dit sluit ook idioome en metafore in.

Jes. 1:12 *As julle kom om my gesig te sien* (konkordante vertaling) maak nie sin in die hedendaagse Afrikaanse konteks nie, omdat dit ondenkbaar is om van aangesig

tot aangesig voor God te staan. Dus is die betekenis van hierdie uitdrukking in DT1 opgeneem, naamlik *As julle kom om my tempel te besoek*. Die letterlike vertaling word in voetnoot nr. 11 weergegee.

Dit illustreer vertalers se geneigdheid om te ekspliseer (§ 3.3.2.1.1), want volgens Gutt se direkte vertaling moet hierdie idioom (in DT1) nie deur die betekenis vervang word nie (2000:175). Die doelleser moet die kans gegun word om die idioom met die bronkultuur se konteks in gedagte te lees en self te interpreteer (Gutt 2000:169). Die vertaler kan hulp aan die doelgehoor verskaf deur die betekenis van die idioom in 'n voetnoot te plaas, eerder as die idioom self wat volgens die beginsels van direkte vertaling in die enger teks hoort. (Sien § 3.3.2.1.1.1 waar hierdie idioom ook in Matt. 5:8 voorkom en wel volgens Gutt se beginsels reg hanteer is.)

Jes. 1:15a Die Hebreeuse uitdrukking *steek Ek my oë vir julle weg* soos dit in die konkordante vertaling voorkom, beteken dat die spreker wegkyk. Omdat die doelgehoor van DT1 te ver verwyderd is van die oorspronklike teks, word die betekenis van die uitdrukking weergegee. In DT2 word hierdie aksie (*kyk Ek weg*) geïnterpreteer om die wêreld van die Bybel na die leser toe te bring: *Ek stel nie belang om te luister nie*.

Soos by die vorige voorbeeld, is DT1 se verduideliking van die Hebreeuse idioom 'n voorbeeld van eksplisering wat teen die beginsel van direkte vertaling is. Weer eens kan die verduideliking eerder in die wyer teks, naamlik in 'n voetnoot geplaas word – soos dit wel in die volgende voorbeeld gedoen is.

Matt. 5:2 Die Semitiese idioom *en Hy het sy mond oopgemaak* word in DT1 se enger teks behou, maar in die wyer teks (voetnoot nr. 4) as die begin van 'n openbare toespraak verduidelik. In DT2 hoef die vreemdheid van die Bybelse teks nie behou te word nie en aangesien die frase *sodat Hy hulle kon leer* reeds in vers 1 die betekenis van die idioom weergee, word dit in DT2 vervang met *Hy sê toe vir hulle*.

3.3.1.4 Pragmatiese vertaalprobleme

Pragmatiese vertaalprobleme ontstaan as gevolg van die kontras tussen die BT en DT se onderskeie kommunikatiewe situasies (Nord 1997b:65). Dit het te doen met 'n

term of item wat in die bronkultuur bestaan, maar nie in die doelkultuur nie. Daar moet dus óf ’n term geskep word, óf die begrip moet vir die doelgehoor omskryf word sodat dit in die konteks van die doelkultuur doeltreffend geïnterpreteer kan word. Kultuurspesifieke terme kan ook in hierdie kategorie geplaas word, maar die navorser het besluit om enige vertaalprobleem wat as gevolg van verskillende kultuursituasies ontstaan, onder die kategorie interkulturele vertaalprobleme (3.3.1.1) te plaas.

Daar kom nie voorbeelde van Nord se pragmatiese vertaalprobleme voor in die drie gedeeltes waarby die navorser as vertaler betrokke was nie, dus word enkele voorbeelde uit ander dele van die Bybel ter illustrasie verskaf.

Eks. 16:16, 36 Toe die Israeliete in die woestyn rondgeswerf het, het God hulle beveel om elke oggend ’n *gomer* manna vir elke persoon in te samel. Dit is ’n Hebreeuse inhoudsmaat wat gelyk is aan een tiende van ’n *efa* (volgens Eks. 16:36). ’n Efa word in die HAT (2000:194) gedefinieer as ’n “inhoudsmaat van Palestina, ongeveer 8 gallon (36,44 ℓ)”. Hierdie onbekende inhoudsmate word glad nie in die 1933-vertaling (OAV) verduidelik nie. Dit is ook die beginsel van Gutt se direkte vertaling: die vreemdheid van die Bybelse kultuur word behou (hoewel dit in ’n voetnoot verduidelik word), teenoor indirekte vertaling waar die inhoudsmaat gedomestiseer sal word. In die 1983-vertaling (NAV) word ’n interpretasie verskaf: *gomer* word *twee liter* en *efa* word *standaardmaat*.

Eks. 30:34 *Galbanum* word in hierdie vers se enger teks slegs as ’n spesery beskryf, wat beteken dat die doelteksluser wat meer van die wêreld van die Bybel wil weet, die presiese betekenis self moet navors. Die woordelys in die NAV (die wyer teks) beskryf dit as ’n soort boomgom wat in die voorbereiding van wierook gebruik is.

Matt. 20:2 ’n *Denarius* was ’n Romeinse silwermunt waarmee ’n arbeider vir ’n dag se loon betaal is. Daarom word die beskrywende term *dagloon* in die NAV gebruik – ook in Mark. 6:37, Joh. 6:7 en Op. 6:6. In al vier hierdie teksgedeeltes gebruik die OAV die woord *penning* wat in die HAT (2000:839) beskryf word as ’n “muntstuk van geringe waarde, ongeveer 7½ sent; denarius”. Die vertalers van die OAV het dus gekies om ’n ekwivalente term in die doelkultuur te gebruik (anders as

by Eks.16:16, 36), terwyl die NAV-vertalers die interpretasie van die term in die enger teks geplaas het.

3.3.1.5 Gevolgtrekking

Deur die belangrikste vertaalprobleme tussen die BT en DT, asook die verskille tussen die twee doelt tekste uit te wys, is getoon dat die abstrakte teoretiese model wel in die praktyk toegepas kan word. Interkulturele vertaalprobleme (§ 3.3.1.1) word in DT1 opgelos deur die verduideliking in 'n voetnoot (deel van die wyer teks) te plaas, terwyl die interpretasie meestal in DT2 se enger teks geplaas word. Beginsels wat as deel van die boodskap oorgedra moet word, word in DT2 op grond van die doelgehoor se verwysingsraamwerk weergegee. In DT1 word die beginsel van direkte vertaling gevolg deur die strukturele kenmerke van die brontaal te volg waar dit funksioneel is, terwyl interlinguistiese vertaalprobleme (§ 3.3.1.2) in DT2 opgelos word deur te ekspliseer en 'n idiomatiese doeltaal te gebruik.

Die teksspesifieke vertaalprobleme (§ 3.3.1.3) behels hoofsaaklik idiome wat volgens die beginsels van direkte vertaling in die enger teks behou moet word. Hier het die vertaler in DT1 egter daarvan afgewyk deur die verduideliking nie in 'n voetnoot nie, maar in die enger teks te plaas. Dit is 'n voorbeeld van eksplisering wat in afdeling 3.3.2.1.1.1 bespreek word. Aangesien daar nie voorbeelde van pragmatiese vertaalprobleme (§ 3.3.1.4) in die geannoteerde gedeeltes voorkom nie, is voorbeelde uit ander Bybelgedeeltes gegee. Dit is vir die vertaler belangrik om veral op die pragmatiese vertaalprobleme te let, aangesien die twee kommunikasiesituasies in Bybelvertaling so baie van mekaar verskil en dit veral die interpretasie van die boodskap beïnvloed.

In die volgende afdeling word voorbeelde verskaf van die aanpassings wat tussen DT1 en DT2 gemaak is ten einde aan die vereistes van die verskillende vertaalopdragte te voldoen.

3.3.2 Klassifikasie van aanpassings tussen doeltteks 1 (DT1) en doeltteks 2 (DT2)

In hierdie afdeling word verskille tussen DT1 (weergawe 3) en DT2 (weergawe 2) se enger teks beskryf. Dit sluit dus nie die voetnote (wat deel is van die wyer teks) in

nie. Die navorser het die konkordante vertaling (weergawe 1) as uitgangspunt gebruik en elke DT met die spesifieke doelgehoor in gedagte geskep.

Volgens die vertaalopdrag (sien bylae 1) is die formele vertaling (DT1) vir moderne, ingeligte Afrikaanse lesers met minstens 'n graad 10-kwalifikasie. Die vreemdheid van die Bybelse kultuur word behou en waar nodig in voetnote verduidelik: Die leser word dus na die wêreld van die Bybel geneem. Die informele vertaling (DT2) word gemik op die breër publiek met minstens 'n graad 7-kwalifikasie, terwyl dit ook toeganklik moet wees vir iemand wat die eerste keer met die Bybel kennis maak. Die Bybelse kultuur word in die enger teks geïnterpreteer en minder voetnote as in DT1 word gebruik: Die bronteks word dus na die wêreld van die leser gebring. (Sien ook § 3.2.2.)

Nord se indeling van vertaalprobleme tussen die BT en DT (soos in § 3.3.1 beskryf), is as raamwerk gebruik vir die klassifikasie van aanpassings wat tussen DT1 en DT2 gemaak is. Hierdie klassifikasie word ook ingedeel in aanpassings wat op linguistiese, teksspesifieke en pragmatiese vlak gemaak is. Aangesien die doelgehoor van albei doeltekste grootliks aan dieselfde kultuur behoort, is daar geen aanpassings op kulturele vlak gemaak nie. Soos in die geval met Nord se klassifikasie van vertaalprobleme, het die navorser gevind dat ook onderstaande kategorieë oorvleuel.

3.3.2.1 Aanpassings op linguistiese vlak

3.3.2.1.1 Eksplisering

Eksplisering (*explicitation*) is een van die universaliteite (*universals*) van vertaling (Laviosa-Braithwaite 1998:289). Baker definieer universaliteite as volg: “Universals of translation are linguistic features which typically occur in translated rather than original texts and are thought to be independent of the influence of the specific language pairs involved in the process of translation” (1993:243 in Laviosa-Braithwaite 1998:288). Die verskynsel eksplisering is dus een van die kenmerke van vertaalde tekste en word gedefinieer as “the technique of making explicit in the target text information that is implicit in the source text” (Klaudy 1998:80).

Hierdie eksplisering van materiaal wat implisiet in die bronteks is, kan wel in die wyer teks van DT1 waargeneem word. Die gebruik van uitgebreide voetnote het die eksplisering van veral kulturele inligting vergemaklik. Die funksie van DT2 het egter tot gevolg dat daar nie soveel voetnote as in DT1 geplaas kan word nie. Die vertaalopdrag vir DT2 spesifiseer dat daar wel van voetnote gebruik gemaak kan word, maar die aard van 'n lekkerlees-Bybel vereis dat daar so min moontlik moet wees, aangesien voetnote leesbaarheid bemoeilik. Dit veroorsaak dus dat van die feite of betekenis wat in DT1 se wyer teks geplaas is, in DT2 se enger teks eksplisiet gemaak word.

Die navorser se indeling van vyf tipes eksplisering het gevolg uit die aard van die aanpassings wat in die geannoteerde teksgedeeltes gemaak moes word, naamlik die eksplisering van metafore, eksplisering op sintaktiese vlak, en eksplisering deur middel van invoeging, omskrywing en interpretasie.

3.3.2.1.1.1 Die eksplisering van metafore

Volgens Nord se klassifikasie van vertaalprobleme tussen die BT en DT val metafore onder teksspesifieke probleme (§ 3.3.1.3). Dit is nog 'n voorbeeld waar die kategorieë oorvleuel. Vir die doel van hierdie studie word alle gevalle van eksplisering in die linguistiese kategorie geplaas, met die gevolg dat die eksplisering van metafore daarby ingesluit word.

Jes. 1:25 'n Verduideliking is nodig vir die sin *Ek gaan jou met 'n smeltmiddel suiwer en al die metaalskuim uit jou haal* (DT1). Dus word die interpretasie eksplisiet in DT2 geskryf: *Ek gaan jou soos metaal smelt en dan al die onsuiverhede en die vuilheid uithaal*.

Matt. 5:6 Die Bybelse uitdrukking *honger en dors na* word in DT2 in hedendaagse Afrikaans uitgedruk as *daarna smag om*. Die woord *versadig* in DT1 word gebruik na aanleiding van *honger en dors* in die eerste helfte van die vers. Die idee van *begeerte vervul* in DT2 volg dus op die woord *smag*.

Matt. 5:8 Die Bybelse uitdrukking *rein van hart* word in DT1 se voetnoot nr. 13 verduidelik, en in DT2 se enger teks omskryf as *die mense wat Hom met hulle hele wese dien*.

Matt. 5:8 *Hulle sal God sien* is nog 'n Bybelse uitdrukking wat in 'n voetnoot (nr. 14) van DT1 verduidelik word en in DT2 eksplisiet in die teks gestel word: *hulle sal sy teenwoordigheid ervaar*.

3.3.2.1.1.2 Eksplisering op sintaktiese vlak

Jes. 1:4a In DT1 is daar een sin met 'n paar byvoeglike naamwoorde wat die volk Israel beskryf: *Wee die sondige nasie, skuldbelaaide volk, slegte geslag, korrupte kinders*. Dit word egter in DT2 uitgebrei na twee sinne, waarvan die tweede sin makliker lees as die lys byvoeglike naamwoorde: *Dit sal sleg gaan met julle, julle sondige volk. Julle is almal skuldig: julle doen net slegte en korrupte dinge*. Hierdie vers is ook makliker leesbaar gemaak deur weglating (sien § 3.3.2.1.2).

Matt. 5:16 In hierdie vers word die metafore van die stad en lamp wat nie weggesteek kan word nie (v. 14-15) met mekaar in verband gebring. Volgens die vertaalopdrag vir DT2 moet die vertaling ook toeganklik wees vir iemand wat die Bybel vir die eerste keer hoor of lees. Leesbaarheid word vergemaklik deur die een sin in DT1 se vers 16 uit te brei na die drie sinne in DT2 waarin die opdrag geïnterpreteer en in duidelike, eenvoudige Afrikaans omskryf word.

3.3.2.1.1.3 Eksplisering deur middel van invoeging

Jes. 1:1 In DT1 word die stelling gemaak dat Jesaja 'n visioen oor Juda en Jerusalem gesien het. Die feit dat God deur hierdie visioen met Jesaja gepraat het, is implisiet in DT1. Dit word eksplisiet in DT2 gestel deur van 'n invoeging gebruik te maak: *God het met Jesaja deur middel van visioene gepraat en hom vertel wat met Juda en Jerusalem sou gebeur*.

Jes. 1:9 Die frase in DT1 *dan was ons net soos Sodom en het ons geword soos Gomorra* laat die vraag ontstaan wat presies hier bedoel word. Daar word dus in DT2 van 'n invoeging gebruik gemaak om die onduidelikheid uit die weg te ruim: *[dan] sou ons net soos Sodom en Gomorra heeltemal verwoes gewees het*.

Jes. 1:31 In hierdie vers word daar van invoegings gebruik gemaak om die beeld van die wastou duideliker te omskryf. Die frase *en maklik kan breek* beskryf 'n kwaliteit van die wastou (implisiet vir die bronkultuur) en kontrasteer met die woorde vroeër in die sin: *die sterkste onder julle*. Die invoeging van die byvoeglike naamwoord *verkeerde* voor die selfstande naamwoord *dade* beklemtoon die sondige natuur van Jerusalem se leiers. Waar daar in DT1 slegs na 'n *dun wastou* verwys word, is die ooreenstemmende deel in DT2 baie meer beskrywend: *En dan sal die sterkste onder julle wees soos 'n dun toutjie wat in was gedoop is en maklik kan breek*.

Matt. 5:12 Voetnoot nr. 24 in DT1 beskryf hierdie gedeelte as 'n bemoedigingsgesprek. Dit word duidelik deur die invoeging in DT2 weerspieël: *Moenie moed verloor wanneer hierdie dinge met julle gebeur nie, want onthou, God se boodskappers is nog altyd gehaat*. Die invoeging van die frase voor die dubbelpunt verskaf 'n rede vir die vroeëre profete se vervolging.

Rom. 7:8 Die gedeelte na die dubbelpunt is 'n invoeging (DT2) ter verduideliking van die stelling voor die dubbelpunt. Die stelling lui as volg: *Maar dit is die sonde wat die wet misbruik het om allerhande begeertes in my wakker te maak*., en dan volg die verduideliking: *Die wet maak my bewus van my slegte begeertes en dan wil ek juis hierdie verkeerde dinge doen*.

Rom. 7:14 Die eerste gedeelte van hierdie vers is 'n invoeging wat beklemtoon dat dit nie die wet is wat sleg is nie, maar die sonde (sien v. 13). Die invoeging lui as volg: *Die probleem lê nie by die wet nie, maar by my*. Die invoeging van die vergelyking *soos 'n slaaf* beskryf die woord *uitverkoop*. 'n Verdere beskrywing word gegee om die volgende gedeelte (v. 15-23) aan te vul waar beskryf word hoe die sonde oor die spreker se lewe *baasspeel* (v. 17). Die invoeging is die laaste sin in vers 14: *Ek is in die mag van die sonde*.

DT2 van die gedeelte in Romeine is heelwat langer as DT1, juis as gevolg van die hoë moeilikheidsgraad wat deur invoeging en omskrywing (sien volgende afdeling) verduidelik moes word.

3.3.2.1.1.4 Eksplisiering deur middel van omskrywing

Jes. 1:7 Hier is twee voorbeelde waar terme eksplisiet in die enger teks omskryf word ten einde die betekenis duidelik te maak. Die selfstandige naamwoord *woesteny* (DT1) word deur die byvoeglike naamwoorde *verwoes en verlate* (DT2) vervang. Die frase *reg voor julle oë* (DT1) word in DT2 uitgebrei na *julle kan net hulpeloos staan en kyk*.

Jes. 1:18 Die kleure skarlaken en purper is nie vandag so algemeen bekend soos in die Bybelse tyd nie. Dit word vervang met woorde wat aan DT2 se doelgehoor bekend is, wat tot gevolg het dat die vergelykings in hierdie vers makliker verstaanbaar is. *Skarlaken* word vervang met *bloedrooi*, terwyl *purper* beskryf word as *dieprooi*. Die woorde *word soos wol* sal op verskeie wyses deur die hedendaagse doelgehoor geïnterpreteer kan word, dus word die betekenis daarvan in hierdie konteks in DT2 eksplisiet in die enger teks geskryf: *julle sal wit word soos skoon wol*.

Matt. 5:3b Die begrip *koninkryk van die hemel* kom telkemale in die Bybel voor, maar moet vir die hedendaagse doelgehoor omskryf word. In DT1 se voetnoot nr. 7 word verduidelik dat die hemel in die Bybelse tyd met God geassosieer, en as sy woonplek beskou is. In die HAT (2000:593) word die woord *koninkryk* beskryf as “Die hemele, die koninkryk waarvoor God of Christus regeer”. Hierdie idee van God wat as Koning regeer, word in DT2 weerspieël: *want Hy, die Koning, waak oor hulle*. Hierdie nasin word in vers 10b herhaal, en in vers 19 en 20 word *koninkryk van die hemel* vervang met *daar waar God as Koning regeer* (DT2).

Matt. 5:17b Die idee dat Jesus gekom het om die Wet en die Profete te vervul (DT1) word in DT2 omskryf en verduidelik: *Ek het gekom om duidelik te maak wat die Wet en die Profete bedoel het en dit dan te laat gebeur*.

Rom. 7:7-12 Die konsepte *die wet* en *die gebod* word albei in hierdie ingewikkelde gedeelte gebruik. *Die wet* verwys na die wet van Moses of *Tora* wat uit die eerste vyf boeke van die Ou Testament bestaan. *Die gebod* verwys na die Tien Gebooie: een daarvan word as voorbeeld in vers 7 gegee, naamlik *Jy mag nie begeer nie*. Die

weergawe in DT2 word vereenvoudig deur *die wet* meestal te behou (ook in v. 8, 10 en 11 waar die meer spesifieke term *die gebod* in DT1 gebruik word) aangesien die Tien Gebooie deel is van die wet van Moses. In vers 9 word leesbaarheid wel vergemaklik deur *die gebod* met 'n omskrywing te vervang, naamlik *dat God sekere dinge verbied*, en in vers 12 word daarna verwys as *God se opdragte*.

Rom. 7:14-25 Die terme *vlees* en *gees* word hier met mekaar gekontrasteer. In DT2 (v. 22, 23 en 25) word *my gees* geïnterpreer met *in my binneste*. Hierdeur word die register by die spesifieke vertaalopdrag aangepas. (Dit kan dus ook onder 3.3.2.3 geklassifiseer word.) Die term *vlees* word op verskeie wyses in DT2 geïnterpreteer: *Ek is vleeslik* word in vers 14 met *ek is 'n sondige mens* vervang, terwyl *vlees* in vers 18 en 25 duideliker omskryf word deur *menslike geaardheid*. Die konteks in vers 23 laat dit toe om *my vlees* weer met iets anders te vervang, naamlik *in my doen en late*.

Rom. 7:24 Die woord *doodsbestaan* word in DT2 omskryf as *'n lewe wat nutteloos en leeg is*.

3.3.2.1.1.5 Eksplisering deur middel van interpretasie

Jes. 1:2 Volgens die konkordante vertaling se voetnoot nr. 4 word die hemel en aarde hier opgeroep as getuies in 'n kosmiese hofgeding. Na aanleiding van hierdie inligting word die frase *Hoor hemele en luister aarde* (DT1) vir die doelgehoor van DT2 geïnterpreteer: *Die hemel en die aarde moet getuies wees van wat die Here sê*.

Jes. 1:4 Die term *wee* word in DT1 se voetnoot nr. 4 as 'n ellende-toesegging verduidelik en in DT2 met die interpretasie vervang, naamlik *Dit sal sleg gaan met julle*.

Jes. 1:8 *Die dogter, Sion* (DT1) word vir DT2 se doelgehoor geïnterpreteer en met die betekenis vervang, naamlik *Jerusalem*. (In v. 21 word dieselfde vertaalstrategie gebruik wanneer *die betroubare stad* met *Jerusalem* vervang word, en ook in v. 27 word *Sion* met *Jerusalem* vervang.) Na aanleiding van DT1 se voetnoot nr. 8 word die interpretasie van *versterkte stad* verskaf, naamlik *'n stad in die middel van nêrens* (DT2).

Jes. 1:29 Die verskil tussen die bronteks- en doeltekssituasie veroorsaak dat hierdie teks geïnterpreteer word: Dit sal nie vir die doelgehoor sin maak om skaam te wees oor bome of verleë te voel oor tuine nie. Die verduideliking van afgode wat in die tuine aanbid is, word in DT1 se voetnoot nr. 25 gegee. Die betekenis word eksplisiet in DT2 geskryf: *Dan sal julle skaam wees oor die bome wat julle aanbid het en die tuine waar julle so graag offerandes aan al julle afgode gebring het.*

Matt. 5:3a In DT1 se voetnoot nr. 6 word *armes van gees* verduidelik as mense wat in ellende verkeer en in hulle ellende besef hoe afhanklik hulle van God is. Hierdie uitdrukking is vir die deursnee hedendaagse leser onbekend en word in DT2 eksplisiet in die teks gestel: *God seën die mense wat besef hoe afhanklik hulle van Hom is.*

Matt. 5:6 Die begrip *geregtigheid* word in DT1 se voetnoot nr. 10 verduidelik as “alles wat reg is volgens die maatstaf van God se wil”. In DT2 word die woord dan met die interpretasie vervang, naamlik *om te doen wat God wil hê*. In vers 20 word dit ook aangepas van *As julle geregtigheid nie meer inhou* (DT1) na DT2 se weergawe: *As julle nie God se wil méér uitleef.*

Rom. 7:7 Die vraag *Wat sal ons dan sê?* beteken op sigself nie veel nie, maar gelees in die konteks van die hele Romeine 7 word dit in DT2 geïnterpreteer as *Wat beteken dit alles?* Die woorde *dit alles* verwys na wat in die vorige gedeelte, naamlik Romeine 7:1-6 staan.

Daar kan in die vorige vier voorbeelde gesien word dat ’n aanpassing van register veroorsaak het dat die vertaler deur middel van invoeging en omskrywing geëkspliseer het. Waar ’n teks dus in sommige gedeeltes duideliker gemaak word deur vereenvoudiging (§ 3.3.2.1.2) word dieselfde doel in ander gedeeltes bereik deur te ekspliseer.

3.3.2.1.2 Vereenvoudiging

Vereenvoudiging (*simplification*) is, soos eksplisering, ’n universaliteit van vertaling wat beskryf word as die aksie om in vergelyking met ’n nie-vertaalde teks, minder woorde in ’n vertaalde teks te gebruik (Laviosa-Braithwaite 1998:288-289). As

gevolg van die verskillende teksfunksies is dit een van die aanpassings wat gemaak moes word ten einde die teks eenvoudig te hou en dus deels aan die vertaalopdrag van DT2 te voldoen.

DT2 se vertaalopdrag vereis 'n teks wat maklik lees, en waar vloeiende, moderne Afrikaans gebruik word. Een van die metodes om 'n teks makliker te laat lees, is om die teksdigtheid minder te maak. Dit veroorsaak dat nie al die inligting wat in DT1 voorkom, in DT2 geplaas kan word nie. Hierdie gebruik is teoreties verantwoordbaar, aangesien Gutt daarvoor voorsiening maak in sy beskrywing van indirekte vertaling. Nie ál die inligting hoef in DT2 voor te kom nie, met die voorbehoud dat dit wat wel oorgedra is, absoluut korrek is (Gutt 2000:105-107).

Jes. 1:4a In hierdie deel van die vers word die volk Israel beskryf deur middel van vier byvoeglike naamwoorde sowel as vier sinonieme: *Wee die sondige nasie, skuldbelaaide volk, slegte geslag, korrupte kinders* (DT1). Die byvoeglike naamwoorde word wel in DT2 behou, hoewel dit in 'n ander sinskonstruksie aangewend is. Leesbaarheid word vergemaklik deur die sinonieme van *nasie* uit te laat: *Dit sal sleg gaan met julle, julle sondige volk. Julle is almal skuldig: julle doen net slegte en korrupte dinge.*

Jes. 1:24 In DT1 word twee Name van God gebruik wat sinonieme is en reeds in voetnoot nr. 2 (DT2) by vers 9 beskryf is. Die eerste Naam, *Here van die Leërskaer*, word behou terwyl die sinoniem, *die Sterke van Israel*, in DT2 weggelaat word. Verder word hierdie vers verkort deur die werkwoord *wreek* en die sinoniem *teenstanders* weg te laat. DT1 se weergawe, *Wee hulle, Ek gaan my wraak uitstort op my teenstanders, Ek gaan My wreek op my vyande* word dus verkort na *Dit sal sleg gaan met my vyande: Ek gaan wraak neem op hulle* (DT2).

Rom. 7:7-12 Die konsep van die sonde wat lewend of dood is in 'n persoon se lewe word in DT2 weggelaat. Hierdeur word verwarring voorkom met byvoorbeeld vers 10-11 waar die persoon se eie ewige lewe of dood ter sprake kom.

3.3.2.2 Aanpassings op teksspesifieke vlak

Die teksspesifieke aanpassings wat in DT2 gemaak is, sluit opskrifte en retoriese figure in.

Jes. 1:1 Daar is geen opskrif by DT1 nie, maar wel by DT2 wat dit meer toeganklik maak vir die doelgehoor. Die opskrif lui: *Die volk draai hulle rug op die Here.*

Matt. 5:3 Die uitdrukking *Geseënd is . . .* kom telkemale in hierdie gedeelte voor en word dus as 'n retoriese figuur beskou, 'n verskynsel wat deur Nord (1997b:67) as teksspesifiek beskou word. Dit word in DT1 se voetnoot nr. 5 as 'n toesegging van heil en God se seën aan mense verduidelik, maar dit bly 'n moeilike begrip en word in DT2 duideliker uitgespel deur dit as 'n aksie van God te beskryf: *God seën . . .*

Matt. 5:17 Die opskrif *Die vervulling van die Wet en die Profete* (DT1) word met 'n vereenvoudigde stelling vervang wat die essensie van die gedeelte raakvat, naamlik *Die Wet bly belangrik.*

3.3.2.3 Aanpassings op pragmatiese vlak

Volgens Nord word pragmatiese vertaalprobleme deur buitetekstuele faktore veroorsaak, waarvan teksfunksie een is (1997b:65). Soos gesien kan word in die vertaalopdragte, verskil die teksfunksie van DT2 van dié van DT1 en moes die vertaler dus aanpassings maak.

Die vertaalopdrag vir DT1 lui as volg: “Skep 'n teks in 'n plegtige trant wat gepas is om in die kerk te gebruik, maar geredelik verstaanbaar en aantreklik is as 'n Bybel vir 'n ingeligte publiek van Afrikaanssprekende gelowiges” (bylae 1, aangehaal uit Van der Merwe & Basson 2003:561). Dit is die formele vertaling (weergawe 3) waar Gutt se direkte vertaling in die vertaalproses aangewend is ten einde 'n teks met die funksie van onder andere liturgiese gebruik te skep.

Die vertaalopdrag vir DT2 lui as volg: “Skep 'n glashelder teks, in 'n natuurlike en eenvoudige trant, geskik en aantreklik as 'n Leesbybel vir die breedste publiek moontlik van Afrikaanssprekendes” (bylae 1, aangehaal uit Van der Merwe & Basson

2003:560). Dit is die informele vertaling (weergawe 2) waar Gutt se indirekte vertaling in die vertaalproses aangewend is ten einde 'n teks met die funksie van onder andere persoonlike gebruik en evangelisasie te skep.

As gevolg van hierdie verskil in teksfunksie en doelgehoor is daar heelwat registerverskille tussen DT1 en DT2. Die gebruik van 'n laer register in DT2 is een van die wyses om die teks makliker leesbaar te maak.

Jes. 1:3 Volgens DT2 se vertaalopdrag moet die teks so eenvoudig moontlik gehou word om leesbaarheid te vergemaklik, wat onder andere beteken dat die leser se woordeskat in ag geneem moet word. Een term word dus gebruik vir *os* (v. 3) en *bul* (v. 11), naamlik *bees*. ('n Os en 'n bul is albei 'n tipe bees.)

Jes. 1:13b In die konkordante vertaling word die woord *boosheid* gebruik. Dit word aangepas na *sondige gedrag* in DT1 terwyl daar nóg 'n laer register in DT2 gebruik word deur 'n werkwoord in te voeg: *sondige dinge doen*.

Matt. 5:1 Die woord *skare* word wel in DT1 behou, maar in DT2 word die vertaalopdrag gevolg deur dit met 'n omskrywing, naamlik *baie mense*, te vervang.

Matt. 5:7 Die woorde *medelye betoon* is formeel en geskik vir DT1, maar vir DT2 word 'n informeler styl gehandhaaf. Die formele word dus vervang met die informeler *mense wat simpatie aan ander bewys*.

Matt. 5:12 Voetnoot nr. 22 in DT1 verduidelik dat die woord *jubel* klem lê op 'n uiterlike vertoon van blydschap. In DT2 word 'n laer register gebruik wanneer dié woord dan vervang word met *sing en dans van vreugde*.

Die aanpassings wat tussen die twee doelt tekste gemaak is, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die verskillende funksies en doelgehoore. DT1 is formeler as DT2, en gerig op 'n doelgehoor met 'n hoër akademiese kwalifikasie as dié van DT2. Die meeste aanpassings is dus gemaak met betrekking tot die registerverskil tussen die twee doelt tekste. Die leesbaarheid van DT2 is vergemaklik deur byvoorbeeld op plekke te ekspliseer en op ander plekke die teks te vereenvoudig.

3.4 Samevatting

Die hipotese in die Stellenbosch-projek dat die onderskeid wat Gutt tussen direkte en indirekte vertaling tref, beskrywend is van die verskille tussen weergawe 3 en 2 onderskeidelik (sien § 3.2.1), is deur middel van 'n stel annotasies getoets en as waar bevind. Direkte vertaling is as vertaalstrategie toegepas ten einde 'n formele vertaling volgens weergawe 3 se vertaalopdrag te skep, terwyl indirekte vertaling as vertaalstrategie toegepas is ten einde 'n informele vertaling volgens weergawe 2 se vertaalopdrag te skep. Die beskrywing van die aanpassings tussen die formele weergawe, DT1, en die informele weergawe, DT2, (§ 3.3.2) het die verskille tussen direkte en indirekte vertaling op 'n praktiese vlak aangetoon, en die navorser kon aflei dat die meeste aanpassings gemaak is as gevolg van die verskil in doelgehoor en funksie van die doeltteks wat in die vertaalopdrag gespesifiseer is. Die bevinding is dat die vertaalprodukte wel aan die spesifikasies van die vertaalopdragte voldoen.

Die annotering van die vertaalprodukte dien ook as instrument wat wel lig gewerp het op die mate waarin 'n abstrakte vertaalmodel in die praktyk toegepas kon word, met ander woorde in watter mate die vertaler tydens die vertaalproses binne die raamwerk van die gekose model gebly het. Die annotasies het aangetoon dat die vertaler daarin geslaag het om die vertaalstrategieë redelik konsekwent toe te pas, maar dat daar wel van die beginsels van direkte vertaling afgewyk is deur in sommige gevalle in DT1 (hoofsaaklik by idiome) die betekenis in die enger teks, in plaas van in die wyer teks, te plaas. Die vertaler het dus gebruik gemaak van eksplisering wat 'n universaliteit en algemene verskynsel van vertaling is.

Die annotasies is verder nuttig deurdat die vertaler, eerstens, sensitief gemaak word vir die besondere problematiek van Bybelvertaling, en tweedens, bewus gemaak word van die teoretiese aspekte van die spesifieke vertaalkeuses wat tydens die vertaalproses gemaak is. Die annotasies kan gebruik word om tipiese vertaalfoute te identifiseer, sodat vertalers in soortgelyke projekte daarop bedag kan wees.

In hierdie hoofstuk is probeer om die eerste leemte in die Stellenbosch-vertaalprojek te vul: Die annotasies is gebruik om die praktiese toepasbaarheid van die “nuwe” vertaalmodel te bepaal. Die navorser se gevolgtrekking is dat die gekose

vertaalmodel met sukses prakties toegepas kan word wanneer die vertaler ten volle vertrouwd is met die toepaslike teoretiese agtergrond wat die spesifikasies van direkte en indirekte vertaling insluit.

In die volgende hoofstuk probeer die navorser om die tweede leemte in die Stellenbosch-vertaalprojek te vul: Die praktiese bruikbaarheid van die vertaalprodukte word aan die hand van 'n empiriese ondersoek getoets.

Hoofstuk 4

'n Empiriese ondersoek na die praktiese aanvaarbaarheid van die proefvertalings

4.1 Inleiding

Die sukses van 'n Bybelvertaling hang nie net daarvan af of 'n teoreties verantwoordbare vertaalmodel gebruik is en of die betrokke vertaalmodel konsekwent toegepas is nie. Dit is veral belangrik dat die behoeftes van die doelgehoor in ag geneem behoort te word en dat die vertaling dus bruikbaar sal wees. Dit is 'n fundamentele vereiste van die funksionalistiese benadering waarbinne die proefvertalings tydens die Stellenbosch-vertaalprojek geskep is: Die doel van 'n nuwe Bybelvertaling is om suksesvolle kommunikasie tussen die outeur en die doelgehoor te laat plaasvind sodat die doelgehoor die vertaalprodukt as religieuse dokument in hulle lewe kan gebruik. In hierdie hoofstuk word daar gepoog om een van die leemtes in dié projek, naamlik dat die proefvertalings se praktiese bruikbaarheid nie getoets is nie, deur 'n empiriese ondersoek te vul.

4.2 Doel van ondersoek

Die mate van die vertaalprodukte se praktiese bruikbaarheid hou verband met die korrektheid van die aannames ten opsigte van die doelgehoor se behoeftes wat in die vertaalopdragte gemaak is. Die hoofdoel van hierdie empiriese ondersoek is om te bepaal in watter mate die respondente se reaksie op die vertaalprodukte korreleer met hierdie aannames in die vertaalopdragte. 'n Meer spesifieke doel is om te bepaal of die deursneeleser een spesifieke tipe vertaling bo die ander verkies. Die hipotese is dat albei tipes vertalings in die gemeenskap gebruik kan word: die formele vertaling in die erediens en tydens Bybelstudie, en die informele vertaling tydens persoonlike stiltetyd.

4.3 Metodologie, teikenpopulasie en steekproefraamwerk

Die tipe empiriese studie wat uitgevoer is ten einde die praktiese bruikbaarheid van die vertaalprodukte te toets, is die "opname". Volgens Mouton (2001:152) is die opname 'n kwantitatiewe studie waarin daar gepoog word om 'n oorsig te verkry oor

'n verteenwoordigende steekproef wat deel is van 'n groter teikenpopulasie. Die proses van statistiese inferensie word dan gebruik om resultate wat op die steekproef gebaseer is, te veralgemeen ten einde 'n oorsig oor die mening van die teikenpopulasie te verkry (Bless & Higson-Smith 1995:86). Die teikenpopulasie is vir die doel van hierdie studie Afrikaanssprekende persone wat 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel gebruik. Die betrokke steekproefraamwerk bestaan uit Afrikaanssprekende persone tussen die ouderdom van 16 en 76 jaar wat 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel gebruik, en wat in een van die drie dorpe Gordonsbaai, Pniel of Stellenbosch woon. Die opname in elke dorp is in een Nederduits Gereformeerde gemeente en een gemeente van 'n ander denominasie uitgevoer, asook onder lede van die breër publiek ten einde 'n meer verteenwoordigende steekproef te probeer bewerkstellig. Daar moet op gelet word dat die steekproef as verteenwoordigend van die menings van persone in die teikenpopulasie, maar nie noodwendig as verteenwoordigend van alle Afrikaanssprekende persone beskou kan word nie.

Die mees praktiese en kostedoeltreffende meetinstrument vir 'n studie van hierdie omvang is gebruik, naamlik die gestruktureerde vraelys. Die vraelys is ook gekies omdat dit volgens Bless en Higson-Smith (1995:102) as meetinstrument gebruik kan word om 'n moontlike verband tussen twee veranderlikes te bepaal. Een van die doelwitte in hierdie opname was om te bepaal of daar 'n duidelike verband tussen die aard en die funksie van 'n spesifieke vertaling sou wees (§ 4.2).

Ongeveer 150 vraelyste is in elk van die dorpe Gordonsbaai, Pniel en Stellenbosch versprei, aangesien hierdie drie onderskeie gemeenskappe verteenwoordigend van die teikenpopulasie behoort te wees. Die minimum getal voltooide vraelyste wat uit 'n spesifieke dorp ontvang is, is 75. Ten einde 'n gebalanseerde steekproef te verkry, is die eerste 75 ingevulde vraelyste uit elke dorp gekies om deel van die steekproef te vorm. Die totale aantal ingevulde vraelyste wat deel vorm van hierdie steekproef is dus 228.

Die inligting wat uit die ingevulde vraelyste verkry is, is aan die Sentrum vir Statistiese Konsultasie aan die Universiteit Stellenbosch voorgelê. Die nodige statistiese toetse is gedoen om die resultate van die steekproef deur statistiese

inferensie te veralgemeen, ten einde 'n oorsig oor die mening van die teikenpopulasie te verkry (§ 4.5). Alle statistiese toetse is met 'n betekenispeil van 5% gedoen.

4.4 Samestelling van vraelys

Die vraelys (sien bylae 11) bestaan uit twee gedeeltes: Vraag 1 tot 6 handel oor die respondent se demografiese inligting, terwyl die respondent se mening oor die gegewe tekste in vraag 7 en 8 getoets word. In die eerste gedeelte is die respondente gevra om hulle ouderdom en moedertaal aan te dui (vraag 1 en 2), aangesien dit deel vorm van die spesifikasies van die steekproefraamwerk (§ 4.3). Verder is sommige aspekte van die respondente se Bybelleespatrone bepaal deur te vra by watter geleentheid hulle die Bybel gebruik (vraag 3), hoe gereeld hulle die Bybel lees (vraag 4), watter bestaande vertalings van die Bybel hulle gebruik (vraag 5) en watter een vertaling hulle die gereeldste lees (vraag 6). Hierdie inligting is nodig sodat daar 'n verband getrek kon word tussen die funksie van die Bybel en die tipe vertaling wat die respondente verkies.

Die tweede gedeelte van die vraelys bestaan uit dieselfde tien vrae vir vraag 7 en 8: vraag 7 handel oor Jesaja 1:1-9 (teks A en B), en vraag 8 handel oor Matteus 5:13-15 (teks C en D).²⁹ Daar is doelbewus twee verskillende tekstipes as voorbeeldtekste in die vraelys gebruik, naamlik 'n profetiese boek uit die Ou Testament (Jesaja) en 'n evangelie uit die Nuwe Testament (Matteus). Deur twee verskillende tekstipes te gebruik, is probeer om die kans te beperk dat die aard van een spesifieke teks die respondente se reaksie sodanig sou beïnvloed dat dit 'n vals beeld van hulle voorkeur vir 'n informele of formele vertaling sou skep. Dieselfde vrae word by albei teksgedeeltes gebruik en handel oor aspekte soos leesbaarheid, beeldspraak, voetnote, watter een van die twee tipes vertalings die respondent in 'n betrokke situasie sal wil gebruik, en watter een van die twee tipes vertalings by 'n nuwe vertaling van die Bybel ingesluit moet word.

Volgens weergawe 2 (DT2) se vertaalopdrag moet hierdie vertaling in so 'n mate doeltaalgeoriënteerd en informeel wees dat dit makliker lees en makliker verstaanbaar

²⁹ Omdat dieselfde vrae by vraag 7 en 8 gevra is en om verwarring te voorkom, word daar vervolgens net na vraag 7 verwys, hoewel dit vraag 8 ook insluit. Byvoorbeeld: “vraag 7.4 tot 7.8” moet verstaan word as “vraag 7.4 tot 7.8 en vraag 8.4 tot 8.8”.

is as weergawe 3 (DT1). (Die rede hiervoor is dat weergawe 3 op 'n doelgehoor met 'n hoër akademiese kwalifikasie gemik is.) Die respondent se keuses by vraag 7.1 en 7.3 behoort 'n aanduiding te wees of daar aan hierdie vereiste voldoen is: Eersgenoemde handel oor die leesbaarheid van die teks, terwyl laasgenoemde op die duidelikheid van die beeldspraak fokus.

Aangesien daar talle respondente in SENIS se ondersoek (2002)³⁰ was wat hulle mening oor “die oorspronklike Woord van God” uitgespreek het, is daar in hierdie ondersoek besluit om respondente se persepsie hieroor te toets. Dit word gedoen deur in vraag 7.2 te vra watter teks die respondent voel 'n nader weergawe aan die oorspronklike Woord van God is. Heelwat respondente het dan ook hulle gebrek aan kennis op dié gebied uitgewys (§ 4.6).

In vraag 7.4 tot 7.8 word daar op die behoeftes van die respondent gefokus, met ander woorde in watter situasies hy/sy 'n spesifieke tipe vertaling sal wil gebruik. In weergawe 3 se vertaalopdrag word die aanname gemaak dat hierdie formele vertaling in die erediens en vir Bybelstudie gebruik sal word (vraag 7.4 en 7.6), terwyl die aanname in weergawe 2 se vertaalopdrag gemaak word dat hierdie informele vertaling hoofsaaklik vir persoonlike stiltetyd aangewend sal word (vraag 7.5). Hierdie aannames word aan die hand van bogenoemde vrae getoets. Die respondent se behoefte ten opsigte van voetnote word met vraag 7.7 getoets. Die persepsie dat die deursneeleser nie voetnote wil lees nie, word hierdeur getoets.

Aangesien die doelgehoor so 'n belangrike rol in die daarstel van 'n funksionalistiese vertaling speel en hulle behoeftes in ag geneem behoort te word, word die respondent spesifiek gevra om aan te dui watter teks hy/sy as 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling sou verkies (vraag 7.8). By vraag 7.9 word probeer bepaal of die deursneeleser 'n behoefte het aan slegs een tipe vertaling en of meer as een Bybelvertaling gebruik sal

³⁰ Die Sentrum vir Interdissiplinêre Studie (SENIS) aan die Universiteit Stellenbosch het in 2001 tot 2002 in opdrag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n ondersoek geloods na die behoefte aan 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel. SENIS se naam het sedertdien verander na Sentrum vir Navorsing oor Wetenskap en Tegnologie (SENWET).


word, terwyl die respondente by vraag 7.10 voorstelle vir die vorige vraag of enige ander kommentaar kan invul.

4.5 Resultate en bevindings

Die resultate van die empiriese ondersoek berus op die ingevulde vraelyste van 225 respondente – 75 elk uit Gordonsbaai, Pniel en Stellenbosch. Die resultate word vervolgens op grond van elke vraag afsonderlik bespreek.

4.5.1 Vraag 1: ouderdom


Die ouderdom van die respondente wissel tussen 16 en 76 jaar, en soos in figuur 4.1 gesien kan word, is die steekproef verteenwoordigend ten opsigte van hierdie veranderlike.



Figuur 4.1 Ouderdomverspreiding van respondente

In figuur 4.2 word aangetoon dat die gemiddelde ouderdom van die respondente wat die formele vertaling verkies het (47 jaar), wel ietwat hoër is as dié van die respondente wat die informele vertaling verkies het (44 jaar). Hierdie verskil van drie jaar is egter


nie beduidend nie. Die persepsie dat dit noodwendig jonger mense is wat informele vertalings verkies, en dat ouer mense noodwendig formele vertalings verkies, word dus as onwaar bewys. Die gemiddelde ouderdom van die respondent wat albei vertalings gekies het (43 jaar) verskil te min van die bogenoemde twee kategorieë om statisties beduidend te wees. Die afleiding word gemaak dat die ouderdom van die respondent nie 'n noemenswaardige rol speel in sy/haar keuse ten opsigte van 'n formele en/of informele Bybelvertaling nie.



Figuur 4.2 Verband tussen gemiddelde ouderdom en keuse van tipe vertaling

4.5.2 Vraag 2: moedertaal

Die moedertaal van 68% van die respondente is Afrikaans, terwyl 32% Afrikaans sowel as Engels by die huis praat. Die verskil tussen hierdie twee groepe ten opsigte van hulle keuse van die tipes vertalings is nie beduidend nie (sien figuur 4.3). In hierdie steekproef word die keuse van 'n tipe vertaling dus nie sterk beïnvloed deurdat die respondent se moedertaal Afrikaans en/of Engels is nie.



Figuur 4.3 Verband tussen moedertaal en keuse van tipe vertaling

4.5.3 Vraag 3: geleenthede waar die Bybel gebruik word


By vraag 3, waar die respondente moes aandui by watter geleenthede hulle die Bybel gebruik, was meer as een antwoord toelaatbaar. Dit beteken dat sommige respondente al drie opsies gekies het. Van die respondente het 88% aangedui dat hulle die Bybel by die erediens gebruik, 61% gebruik die Bybel by 'n Bybelstudie- of selgroep, en 93% gebruik die Bybel tydens hulle persoonlike stiltetyd. Hieruit kan afgelei word dat die teikenpopulasie uiteenlopende behoeftes het wat deur een of meer tipes Bybelvertalings vervul moet word.

4.5.4 Vraag 4: frekwensie van gebruik

Daar is met hierdie vraag gepoog om te bepaal hoe gereeld die respondent die Bybel lees. Die oorgrote meerderheid, naamlik 76%, het aangedui dat hulle die Bybel drie of meer keer per week lees; 14% het aangedui dat hulle die Bybel een tot twee keer per week lees; 8% lees dit min maar hoor dit by die erediens; en 2% lees die Bybel een tot drie keer per maand. Die resultate van die ondersoek het getoon dat daar nie 'n beduidende verband bestaan tussen hoe gereeld die respondent die Bybel lees en watter tipe vertaling hy/sy verkies nie: 40% van al die respondente verkies die informele vertaling, 32% verkies die formele vertaling, en 28% wil albei vertalings gebruik.


4.5.5 Vraag 5: bestaande Bybelvertalings

By vraag 5 moes die respondente aantoon watter Afrikaanse en/of Engelse Bybels hulle tans gebruik. Dit behoort 'n aanduiding te wees van die deursneeleser se voorkeur ten opsigte van bestaande vertalings en kan moontlik impliseer aan watter tipe vertaling daar 'n behoefte in die gemeenskap bestaan.³¹ Die Bybelvertalings wat die meeste gebruik word, word in figuur 4.4 aangedui.



Figuur 4.4 Bestaande Bybelvertalings deur respondente gebruik

Op die kontinuum van Bybelvertalings (figuur 4.5) kan hierdie bestaande Bybelvertalings min of meer as volg voorgestel word:



Figuur 4.5 Kontinuum van sommige Bybelvertalings

³¹ Sien afdeling 3.1 vir Nida en Bratcher se mening oor die tipe Bybelvertalings wat in 'n gemeenskap benodig word.

Dit blyk uit figuur 4.4 en figuur 4.5 dat die respondente 'n groter aantal formele vertalings gebruik, hoewel die informele vertaling deur die meerderheid respondente by vraag 7.8 en 8.8 aangedui is as die tipe vertaling wat hulle in 'n nuwe Afrikaanse Bybel sou wou sien. In figuur 4.5 is dit duidelik dat die enigste Afrikaanse Bybel aan die formele kant van die kontinuum die OAV is wat reeds meer as vyftig jaar terug uitgegee is. Daar is dus 'n leemte in die kontinuum van Bybelvertalings wat betref 'n Afrikaanse weergawe.


4.5.6 Vraag 6: Bybel van voorkeur

Hier is die respondente gevra om aan te dui watter Bybelvertaling hulle die meeste gebruik. Die meeste respondente het die NAV gekies (38%), gevolg deur die OAV (25%), en 'n Studiebybel (7%). Aangesien die NAV die huidige, amptelike Afrikaanse vertaling van die Bybelgenootskap is, maak dit sin dat die meeste respondente dié vertaling as Bybel van voorkeur aangedui het. Dit is egter ook opmerklik dat soveel respondente steeds die OAV verkies, en kan 'n aanduiding wees dat daar 'n behoefte aan 'n formele Afrikaanse vertaling in die teikenpopulasie bestaan.

4.5.7 Vraag 7 en 8: spesifieke vrae ten opsigte van teks A tot D

In figuur 4.6 is 'n voorstelling van die vergelyking tussen die drie dorpe, Stellenbosch (S), Gordonsbaai (G) en Pniel (P), ten opsigte van die verband tussen die spesifieke area en die keuse van die informele of formele vertalings by vraag 7 en 8.


Op die y-as word formele vertaling deur die waarde 0 verteenwoordig en informele vertaling deur die waarde 2, terwyl die waarde 1 'n verteenwoordiging is van waar respondente albei tipes vertalings gekies het. Volgens hierdie grafiek verkies die meeste respondente om albei tipes vertalings te gebruik: Die aanduidings vir al drie dorpe lê nader aan die waarde 1 as aan die waardes 0 (informeel) of 2 (formeel). Daar is wel 'n klein verskil tussen Stellenbosch aan die een kant waar 'n sterker voorkeur vir informele vertaling getoon word, en Pniel aan die ander kant waar 'n sterker voorkeur vir formele vertaling getoon word.



Figuur 4.6 Vergelyking tussen drie dorpe se voorkeur-Bybel

Dieselfde tien vrae word by vraag 7 en 8 ten opsigte van twee verskillende teksgedeeltes gevra. Vraag 7 handel oor Jesaja 1:1-9 (teks A en B), terwyl vraag 8 oor Matteus 5:13-15 (teks C en D) handel. Teks A en C is die informele vertalings, terwyl teks B en D die formele vertalings is. Die respondente se voorkeur vir 'n formele of informele vertaling by vraag 8 het hoofsaaklik ooreengekom met dié by vraag 7, hoewel die persentasiegetalle minimaal verskil. Figuur 4.7 is 'n voorstelling van die gemiddelde persentasie respondente se voorkeur ten opsigte van die informele of formele tipe vertaling van vraag 7 en 8 saam.

In figuur 4.7 kan gesien word dat die informele vertaling by vyf uit die agt vrae bo die formele vertaling verkies word. Die persentasieverskille by die meeste vrae is klein, wat beteken dat die teks wat die minste gekies is, wel deur 'n beduidende persentasie respondente as hulle voorkeurtteks aangedui is.



Figuur 4.7 Voorkeur ten opsigte van formele of informele teks by vraag 7 en 8

Die informele vertaling is gekies as die teks

- wat meer leesbaar is (vraag 7.1 & 8.1),
- waarin die beeldspraak duideliker is (vraag 7.3 & 8.3),
- wat die meeste respondente in die erediens wil hoor (vraag 7.4 & 8.4),
- wat die meeste respondente in hulle persoonlike stiltetyd wil gebruik (vraag 7.5 & 8.5), en
- wat die meeste respondente in 'n nuwe vertaling van die Afrikaanse Bybel wil hê (vraag 7.8 & 8.8).

Na aanleiding van die eerste twee punte in bostaande paragraaf, kan die stelling gemaak word dat die informele vertaling (weergawe 2) geslaagd is in dié sin dat die vertaalopdrag se spesifikasie ten opsigte van leesbaarheid en duidelike beeldspraak nagekom is (sien bylae 1). Die aanname in die formele vertaling (weergawe 3) se vertaalopdrag dat hierdie vertaling juis in die erediens gebruik behoort te word, kan egter na aanleiding van die respondente se voorkeur bevraagteken word. Volgens die reaksie op vraag 7.4 verkies die meeste respondente die informele vertaling (weergawe 2) vir gebruik in die erediens.

Die aanname in die informele vertaling (weergawe 2) se vertaalopdrag dat die deursneeleser hierdie vertaling in sy/haar persoonlike stiltetyd wil gebruik, is deur die respondente se reaksie op vraag 7.5 bevestig. Let egter daarop dat, soos in figuur 4.7 aangetoon, die persentasieverskil tussen die voorkeur vir die informele teenoor die formele vertaling uiters klein is. Dit beteken dat 'n beduidende aantal respondente ook die formele vertaling vir gebruik in hulle persoonlike stiltetyd gekies het, en dat daar 'n duidelike behoefte bestaan om albei tipes vertalings vir hierdie doel aan te wend.

Die feit dat die meerderheid respondente by vraag 7.8 die informele teks gekies het om deel te vorm van 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling is teenstrydig met die resultate wat toon dat bestaande formele vertalings volgens figuur 4.5 meer gewild is. Verder is daar onlangs 'n informele Afrikaanse Bybelvertaling uitgegee, naamlik *Die Boodskap* (§ 2.2.17), wat nie op groot skaal deur hierdie respondente gelees word nie (sien figuur 4.4).

Die formele vertaling is gekies as die teks

- wat volgens die meeste respondente 'n nader weergawe van die “oorspronklike Woord van God” is (vraag 7.2 & 8.2),
- wat die meeste respondente tydens Bybelstudie wil gebruik (vraag 7.6 & 8.6),
en
- wat meer voetnote het en wat die meeste respondente bo die teks met minder voetnote verkies (vraag 7.7 & 8.7).

Volgens SENIS se opname (sien § 4.4) het heelwat respondente kommentaar gelewer oor die belangrikheid daarvan dat die “oorspronklike Woord van God” nie verlore moet gaan nie. Daarom het die navorser besluit om in hierdie opname te toets watter tipe vertaling die deursneeleser as die “oorspronklike Woord van God” bestempel (vraag 7.2). Soos in figuur 4.7 aangetoon, het 55% van die respondente die formele vertaling gekies, en kommentaar is gelewer soos dat die “formele taalgebruik” meer gepas is en dat die formele vertaling “meer heilig voel”.

Die aanname in die formele vertaling (weergawe 3) se vertaalopdrag dat die deursneeleser hierdie vertaling tydens Bybelstudie sal wil gebruik, is deur hierdie empiriese ondersoek bevestig. By vraag 7.6 het die meerderheid respondente die formele vertaling vir gebruik by Bybelstudie verkies. Die reaksie op vraag 7.7 wat handel oor die voorkeur vir minder of meer voetnote sluit hierby aan deurdat meer respondente die teks met die meer voetnote, met ander woorde die formele vertaling of weergawe 3, verkies het.

Wat die behoefte van die deursneeleser ten opsigte van die gebruik van 'n tipe vertaling by 'n spesifieke geleentheid betref (vraag 7.4 tot 7.6), moet daarop gelet word dat die persentasieverskille tussen voorkeur vir die formele teenoor die informele vertaling te klein is om statisties beduidend te wees. Dit blyk dus dat die persentasie gebruik van die tipe Bybelvertaling min of meer dieselfde bly, ongeag die geleentheid waar dit gebruik word.

Meer as 90% van die respondente het by vraag 7.9 aangetoon dat daar wel 'n ander gebruik is vir die teks wat hulle nie by vraag 7.8 (as deel van 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling) gekies het nie. Voorstelle deur die respondente vir spesifieke gebruike vir hierdie “ander teks” (vraag 7.10) het hoofsaaklik daarop neergekom dat teks B en D (formele vertalings) vir Bybelstudie, en teks A en C (informele vertalings) vir 'n Kinder- of Jeugbybel gebruik sou kon word. Dit bevestig die behoefte aan 'n formele vertaling vir die gebruik by Bybelstudie, terwyl die aanname in die informele vertaling se vertaalopdrag dat hierdie vertaling deur mense met 'n laer akademiese kwalifikasie gebruik sal word, ook bevestig is.

Kommentaar wat by vraag 7.10 gelewer is, kom vanuit die Pniel-gemeenskap wat kaspie gemaak het teen die gebruik van die woord “baas” in Jesaja 1:3. Dit beklemtoon die belangrikheid daarvan om die konteks en (veral in Suid-Afrika) die geskiedenis van die doelgehoor tydens die vertaalproses in ag te neem. Soortgelyke probleme kan voorkom word deur die medewerkers so verteenwoordigend moontlik van die teikenpopulasie te maak.

Nog 'n punt van kritiek was dat die taal waarin die voetnote geskryf is, te hoogdrawend is. Die styl en register van die vertaling self (deel van die enger teks)

stem dus nie ooreen met dié van die voetnote (deel van die wyer teks) nie. Die oorsaak hiervan is dat daar tydens die Stellenbosch-projek hoofsaaklik op die enger teks gefokus is. By die vertaalspanne se vergaderings is slegs genoem waar voetnote ingesit moes word, terwyl die aard en styl daarvan glad nie bespreek is nie. Wanneer 'n nuwe Bybelvertaling geskep word, moet die onderskeie aspekte van die enger sowel as die wyer teks in die vertaalopdrag gespesifiseer word sodat die fokus op die produk as geheel val.

4.6 Samevatting

Die hoofdoel van hierdie empiriese ondersoek was om te bepaal in watter mate die respondente se reaksie op die vertaalprodukte wat tydens die Stellenbosch-projek gemaak is, korreleer met die aannames wat ten opsigte van die deursneeleser se behoeftes in die vertaalopdragte gemaak is. Daar is bevind dat die aannames bevestig is, behalwe in die geval waar die respondente nie die formele vertaling soos verwag nie, maar wel die informele vertaling vir gebruik in die erediens verkies het. Die persentasieverskille is egter nie beduidend nie, wat beteken dat daar 'n behoefte bestaan aan albei tipes vertalings in enige gebruikssituasie.

'n Meer spesifieke doel van die empiriese ondersoek was om te bepaal of die deursneeleser een spesifieke tipe vertaling bo die ander sou verkies. Die resultate wys op die uiteenlopende behoeftes van die doelleeser en bevestig dat daar 'n behoefte aan verskeie tipes Bybelvertalings in 'n gemeenskap bestaan (sien § 3.1). Hierdeur word die hipotese (sien § 4.2) bewys, hoewel die statistiese verskille nie beduidend is ten opsigte van die voorkeur vir die formele vertaling tydens Bybelstudie, en die informele vertaling tydens persoonlike stiltetyd nie.

'n Belangrike punt wat in die resultate gesien kan word, is dat bestaande formele Bybelvertalings by die deursneeleser byval vind en gebruik word. Aangesien die enigste Afrikaanse vertaling in dié kategorie meer as vyftig jaar gelede uitgegee is, ontwikkelinge in die taal-, vertaalkunde en in die gemeenskap in ag geneem en in 'n Bybelvertaling verdiskonteer behoort te word, blyk dit duidelik dat daar 'n leemte in die kontinuum van Bybelvertalings bestaan wat moontlik deur 'n formele Afrikaanse Bybelvertaling gevul kan word.

Hoofstuk 5

Samevatting

5.1 Inleiding

Vertaling, en in die besonder Bybelvertaling, het deur die eeue ’n vormende invloed op ’n groot deel van die wêreld se tale en kulture gehad. Tog word die vertaalkunde eers sedert die middel van die twintigste eeu as ’n volwaardige akademiese dissipline erken. Dié studieveld kan as gevolg van invloede uit ander dissiplines as ’n interdissiplinêre omgewing beskryf word wat uiteenlopende benaderings tot vertaling tot gevolg het (§ 1.2). Dit beteken dat daar nie net een korrekte wyse is waarop ’n teks vertaal kan word nie, en dat die aard van ’n spesifieke vertaling veral deur die tipe doelgehoor beïnvloed word. Dit is een van die insigte wat toegepas is in die Stellenbosch-vertaalprojek tydens die maak van proefvertalings van die Bybel in Afrikaans (§ 3.2), en een van die redes waarom hierdie projek binne ’n funksionalistiese raamwerk geskied het.

5.2 Samevatting en gevolgtrekkings

Die doel van hierdie studie was drieledig: eerstens, om aan te toon dat die “nuwe” vertaalmodel wat in die Stellenbosch-vertaalprojek gebruik is, naamlik Gutt se direkte en indirekte vertaling as vertaalstrategie binne Nord se funksionalistiese benadering as raamwerk, teoreties goed gefundeer is; tweedens, om annotasies van die indirekte (weergawe 2) en direkte vertaling (weergawe 3) van drie Bybelgedeeltes te verskaf ten einde te bepaal in watter mate dit moontlik was om die gekose vertaalmodel in die praktyk toe te pas; en derdens, om ’n empiriese studie te doen ten einde te bepaal of die deursneeleser se reaksie op die vertaalprodukte ooreenstem met die skopi wat in die vertaalopdragte geformuleer is.

Die **eerste doel** van hierdie studie was om aan te toon dat die nuwe vertaalmodel wat in die Stellenbosch-vertaalprojek gebruik is (Gutt se direkte en indirekte vertaling binne Nord se funksionalistiese benadering as raamwerk) wel teoreties goed gefundeer is (sien § 1.6). As agtergrond is die belangrikste benaderings tot Bybelvertaling deur die eeue aan die hand van spesifieke Bybelvertalings bespreek (§ 2.2).

Die navorser het gehoop om hierdeur insig te verkry in sommige van die faktore wat 'n Bybelvertaling beïnvloed, aangesien sodanige faktore dan in die vertaalopdrag van 'n bepaalde vertaling verreken kan word. Die oorkoepelende gevolgtrekking wat uit hierdie oorsig oor Bybelvertalings deur die eeue voortgevloei het, is dat die doelgehoor 'n bepalende rol in die karakter van 'n Bybelvertaling speel. Die doelgehoor het soveel uiteenlopende behoeftes, dat dit haas onmoontlik is om slegs een Bybelvertaling te maak wat aan almal se behoeftes kan voldoen. 'n Oplossing is om verskeie vertalings vir spesifieke doeleindes te maak. Wanneer so 'n vertaling binne 'n funksionalistiese raamwerk geskied, moet die skopos van die vertaling sowel as die tipe doelgehoor duidelik in die vertaalopdrag uiteengesit word.

In die oorsig oor sommige van die belangrikste Bybelvertalings (§ 2.2) is Nida as 'n uiters belangrike rolspeler in Bybelvertaling geïdentifiseer. Hoofmomente van sy vertaalmodel word in afdeling 2.3 uiteengesit. Daar word aangetoon dat hy konsepte van die nuutste taalkundige ontwikkelinge op daardie stadium, naamlik die kodemodel van kommunikasie en Chomsky se beskrywing van taal, op vertaling van toepassing gemaak het om sy eie vertaalmodel te formuleer. Die formulering van sy vertaalteorie het bygedra tot die vestiging van die vertaalkunde as akademiese dissipline, en het ook 'n hele reeks funksioneel-ekwivalente Bybelvertalings tot gevolg gehad.

Hoewel Nida die doeltaalkultuur in veral sy latere werke beklemtoon, bly die fokus van sy werk op die linguistiese oordrag van 'n gekodeerde boodskap. Dit is een van die punte van kritiek wat in afdeling 2.4 bespreek word. Die basis van sy vertaalbenadering, naamlik die kodemodel van kommunikasie, word as onvoldoende beskou vir die beskrywing van vertaling as verskynsel. Verla in Bybelvertaling veroorsaak die groot temporele gaping dat die hedendaagse leser so ver in tyd en plek van die oorspronklike outeur verwyder is, dat die proses nie as 'n eenvoudige dekodering van 'n boodskap beskryf kan word nie.

Die gevolgtrekking word gemaak dat Nida deur die formulering van sy vertaalmodel 'n onontbeerlike rol in die vestiging van die vertaalkunde as 'n akademiese dissipline gespeel het, dat die stroom funksioneel-ekwivalente Bybelvertalings met vrag in die sendingveld gebruik kon word, en dat menige persoon die Woord in sy/haar

hedendaagse omgangstaal soveel beter kon verstaan. Ontwikkelinge in die taal- en vertaalkunde het egter daartoe gelei dat sommige van Nida se basiese uitgangspunte en teoretiese konsepte al hoe meer bevraagteken is. Daar is onvermydelik ook begin vra of daardie ontwikkelinge in die vertaalkunde nie betekenisvolle implikasies vir Bybelvertaling sou hê nie.

In die soeke na alternatiewe vertaalmodelle vir Bybelvertaling, bespreek die navorser nuwe ontwikkelinge in die taal- en vertaalkunde, onder andere Sperber en Wilson se beskrywing van die Relevansieteorie (§ 2.5) wat deur Gutt op vertaling van toepassing gemaak is. Gutt sien vertaling as sekondêre kommunikasie en baseer sy direkte en indirekte vertaling onderskeidelik op direkte en indirekte aanhaling (§ 2.6.1). Volgens hom word effektiewe kommunikasie deur relevansie bepaal en moet die vertaler die doelleser se kognitiewe omgewing in ag neem wanneer hy/sy kommunikatiewe leidrade verskaf wat vir die doelleser relevant is om sodoende die boodskap van die bronteks oor te dra.

Hierdie fokus op die doelleser se konteks weerklink nog sterker in die funksionalistiese benadering tot vertaling (§ 2.6.2). Veral Nord se weergawe van die Skoposteorie word as 'n ontwikkeling in die vertaalkunde en as 'n alternatiewe benadering tot Bybelvertaling ondersoek. Die vertaalopdrag speel 'n sentrale rol in haar benadering: Dit dien as raamwerk vir 'n vertaalprojek waarbinne punte soos die funksie of skopos van die vertaling, die tipe doelgehoor en die vertaalstrategieë beskryf kan word. Met die vertaalopdrag as raamwerk kan daar dus, afhangend van die skopos van die vertaling, uiteenlopende tipes vertalings gemaak word. Dit beteken egter dat daar 'n onbeperkte aantal funksies vir 'n spesifieke vertaling kan wees. Nord plaas 'n beperking hierop deur die konsep lojaliteit: Die vertaler het 'n etiese verantwoordelikheid teenoor die bronteks sowel as teenoor die doelttekssituasie (§ 3.2.1). Die konsep lojaliteit is veral in Bybelvertaling van belang, aangesien dit beteken dat die grondteks nog steeds 'n prominente rol speel, terwyl die klem ook op die doelleser se behoeftes geplaas word.

Nord en Gutt se benaderings tot vertaling is deur kenners in Stellenbosch geïdentifiseer as benaderings wat belofte inhou vir die vertaling van die Bybel op grond van teoreties verantwoordbare raamwerke. Die versoek van die Kerklike

Advieskomitee van die Bybel in Afrikaans om 'n projek te loods waartydens proefvertalings van die Bybel in Afrikaans gemaak moes word, is dus as gulde geleentheid gesien om hierdie benaderings tot vertaling op die vertaling van die Bybel te toets (§ 3.2). 'n Nuwe vertaalmodel is geformuleer deur Nord se funksionalistiese benadering as raamwerk te gebruik waarbinne Gutt se direkte en indirekte vertaling as vertaalstrategieë aangewend is (§ 3.2.2).

Teoloë, vertaal-, taal- en letterkundiges het in spanne saamgewerk: Die teoloë het 'n brontaalgerigte teks met uitgebreide voetnote geskep (weergawe 1), die vertalers het weergawe 1 as uitgangspunt gebruik om 'n formele teks in die doeltaalidoom te skep (weergawe 3), die vertalers het aanpassings aan weergawe 3 gemaak om 'n informele teks te skep (weergawe 2), en die vertaalprodukte is by 'n vergadering deur die betrokke vertaalspan bespreek waartydens die taal- en letterkundiges ook hulle bydraes ten opsigte van idiomatiese doeltaalgebruik gelewer het.

Die fokuspunt tydens die Stellenbosch-vertaalprojek was die teoretiese verantwoordbaarheid van die nuwe vertaalmodel. Die praktiese implikasies, naamlik die toepasbaarheid van die model en die bruikbaarheid van die vertaalprodukte, is nie ondersoek nie. Die **tweede doel** van hierdie studie (sien § 1.6) was om annotasies van die indirekte (weergawe 2) en direkte vertaling (weergawe 3) van drie Bybelgedeeltes te verskaf (§ 3.3) ten einde twee aspekte te toets: a) die hipotese dat die onderskeid wat Gutt tussen direkte en indirekte vertaling tref, beskrywend is van die verskille tussen weergawe 3 en 2 onderskeidelik, en b) die mate waarin die vertaler daarin geslaag het om hierdie spesifieke abstrakte vertaalmodel in die praktyk toe te pas. Nord se klassifikasie van vertaalprobleme tussen die bron- en doeltteks, naamlik interkulturele, interlinguistiese, teksspesifieke en pragmatiese vertaalprobleme, is gebruik. Die navorser het hierdie klassifikasie ook gebruik om die verskille tussen die formele (DT1) en die informele vertaling (DT2) te beskryf (§ 3.3.2).

Die Stellenbosch-vertaalprojek se hipotese (§ 3.2.1) dat Gutt se direkte en indirekte vertaling as vertaalstrategie vir weergawe 3 en 2 onderskeidelik gebruik kan word, is as waar bewys. Daar is ook bevind dat die abstrakte teoretiese model wel met sukses in die praktyk toegepas kan word, hoewel die vertaler in sommige gevalle in DT1 (hoofsaaklik by idiome) van die beginsels van direkte vertaling afgewyk het deur die

betekenis in die enger teks in plaas van in die wyer teks (byvoorbeeld in 'n voetnoot) te plaas. Die vertaler het dus van eksplisering gebruik gemaak wat 'n universaliteit en algemene verskynsel in vertaalde tekste is (sien § 3.3.2.1.1), maar nie binne die raamwerk van Gutt se direkte vertaling toelaatbaar is nie.

Nog 'n praktiese implikasie van die gekose vertaalmodel, naamlik die bruikbaarheid van die vertaalprodukte vir die deursneeleser, is nie tydens die Stellenbosch-vertaalprojek ondersoek nie. Die **derde doel** van hierdie studie (sien § 1.6) was om 'n empiriese studie te doen in 'n poging om te bepaal of die deursneeleser se reaksie op die vertaalprodukte ooreenstem met die skopi wat in die vertaalopdragte geformuleer is. Volgens die aannames in die vertaalopdragte sou daar 'n duidelike verband tussen die aard van die vertaling (formeel/informeel) en die funksie van die Bybel wees: dat die deursneeleser 'n spesifieke tipe vertaling by 'n spesifieke tipe geleentheid sou wou gebruik. 'n Meer spesifieke doel van die empiriese studie was om te bepaal of die deursneeleser een spesifieke tipe vertaling bo die ander sou verkies.

Die navorser het 'n gestruktureerde vraelys gebruik en 'n steekproef van beperkte omvang gedoen. Die resultate (§ 4.5) het getoon dat albei tipes vertalings by die respondente byval gevind het. Daar is wel 'n verband tussen die aard en die funksie van die Bybel gevind: Die informele vertaling (weergawe 2) is aangedui as die teks wat die respondente in hulle persoonlike stiltetyd sou wou gebruik, terwyl die formele vertaling (weergawe 3) vir gebruik tydens Bybelstudie verkies is. Verder het dit geblyk dat die deursneeleser nie die formele vertaling (volgens hierdie spesifieke vertaalopdrag) in die erediens wil gebruik nie, maar eerder die informele vertaling. Volgens die resultate het die meeste respondente 'n voorkeur ten opsigte van die informele vertaling vir 'n nuwe Bybelvertaling aangedui. Daar is egter nie 'n groot verskil in die getal respondente wat die informele vertaling teenoor die formele vertaling verkies het, en selfs dié wat albei vertalings as bruikbaar aangetoon het nie (figuur 4.3). Die verband tussen die aard van die vertaling (formeel/informeel) en die funksie van die Bybel was dus ook nie statisties beduidend nie: Die deursneeleser verkies nie altyd dieselfde tipe vertaling by 'n spesifieke tipe geleentheid nie, maar wil van albei tipe vertalings gebruik maak.

5.3 Verdere navorsingsmoontlikhede

Aangesien die Bybel ’n religieuse dokument is, speel die ideologie van die vertaler ’n uiters prominente rol in die vertaalproses. In die oorsig oor spesifieke Bybelvertalings (§ 2.2) is gesien dat nuwe vertalings van die Bybel gemaak is in reaksie op die ideologiese standpunt van ander Bybels, byvoorbeeld die KJV (1611) wat in teenstelling met die *Geneefse Bybel* (1560) geen kantaantekeninge gehad het nie (§ 2.2.5). ’n Verdere ondersoek wat dus gedoen kan word, is om die vertaalprodukte van die Stellenbosch-projek te ontleed met die oog op vertaalkeuses wat moontlik deur die vertaler se ideologie beïnvloed is.

Toury noem die onderskeie aspekte wat die vertaler beïnvloed die “norme van vertaling”. Hy onderskei tussen drie tipes norme (1995:56-61): Die inisiële norm behels die basiese keuse tussen ’n bronkultuur- of doelkultuurgeoriënteerde vertaling; die preliminêre norme behels die keuse van die teks wat vertaal moet word, sowel as die oorhoofse vertaalstrategie; en die operasionele norme het te make met die spesifieke besluite (byvoorbeeld ten opsigte van linguistiese keuses) wat die vertaler tydens die vertaalproses neem. Die beskrywing van hierdie norme op Bybelvertaling kan daartoe bydra dat vertalers bedag daarop sal wees en ’n objektiewer vertaling kan skep.

So ’n beskrywende studie behoort egter op grond van meer tekste gedoen te word en ook nie so gelokaliseerd soos hierdie studie wees nie. Die vertaalprodukte van die drie ander universiteite wat deur die Kerklike Advieskomitee van die Bybel in Afrikaans genader is (§ 3.2), kan ook ontleed en met dié van die Stellenbosch-projek vergelyk word. Die bevindinge van ’n korpusstudie wat in meer streke uitgevoer is, kan nuttig wees wanneer die volgende vertaling van die Bybel in Afrikaans gemaak word.

5.4 Toepassing op ’n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans

Die interdisiplinêre aard van die vertaalkunde het in die Stellenbosch-vertaalprojek neerslag gevind deurdat vertaalbenaderings uit verskillende oorde saamgevoeg is om ’n “nuwe” vertaalmodel te vorm. Hoewel ’n beperkte aantal tekste geannoteer is, het die annotasies aangetoon dat hierdie vertaalmodel wel in die praktyk toegepas kan word (§ 3.3). Indien ’n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans volgens hierdie

vertaalmodel gemaak sou word, is daar veral twee punte van kritiek wat, soos dit uit hierdie studie blyk, in die vertaalopdrag gespesifiseer en omskryf behoort te word. Dit is die hantering van figuurlike taal soos idiome en die fokus op voetnote.

Hoewel eksplisiering 'n algemene verskynsel in vertaalprodukte is, is dit nie binne die raamwerk van Gutt se direkte vertaling toelaatbaar nie. Daar behoort dus in die vertaalopdrag gespesifiseer te word dat vertalers veral moet let op figuurlike taal soos idiome en metafore wat volgens Gutt in 'n voetnoot verduidelik moet word, in stede daarvan om dit in die enger teks te ekspliseer. Op hierdie manier kan die leser die kulturele vreemdheid van die Bybelse wêreld ervaar, terwyl die betekenis van die teks wel in die voetnoot beskikbaar is.

Nog 'n punt wat in die vertaalopdrag gespesifiseer kan word, is dat die vertalers behoort te let op die taal waarin die voetnote geskryf is. Soos dit uit hierdie studie blyk, is dit maklik om só op die enger teks te fokus, dat daar nie genoeg aandag aan die wyer teks geskenk word nie. Die voetnote is in die Stellenbosch-projek afgeskep, terwyl dit juis 'n toeganklike en gebruikersvriendelike hulpmiddel vir die lesers behoort te wees sodat hulle die teks beter kan verstaan.

Die vertaalspanne in die Stellenbosch-projek het uit teoloë, vertaal-, taal- sowel as letterkundiges bestaan. Hierdie samewerking tussen brontaal- en doeltaalkenners is baie belangrik wanneer die nuutste ontwikkelinge in die vertaalkunde op Bybelvertaling toegepas word: Die multidissiplinêre aard van so 'n vertaalprojek bied die geleentheid om 'n kwaliteitvertaling te skep wat aan die behoeftes van die doelgehoor voldoen. Die medewerkers behoort egter deeglike opleiding in die toepaslike vertaalteoretiese agtergrond en die praktiese implikasies daarvan te ontvang. Dit is belangrik, omdat die vertaalstrategieë afhang van die teoretiese benadering wat tydens die vertaalprojek gevolg word. Terselfdertyd behoort die medewerkers ook deeglike opleiding in die toepaslike kulturele agtergrond van die Bybel te ontvang, aangesien die betekenis van die bronteks afhang van die konteks waarin dit geskryf is, en die medewerkers tot 'n mate daarvoor verantwoordelik is om die vreemde Bybelse kultuur vir die doelgehoor toeganklik te maak.

5.5 Slot

Die klem wat al hoe meer op die uiteenlopende behoeftes van die doelgehoor val, word nie net in die vertaalkunde waargeneem nie, maar ook in Bybelvertaling waar verskeie tipes Bybels in 'n spesifieke taal in die mark beskikbaar is. In die steekproef wat in hierdie studie gedoen is, is bevind dat die Afrikaanse deursneeleser nie net 'n indirekte nie, maar ook 'n direkte vertaling verlang. Ten spyte van die talle Engelse Bybelvertalings wat reeds op die mark is, word daar steeds menings uitgespreek dat daar nog vertalings nodig is, soos Van Leeuwen (2001) wat ook die maak van 'n direkte vertaling voorstaan.

Op die vraag watter impak hierdie talle vertalings het, antwoord Nida tydens 'n onderhoud (Neff 2002) dat dit uiters belangrik is om onderskeie vertalings te hê omdat dit mense aan die dink sit. Deur 'n nuwe formele Bybelvertaling in Afrikaans beskikbaar te stel, kan die doelgehoor die geleentheid gegun word om hierdie vertaling saam met bestaande informele vertalings te gebruik ten einde die wêreld en kultuur van die Bybel, en daarmee saam die boodskap van die Bybel, beter te kan verstaan.

LITERATUUR

- American Standard Version* 1901. La Habra: The Lockman Foundation.
- Báez-Camargo, G. 1980. The Dead Sea scrolls and the translator. *The Bible Translator*, 31(4): 438-440.
- Bassnett, S. 1991. *Translation Studies*. Londen: Routledge.
- Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. Tweede uitgawe. *Fundamentals of social research methods: an African perspective*. Kenwyn: Juta.
- Boekwurm [Intyds]. 2003. “Beste Christelike boeke van die jaar aangewys”. Augustus 2003. Beskikbaar by http://www.boekwurm.co.za/blad_nuus/nuus_argief_2003/2003_37.html. [2004, 25 Augustus].
- Boodskap, Die* 1997. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Carson, D. 1985. The limits of dynamic equivalence in Bible translating. *Evangelical Review of Theology*, (9): 200-213.
- Carson, D. 1993. New Bible translations: an assessment, in H. Kee (red.). *The Bible in the 21st century*. New York: American Bible Society. 37-75.
- Catford, J. 1965. *A linguistic theory of translation*. Londen: Oxford University Press.
- Chesterman, A. (red.) 1989. *Readings in translation theory*. Helsinki: Oy Finn Lectura Ab.
- Deist, F. 1993. Presuppositions and contextual Bible translation. *Journal of Northwest Semitic Languages*, XIX: 13-23.

- Delisle, J. & Woodsworth, J. (reds.). 1995. *Translators through history*. Amsterdam: John Benjamins.
- De Waard, J. & Nida, E. 1986. *From one language to another: functional equivalence in Bible translating*. New York: Thomas Nelson.
- Ellis, R. & Oakley-Brown, L. 1998. British tradition, in M. Baker (red.). *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Londen: Routledge. 333-347.
- English Revised Version* 1885. Philadelphia: Hubbard Brothers.
- Ewert, D. 1983. *A general introduction to the Bible: From ancient tables to modern translations*. Michigan: Academie.
- Fensham, F. 1974. Afrikaans en die kerk, in B. de Kock et al. (reds.). *Afrikaans: Ons pèrel van groot waarde*. Johannesburg: Perskor. 56-65.
- Frerichs, E. 1992. American versions, in D. Freedman (red.). *Anchor Bible Dictionary*. Volume 6. Londen: Doubleday. 834-838.
- Gentzler, E. 1993. *Contemporary translation theories*. Londen: Routledge.
- Good News Bible* 1976. Glasgow: William Collins.
- Good News Bible [Intyds]. 2004. Beskikbaar: <http://www.bible-researcher.com/tev.html>. [2004, 25 Augustus].
- Grether, H. 1992. Versions, modern era, in D. Freedman (red.). *Anchor Bible Dictionary*. Volume 6. Londen: Doubleday. 842-851.
- Grice, H. 1957. Meaning. *Philosophical Review*, 66: 377-388.
- Grice, H. 1968. Utterer's meaning, sentence meaning and word meaning. *Foundations of Language*, 4: 225-242.

- Groenewald, E. 1984. Die Afrikaanse Bybel (1933-1983) in perspektief beskou. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 25(1): 8-17.
- Gutt, E-A. 1991. *Translation and relevance: cognition and context*. Oxford: Blackwell.
- Gutt, E-A. 2000. *Translation and relevance: cognition and context*. Tweede uitgawe. Oxford: Blackwell.
- Hall, I [Intyds]. 1881. The present revision movement. Beskikbaar by <http://www.bible-researcher.com/ervhistory.html> [2004, 19 Augustus].
- Halverson, S. 1997. The concept of equivalence in Translation Studies: much ado about something. *Target*, 9(2): 207-233.
- Harrelson, W. 1991. Recent discoveries and Bible translation, in B. Metzger, R. Dentan & W. Harrelson. *The making of the New Revised Standard Version of the Bible*. Michigan: Eerdmans. 23-45.
- HAT: Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. 2000. Vierde uitgawe. Midrand: Perskor.
- Hatim, B. 2001. *Teaching and researching translation*. Harlow: Longman.
- Hatim, B. & Mason, I. 1990. *Discourse and the translator*. Londen: Longman.
- Hermanson, E. 2002. A brief overview of Bible translation in South Africa, in J. Naudé & C. van der Merwe (reds.). 2002. *Contemporary Translation Studies and Bible translation: a South African perspective*. *Acta Theologica Supplementum 2*. 6-18.
- Holy Bible, The [Intyds]. 2004. Beskikbaar by <http://hope.edu/academic/religion/bandstra/BIBLE/BIBLE.htm>. [2004, 25 Augustus].

- Joubert, S. 2002. No culture shock? Addressing the Achilles heel of modern Bible Translations, in J. Naudé & C. van der Merwe (reds.). 2002. *Contemporary Translation Studies and Bible translation: a South African perspective. Acta Theologica Supplementum 2*. 30-41.
- Kee, H. (red.). 1993. *The Bible in the 21st century*. New York: American Bible Society.
- Kelly, L. 1998. Latin tradition, in M. Baker (red.). *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Londen: Routledge. 495-503.
- Kenny, D. 1998. Equivalence, in M. Baker (red.). *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Londen: Routledge. 77-80.
- King James Version* 1611. Londen: Samuel Bagster.
- Kerkpad, Die* [Intyds]. 2003. "Nog 'n parafraserende Afrikaanse vertaling van die Bybel bekendgestel". 7(1) Januarie. Beskikbaar by <http://home.mweb.co.za/ke/kerkpad/januarie2003/pers1.html>. [2004, 25 Augustus].
- Kittel, H. & Poltermann, A. 1998. German tradition, in M. Baker (red.). *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Londen: Routledge. 418-426.
- Klaudy, K. 1998. Explication, in M. Baker (red.). *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Londen: Routledge. 80-84.
- Koller, W. 1995. The concept of equivalence and the object of Translation Studies. *Target*, 7(2): 191-222.
- Laviosa-Braithwaite, S. 1998. Universals of translation, in M. Baker (red.). *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Londen: Routledge. 288-291.

- Lewis, J. 1992. Versions, English, in D. Freedman (red.). *Anchor Bible Dictionary*. Volume 6. Londen: Doubleday. 816-834.
- Lewende Bybel* 1982. Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Living Bible* 1971. Cambridge: Tyndale House.
- Luther, M. 1530. Sendbrief vom Dolmetschen, in H. Störig (red.). *Das Problem des Übersetzens*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft (1963). 14-32.
Vertaal deur Douglas Robinson as Circular Letter on Translation, in *Western translation theory from Heroddotus to Nietzsche*. Manchester: St Jerome. 1997. 84-89.
- Metzger, B. 2001. *The Bible in translation: Ancient and English versions*. Grand Rapids: Baker Academic.
- Metzger, B., Dentan, R. & Harrelson, W. 1991. *The making of the New Revised Standard Version of the Bible*. Michigan: Eerdmans.
- Mojola, A. 2002. Bible translation in Africa: What implications does the new UBS perspective have for Africa? An overview in the light of the emerging new UBS translation initiative, in J. Naudé & C. van der Merwe (reds.). 2002. *Contemporary Translation Studies and Bible translation: a South African perspective*. *Acta Theologica Supplementum 2*. 202-213.
- Mojola, A. & Wendland, E. 2003. Scripture translation in the era of Translation Studies, in T. Wilt (red.). *Bible translation: frames of reference*. Manchester: St Jerome. 1-25.
- Mouton, J. 2001. *How to succeed in your Master's & Doctoral Studies: a South African guide and resource book*. Pretoria: Van Schaik.
- Munday, J. 2001. *Introducing Translation Studies: theories and applications*. Londen: Routledge.

- Naudé, J. 2002. An overview of recent developments in Translation Studies with special reference to the implications for Bible translation, in J. Naudé & C. van der Merwe (reds.). *Contemporary Translation Studies and Bible translation: a South African perspective. Acta Theologica Supplementum 2*. 44-69.
- Naudé, J. & Van der Merwe, C. 2002. Introduction: Contemporary Translation Studies and Bible translation, in J. Naudé & C. van der Merwe (reds.). *Contemporary Translation Studies and Bible translation: a South African perspective. Acta Theologica Supplementum 2*. 1-5.
- Neff, D [Intyds]. 2002. Meaning-full translations. *Christianity Today* 46(11): 46. Beskikbaar by <http://www.christianitytoday.com/ct/2002011/2.46.html>. [2004, 23 September].
- Neubert, A. & Shreve, M. 1992. *Translation as text*. Kent: Kent State University Press.
- New American Bible* 1970. Washington: Confraternity of Christian Doctrine.
- New English Bible* 1972. Oxford: Oxford University Press.
- New International Version* 1978. Grand Rapids: Zondervan.
- Newmark, P. 1982. *Approaches to translation*. Oxford: Pergamon Press.
- Newmark, P. 1988. *A textbook of translation*. Londen: Prentice Hall.
- New Revised Standard Version* 1989. Nashville: Thomas Nelson.
- Nida, E. 1964. *Toward a science of translating*. Leiden: Brill.
- Nida, E. 1972. Communication and translation. *The Bible Translator*, 23(3): 309-316.

- Nida, E. 1979. Translating means communicating: a sociolinguistic theory of translation II. *The Bible Translator*, 33(3): 318-325.
- Nida, E. 1982. New words for old meanings. *The Bible Translator*, 33(4): 424-430.
- Nida, E. 1991. The paradoxes of translation. *The Bible Translator*, 42(2a): 5-27.
- Nida, E. 1992. Theories of translation, in D. Freedman (red.). *Anchor Bible Dictionary*. Volume 6. Londen: Doubleday. 512-515.
- Nida, E. 1996. Translation: possible and impossible, in M. Gaddis Rose (red.). *Translation horizons beyond the boundaries of translation spectrum: translation perspectives IX*. Binghamton: State University of New York.
- Nida, E. 1998. Bible translation, in M. Baker (red.). *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Londen: Routledge. 22-28.
- Nida, E. & Taber, C. 1969. *The theory and practice of translation*. Leiden: Brill.
- Nienaber, P. & Heyl, J. g.d. *Die Afrikaanse Bybelvertaling*. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.
- Nord, C. 1991a. Scopus, loyalty, and translational conventions. *Target*, 3(1): 91-109.
- Nord, C. 1991b. *Text analysis in translation*. Amsterdam: Rodopi.
- Nord, C. 1997a. A functional typology of translation, in A. Trosborg (red.). *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins. 43-66.
- Nord, C. 1997b. *Translation as a purposeful activity: Functionalist approaches explained*. Manchester: St Jerome.

- Nord, C. 2001a. Bridging the cultural gap. Bible translation as a case in point. Ongepubliseerde referaat gelewer by die konferensie van die Linguistevereniging van Suider-Afrika by die Universiteit van die Vrystaat, Suid-Afrika. 2 tot 4 Julie 2001.
- Nord, C. 2001b. Loyalty revisited: Bible translation as a case in point. *The Translator*, 7(2): 185-202.
- Nuwe Afrikaanse Bybel* 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Ou Afrikaanse Vertaling* 1933. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Orlinsky, H. & Bratcher, R. 1991. *A history of Bible translation and the North American contribution*. Atlanta: Scholars.
- Porter, S. 1999. The Contemporary English Version and the ideology of translation, in S. Porter & R. Hess (reds.). *Translating the Bible: problems and prospects*. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Reiss, K. 1971. Type, kind and individuality of text: decision making in translation, in L. Venuti (red.) 2000. *The Translation Studies reader*. Londen: Routledge. 160-171.
- Revised Standard Version* 1952. New York: Thomas Nelson.
- Schäffner, C. 2001. *Annotated texts for translation: English-German. Functionalist approaches illustrated*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Sentrum vir Interdissiplinêre Studie aan die Universiteit Stellenbosch (SENIS). 2002. 'n Ondersoek na die behoefte aan 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel.
- Smalley, W. 1991. *Translation as mission: Bible translation in the modern missionary movement*. Georgia: Mercer University Press.

- Smit, H. 1970. *God made it grow*. Johannesburg: Perskor.
- Smith, K. 2000. Bible translation and relevance theory: the translation of Titus. Ongepubliseerde doktorsale verhandeling. Stellenbosch, Universiteit Stellenbosch.
- Sperber, D. & Wilson, D. 1986. *Relevance: communication and cognition*. Oxford: Blackwell.
- Stine, P. 2001. Eugene A Nida: A historical and contemporary assessment. Voordrag gelewer by die Society of Biblical Languages, Annual Meeting, Denver, November 2001.
- Toury, G. 1995. *Descriptive Translation Studies and beyond*. Amsterdam: John Benjamin.
- Tuggy, D. 2003. The literal-idiomatic Bible translation debate from the perspective of cognitive grammar, in K. Feyaerts (red.). *The Bible through metaphor and translation: a cognitive semantic perspective*. Oxford: Peter Lang. 239-288.
- Van der Merwe, C. 1999. 'n Konkordante vertaling van die Bybel in Afrikaans. Is dit hoegenaamd verantwoordbaar, en hoe sal dit lyk? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 40(3&4), September & Desember: 293-306.
- Van der Merwe, C. 2001. Is dit tyd vir 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans? Fensham-gedenklesing gelewer by die Universiteit Stellenbosch, 9 Oktober.
- Van der Merwe, C. & Basson, C. 2003. 'n Nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans: 'n teoretiese en praktiese oriëntering. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 44(3&4), September & Desember: 550-567.

- Van Leeuwen, R [Intyds]. 2001. We really *do* need another Bible translation. *Christianity Today*, 45(13): 28. Beskikbaar by <http://www.christianitytoday.com/ct/2001/013/5.28.html>. [2004, 23 September].
- Van Zyl, A. & Swanepoel, F. 1972. *Waarom 'n nuwe Bybelvertaling?* Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Venuti, L. 1996. Translation as social practice: the violence of translation, in M. Gaddis Rose (red.). *Translation horizons beyond the boundaries of translation spectrum: translation perspectives IX*. Binghamton: State University of New York. 195-213.
- Venuti, L. (red.). 2000. *The Translation Studies reader*. Londen: Routledge.
- Vermeer, H. 1983. *Aufsätze zur Translationstheorie*. Heidelberg: Groos.
- Vermeer, H. 1987. What does it mean to translate? *Indian Journal of Applied Linguistics*, 13: 25-33.
- Vermeer, H. 1989. Skopos and commission in translational action, in A. Chesterman (red.). *Readings in translation theory*. Helsinki: Oy Finn Lectura Ab. 173-87.
- Vermeer, H. 1996. *A skopos theory of translation (some arguments for and against)*. Heidelberg: TEXTconTEXT.
- Vermeer, H. 1998. Starting to unask what translatology is about. *Target*, 10(1): 41-68.
- Vinay, J-P en Darbelnet, J. 1958. A methodology for translation, in L. Venuti (red.). 2000. *The Translation Studies Reader*. Londen: Routledge. 84-93.
- Weiss, P. 1990. *Feite en foute*. Kaapstad: Lux Verbi.

- Wendland, E. 1996a. A review of 'Relevance Theory' in relation to Bible translation in South-Central Africa. *Journal of Northwest Semitic Languages*, 22(1): 91-106.
- Wendland, E. 1996b. On the relevance of 'Relevance Theory' for Bible translation. *The Bible Translator*, 47(1): 126-137.
- Wendland, E. 1997. A review of 'Relevance Theory' in relation to Bible translation in South-Central Africa. Part II. *Journal of Northwest Semitic Languages*, 23(1): 83-108.
- Wilson, D. & Sperber, D. 1987. An outline of relevance theory. *Notes on Linguistics*, 39: 5-24.
- Wills, W. 1982. *The science of translation: problems and methods*. Tübingen: Gunter Narr.

BYLAES

BYLAE 1

Vertaalopdragte vir die Stellenbosch-proefvertalings

Geneem uit: Van der Merwe & Basson (2003)

WEERGAWE 1

1.1 Formulering van vertaalopdrag

1.1.1 Ateoretiese formulering

Vertaal woord vir woord.

1.1.2 Tegnieser formulering

Skep 'n Afrikaanse teks wat konkordant en brontaalgerig is, met behoud van die brontaalidoom.

1.2 Teikengebruikers

Ekstern: Gespesialiseerde lesers, byvoorbeeld teoloë, predikante, ander mense wat ernstige Bybelstudie doen.

Intern: Die vertalers vir Weergawe 2 en 3: hulle gebruik Weergawe 1 as hulle bronteks.

1.3 Vertalers

Spesialiste in die Ou en Nuwe Testament; kenners van die oorspronklike brontale en van hulle verbandhoudende kulture.

Opmerking: Die konseptekste van Weergawe 2 en 3 sal aan dieselfde spesialiste voorgelê word vir hulle kommentaar.

1.4 Produk

Die ideaal by Weergawe 1 is dat die vertaling tegelyk ná aan die bronteks hou en soos Afrikaans klink. Hierdie vertaling is dus, effens anders gestel, 'n vertaling waarin ons probeer om die oorspronklike teks so akkuraat na te boots as wat die grammatikareëls van moderne Afrikaans ons dit toelaat.

Selfs al sou die doeltaaltekste stilisties vreemd klink, byvoorbeeld weens die gebruik van lang sinne om die Griekse lang sinne na te boots en die oënskynlik oorbodige herhaling van naamwoordelike omskrywings, moet die doeltaaltekste daarna streef om die brontaaltekste so noukeurig moontlik in grammatikaal korrekte Afrikaans na te boots.

Naas die vertaling self bied Weergawe 1 aan sy lesers allerlei spesiale mededelings – soos voetnoete, kantaantekeninge, mini-artikels met ensiklopediese inslag en literatuurverwysing – om hulle te help om ’n gesaghebbende beeld te vorm van die leefwêreld van die betrokke vertellers/skrywers, hoorders/lesers en karakters.

1.5 Proses

Daar is geen byvoegende interpretasie in die teks van Weergawe 1 nie. Die opsteller van Weergawe 1 mag slegs die uitings van die bronteks weergee. Die opsteller moet dus nie in die doelteks self enige hulp aan die leser inbou wat die besondere situasie betref nie.

Hierdie algemene voorskrif het ’n (waarskynlike) konsekwensie vir dié gevalle waar daar vir die brontaaluitdrukking ’n verskeidenheid vertaalmoontlikhede in die doeltaal is: In sulke gevalle moet die opsteller (waarskynlik) liefst die mees generiese doeltaaluitdrukking kies.

Voorbeeld: Hebreeus het ’n partikel wat in ’n meer generiese trant as *want* vertaal kan word en, in ’n meer spesifieke trant, as byvoorbeeld *Ja . . .* of *Die feit van die saak is . . .* of *Immers . . .*. Uitdrukings soos dié kan verskil in wat hulle te kenne gee oor die spreker se aanname oor hoeveel van die spreker se agtergrondinligting die hoorder met hom deel (of nie deel nie). Sodra ’n mens dus probeer kies tussen die meer spesifieke weergawes, moet jy rekening hou met die besondere situasie: Jou keuse hang noodwendig af van hoe jy die besondere situasie interpreteer (“lees”). En, om die besondere situasie akkuraat te “lees” moet jy betroubare antwoorde hê vir subtile vrae soos die volgende drie: (i) Wat, reken jy, weet die spreker alles wat in hierdie situasie saak maak? (ii) Hoeveel hiervan, reken jy, weet die hoorder ook? (iii) Hoeveel hiervan, reken jy, reken die spreker dat die hoorder ook weet?

Uitdrukings soos hierdie partikel plaas drie verpligtings op die opsteller van Weergawe 1. Een: Hy of sy moet al die gevalle identifiseer waar die bronteks so ’n uitdrukking bevat. Twee: In die vertaling vir Weergawe 1 moet hy of sy die uitdrukking telkens met die mees generiese Afrikaanse ekwivalent vertaal. Drie: Op grond van sy of haar analise van die kognitiewe wêreld van die spreker en hoorder in

die besondere situasie moet hy of sy in 'n voetnoot verduidelik watter van die meer spesifieke vertalingsmoontlikhede hier gepas is.

Waar 'n uitdrukking of uiting kognitiewe inhoude (“wetes”) by die oorspronklike spreker of hoorder veronderstel wat 'n mens nie uit die Weergawe 1-vertaling kan agterhaal nie, moet die brontaalkenner hierdie ontbrekende inligting met behulp van byvoorbeeld voetnote of kantaantekeninge aan die lesers verstrek, sodat hulle 'n betroubare beeld kan vorm van die leefwêreld van die betrokke vertellers/skrywers, hoorders/lesers en karakters.

WEERGAWE 2

2.1 Formulerings van vertaalopdrag

2.1.1 Ateoretiese formulering

Gee 'n lekkerlees-vertaling.

2.1.2 Tegnieser formulering

Skep 'n glashelder teks, in 'n natuurlike en eenvoudige trant, geskik en aantreklik as 'n Leesbybel vir die breedste publiek moontlik van Afrikaanssprekendes.

2.2 Teikengebruikers

Die publiek van gewone lesers. Die vertaling moet egter ook toeganklik wees vir iemand wat die eerste keer met die Bybel kennis maak, hetsy as hoorder of leser. Dit moet dus gebruik kan word om byvoorbeeld sendingwerk mee te doen. Hierdie Bybel moet vir die breedste spektrum gebruikers bruikbaar wees. Die taalgebruik word gemik op Afrikaanssprekendes met graad 7-opleiding.

2.3 Vertalers

Opgeleide vertalers wat vertrou is met die onderskeid tussen:

1. dinamiese ekwivalensie en funksionele ekwivalensie;
2. domestisering (*domestication*) en vervreemding (*foreignisation*), en
3. indirekte vertalings en direkte vertalings.

Verkieslik moet die vertalers ook, in breë trekke, insig hê in die eiesoortige problematiek van Bybelvertaling.

2.4 Produk

Die Bybel in duidelike, moderne Afrikaans wat regdeur probeer om die vreemde wêreld van die Bybelse tyd en gebruike vir die moderne leser (i) verstaanbaar te maak en (ii) te interpreteer.

2.5 Proses

Hier word ekwivalente binne die teikenleser se kultuur verskaf en daar word vir die teikenleser geïnterpreteer (Gutt se indirekte vertaling).

Paragrafe en subparagrafe word onderskei op grond van formele en inhoudelike kriteria. Paragrafe word ook van toepaslike opskrifte voorsien.

Alle denkbare hulp word aan die leser verskaf om te sorg dat die teks na 'n Suid-Afrikaanse kultuur verplaas word (*domestication*). Die Bybel word vir die moderne leser geïnterpreteer deur van die terme van die Bybelse tyd te moderniseer na die leefwêreld van die moderne leser.

Voorbeelde:

- (i) Die mate en gewigte wat in die Nuwe-Testamentiese tyd gebruik is, word gemoderniseer.
- (ii) Die patriargale stelsel van die Bybelse tyd word byvoorbeeld in Efesiërs “weggeskryf” en *vaders* word vervang met *parents* soos in die *Good News Bible* en die *Living Bible*.
- (iii) Waar dit gaan om 'n ete by 'n tafel (bv. in Johannes 13:12) sê party vertalings dat Jesus “weer gaan aansit” (NAB en *Die Boodskap*). Inderwaarheid was dit destyds die konvensie om met ete langs die tafel te lê (en dan op die elmboog te steun).

Waar die teks hom leen tot twee (of selfs meer) inhoudbare interpretasies, kies die vertaler een daarvan.

Voorbeeld: Johannes 14 vertel hoe Jesus die geldwisselaars en verkopers van offerdiere van die tempelplein af verjaag het. Waarom was Jesus so kwaad? Een moontlike verklaring vir Jesus se woede is die oneerlikheid van die geldwisselaars; hulle het die mense wat vreemde geld vir Joodse geld kom omruil het, bedrieg. 'n Ander moontlike verklaring is die feit dat die geldwisselaars die tempelplein, wat die aanbiddingsplek vir die vroue en heidene was, so beset het dat daar nie plek vir aanbidding was nie. By Weergawe 2 staan dit die vertaler vry om een van hierdie twee verklarings te kies.

Die vertaling en interpretasies word gedoen aan die hand van Weergawe 1.

Die konsepteks van Weergawe 2 word vir kommentaar voorgelê, eers aan die vertalers van Weergawe 1 en dan aan die taalkundige redigeerders van Weergawe 4.

WEERGAWE 3

3.1 Formulerings van vertaalopdrag

3.1.1 Ateoretiese formulering

Gee 'n vertaling met 'n plegtige trant.

3.1.2 Tegnieser formulering

Skep 'n teks in 'n plegtige trant wat gepas is om in die kerk te gebruik, maar geredelik verstaanbaar en aantreklik is as 'n Bybel vir 'n ingeligte publiek van Afrikaanssprekende gelowiges.

3.2 Teikengebruikers

Dit is ingeligte, gelowige mense wat die Bybel in die kerk, by die kategese, by Bybelstudies en in persoonlike verband wil gebruik.

Wat taalgebruik betref, stel *Die Burger* 'n navolgenswaardige voorbeeld; die redaksie van dié koerant mik sy taalgebruik op mense met 'n graad 10-skooling.

Die letterkundige gehalte van hierdie vertaling verdien spesiale aandag en sorg.

3.3 Vertalers

Opgeleide vertalers wat vertrouwd is met die onderskeid tussen:

1. dinamiese ekwivalensie en funksionele ekwivalensie;
2. domestisering (*domestication*) en vervreemding (*foreignisation*), en
3. indirekte vertalings en direkte vertalings.

Verkieslik moet die vertalers ook, in breë trekke, insig hê in die eiesoortige problematiek van Bybelvertaling.

3.4 Produk

'n Gebruiksbybel vir moderne, ingeligte Afrikaanssprekende lesers. Dit bevat daarom 'n vertaling van die teks van die Bybel in plegtige, moderne Afrikaans en kantaantekeninge en voetnote oor die leefwêreld van die Bybelse tydperke. Die bedoeling met hierdie kulturele inligting is om dié leefwêreld vir moderne, ingeligte Afrikaanssprekende lesers minder vreemd en, sodoende, meer toeganklik te maak.

Metafore word dus nie “kultureel geïnterpreteer” nie, maar eerder waar nodig met behulp van 'n kantaantekening verduidelik.

Formele kenmerke van die brontaaltekste wat 'n bepaalde pragmatiese funksie vervul, word behou. 'n Voorbeeld hiervan is die herhaling wat in die boek Rut in 'n frase soos *Rut, die Moabitiese vrou* ingebou is. So 'n herhaling word in Weergawe 3 behou ter wille van sy pragmatiese funksie van beklemtoning.

Hier – anders as in Weergawe 1 – word doeltaallekseme met 'n generiese betekenis oral, waar moontlik, vermy ten gunste van dié met 'n spesifieke betekenis. Die doel is om telkens die pragmatiese nuanse in die teks presies te verwoord.

3.5 Proses

Die outeurs van die Bybel word Afrikaans in die mond gelê asof hulle keurige en stilisties goed versorgde Afrikaans in hulle tyd gepraat het. (In Weergawe 1,

daarenteen, hoef die Afrikaans nie noodwendig keurig en stilisties goed versorg te wees nie.)

Die teksstruktuur van die bronteks word sover moontlik behou. Paragrafe en subparagrafe word onderskei op grond van formele en inhoudelike kriteria. Paragrafe word ook van toepaslike opskrifte voorsien.

Kulturele inligting wat die gaping tussen die wêreld van die bronteks en die wêreld van die doeltjekleeser oorbrug, word in die vorm van toeligting gegee met behulp van kantaantekeninge of voetnote. (So, byvoorbeeld, word die mate, gewigte en geldeenhede wat in die Nuwe-Testamentiese tyd gebruik is juis nie gemoderniseer nie.) Al sulke kulturele inligting word verkry uit Weergawe 1.

Die konsepteks van Weergawe 3 word vir kommentaar voorgelê, eers aan die vertalers van Weergawe 1 en dan aan die taalkundige redigeerders.

BYLAE 2

Jesaja 1

Konkordante vertaling (Weergawe 1)

JESAJA 1

Konkordante vertaling (Weergawe 1)¹

1. Die gesig² van Jesaja, seun van Amos wat hy gesien het ten opsigte van Juda en Jerusalem, in die dae van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia, die konings van Juda.

2. Hoor hemele en luister³ aarde,⁴ want dit is die Here wat gepraat het.

‘Kinders het Ek met sorg grootgemaak,⁵

maar hulle, hulle het teen my gerebelleer.⁶

3. ’n Os ken sy besitter en ’n donkie die krip van sy baas

Israel ken egter nie, my volk verstaan nie.⁷

4. Wee,⁸ sondige nasie, skuldbelaaide volk,

bose geslag, korrupte kinders.

Hulle het die Here verlaat, hulle het die Heilige van Israel geminag,

Hulle het agtertoe weggedraai.⁹

¹ Woorde tussen hakies kom nie eksplisiet in die bronteks voor nie.

² Die hele boek Jesaja word gesien as ’n gesig of visioen. Dit is ironies dat in Jes 1-39 slegs sprake is van twee visioene of gesigte in die ware sin van die woord, nl. Jes 6:1-13 en 21:1-10. Die term “gesig” het hier ’n meer algemene konnotasie. Dit strook met die siening in die tyd na die ballingskap dat die beskrywing van historiese gebeure ’n profetiese aktiwiteit was.

³ Die frase “hoor en luister” kom ’n paar keer in die boek Jesaja voor, bv. Jes 1:10, 28:23, 32:9 en 42:23. Hierdie retoriese oproep om aandag te gee aan wat gesê gaan word, is tipies van ’n profetiese betoeg. Sien ook Jer 13:15.

⁴ Die hemel en aarde word hier opgeroep as getuies in ’n kosmiese hofgeding. Sien ook Deut 30:19.

⁵ Die bronteks-ekwivalent lui letterlik: “ek het grootgemaak en hoog gemaak”.

⁶ Die brontaal-ekwivalent van “rebelleer” het die konnotasie van die verbreking van ’n ooreenkoms of verbond tussen ’n mindere en meerdere party. Dit verwys nie slegs na enkele oortredings van die mindere party nie. Dit impliseer eerder ’n algemene weiering om aan die meerdere party onderdanig te wees. So ’n verbreking van ’n ooreenkoms het dikwels daarop uitgeloop dat ’n aantal vervloekings in werking getree het. By die maak van ’n ooreenkoms het partye gewoonlik ooreengekom oor die vervloekings wat dié party sou tref wat die ooreenkoms verbreek.

⁷ Hierdie onoorganklike gebruik van die uitdrukking “ken” is nie gebruikelik in Afrikaans nie, maar wel in die brontaal. Sien Jes 6:9. Die vertaling probeer hier die bronteks naboots wat dieselfde woord in vers 3a gebruik. Dit is duidelik dat die voorwerp van die uitdrukking “ken” en “verstaan” geïmpliseer is, te wete, “dat dit die Here is wat sy volk grootgemaak het”. In Afrikaans sou die uitdrukking wat hier met “ken” vertaal word, eerder met “sien in, besef” weergegee moet word.

⁸ “Wee” is ’n uitroep wat gebruik word om aan iemand te sê dat dit met hulle sal sleg gaan. In kort kan ’n mens dit as ’n ellende-toesegging beskryf.

5. Waarom wil julle nog geslaan word, waarom¹⁰ hou julle aan om opstandig te wees?

Die hele kop is stukkend geslaan, die hele hart is swak.¹¹

6. Van die voetsool tot by die kop is daar geen gesonde plek nie, (net) houe, kneusplekke en rou wonde.

Hulle is nie skoongemaak, verbind of met olie gedokter nie.

7. Julle land is 'n woesteny,¹² julle stede is deur vuur verbrand, julle landerye, vreemdelinge¹³ stroop dit reg voor julle oë.

En dit is 'n woesteny soos wanneer vreemdelinge 'n land omgekeer het.¹⁴

8. Die dogter, Sion,¹⁵ het oorgebly soos 'n afdak in 'n wingerd, soos 'n huisie van takke in 'n komkommertuin,¹⁶ soos 'n versterkte stad.¹⁷

9. As die Here van die Leërskaer¹⁸ nie vir ons 'n paar oorlewendes laat oorbly het nie

dan was ons net soos Sodom, het ons geword soos Gomorra.

⁹ Hierdie sin ontbreek in die ou Griekse vertaling, die Septuaginta.

¹⁰ Die vraagwoord in die eerste sin het ook betrekking op die tweede sin. In die brontaaltekste word dit egter nie soos in bg. vertaling herhaal nie.

¹¹ Die uitdrukking wat hier letterlik met “die hele hart is swak” weergegee word, se betekenis is onduidelik. Uit die konteks moet 'n mens aflei dat “hart” hier na die slagoffer in sy totaliteit verwys. 'n Vertaling van “hart” met “gestel” sal hier dan die beste sin maak.

¹² Die brontaal-ekwivalent van “woesteny” verwys na 'n plek wat onbewoon en verlate is.

¹³ “Vreemdelinge” impliseer hier mense wat uit 'n ander land kom en Juda ingeval het.

¹⁴ Letterlik lui die brontekste: “en 'n woesteny soos die omkering deur mense van ander lande”.

¹⁵ Die uitdrukking “die dogter, Sion” verwys na Jerusalem. Dit word meermale in die boek Jesaja gebruik (bv. Jes 3:16, 8:18, 10:12). Hierdie term het veral 'n konnotasie met die beloftes van God aangaande sy uitverkore stad.

¹⁶ Hierdie konstruksies moes skuiling bied vir wagtters wat die ryp oeste moes oppas. Die konstruksies kon van klip wees, maar is meestal met takke gemaak.

¹⁷ Die presiese betekenis van die bronteksuitdrukking is nie heeltemal duidelik nie. Sommige vertaal dit met “beleerde” stad. Dit verwys egter heel waarskynlik na die versterkte stede wat Salomo opgerig het om as wagposte te funksioneer. Hulle was in die middel van nêrens gebou.

¹⁸ Die betekenis van die brontaal-ekwivalent van hierdie naam van God, wat dikwels in Jesaja gebruik word, is nie duidelik nie. Die Hebreeuse ekwivalent is “*Tsevaoot*”. Sommige geleerders is van mening dat dit 'n naam van die godheid is en dat dit nie vertaal moet word nie. Dié naam hou skynbaar veral verband met God se rol as krygsgod, die sterk God, die god wat bereid is om vir sy volk te veg.

10. Hoor die woord van die Here, leiers van Sodom,
Luister na God se voorskrifte,¹⁹ volk van Gomorra.
11. ‘Wat het Ek aan julle magdom van slagoffers?’ vra²⁰ die Here.
Ek is sat van die brandoffers van ramme en vetgemaakte diere.
En, van die bloed van bulle, lammers, en bokke hou Ek glad nie.²¹
12. As julle kom om my gesig te sien,²²
wie het dít van julle verwag, om my voorhowe te vertrap?
13. Moenie aanhou om nuttelose offers (vir My) te bring nie. Wierookoffers,²³ dit
is vir My afstootlik.
Nuwe maan(feeste), sabbat(vieringe) en die uitroep van byeenkomste, Ek kan nie
boosheid by (plegtige) samekomste verdra nie.
14. Julle nuwe mane en feeste haat Ek.
Hulle het vir My ’n las geword wat Ek moeg is om te dra.
15. Wanneer julle julle handpalms (na My toe) uitstrek, steek Ek my oë vir julle
weg.²⁴
Selfs as julle baie bid, luister Ek nie.
Julle hande is vol bloed.²⁵
16. Was julle, maak julleself skoon.²⁶
Verwyder die slegte dinge wat julle voor my oë doen.
Hou op om kwaad te doen.

¹⁹ Die brontaal-ekwivalent van hierdie uitdrukking het ’n vermanende konnotasie. Sien vers 11.

²⁰ Die brontaal-ekwivalent is ’n generiese term wat na aktiwiteite van “sê” verwys.

²¹ Dit is opmerklik dat hier nie na enige graan- of drankoffers verwys word nie. Dit kan verband hou met die feit dat diere-offers die maklikste deur die tempelpersoneel misbruik kon word ter wille van hulle eie gewin.

²² “Om God se gesig te sien” is ’n “tegniese term” wat beteken “om die tempel te besoek.” Dit het gewoonlik tydens die groot kultiese feeste plaasgevind. Sien ook Eks 23:15, 34:23.

²³ Alhoewel die Israeliete ook wierookoffers vir God kon bring, is dit veral later met die Baal-kultus geassosieer.

²⁴ Dié uitdrukking kan beteken dat die spreker sy oë toemaak of dat hy wegkyk.

²⁵ Die bloed van die offerdiere wat aan iemand se hand is, roep by die spreker ’n verdere assosiasie op, nl. dié van sg. bloedskulde. Iemand was hieraan skuldig as hy/sy iemand anders vermoor het. Volgens Jer 7:6 en 9 kon jy selfs aan “bloedvergiëting” skuldig wees indien jy iemand wat hulpeloos is (bv. weduwees, weeskinders) sleg behandel.

²⁶ “Skoon” het hier die konnotasie “om ritueel skoon te wees”.

17. Leer om goed te doen.

Beywer²⁷ julle vir regverdigheid,²⁸ help²⁹ mense wat verdruk word.

Laat reg geskied aan die weeskind

Bepleit die saak van die weduwee.³⁰

18. Kom tog, laat ons die saak uitpraat,³¹ sê die Here.

As julle sonde was soos skarlaken,³² dit kan wit word soos sneeu.

As dit rooi was soos purper,³³ dit kan word soos wol.

19. As julle gewillig is om te luister, dan sal julle net³⁴ die goeie van die land eet.³⁵

20. As julle sou weier en ongehoorsaam is, sal die swaard julle eet.³⁶

Ja,³⁷ die mond van die Here self het (dit) gesê.

²⁷ Letterlik: “soek”.

²⁸ Die brontaal-ekwivalent het in besonder die konnotasie dat alle mense in die samelewing regverdig behandel sal word.

²⁹ Die uitdrukking wat vertaal word met “help”, beteken letterlik “maak gelukkig”.

³⁰ Weduwees en weeskinders kon destyds nie self hulle saak stel as daar ’n dispuut in die gemeenskap ontstaan het waarby hulle regte betrokke was nie. Die koning of leiers van die gemeenskap was daarvoor verantwoordelik.

³¹ Met “uitpraat” word veral bedoel “om verskillende argumente teen mekaar op te weeg”.

³² Skarlaken is ’n helderrooi kleurstof en is van die eiers van ’n soort luis gemaak wat op die blare van eikebome voorkom.

³³ Purper is ’n dieprooi kleurstof.

³⁴ Dié nuanse word deur die woordorde van die brontaaltekste uitgedruk.

³⁵ Die Afrikaanse uitdrukking “geniet” sou hier meer idiomaties wees. Sien egter die volgende voetnota.

³⁶ Die Afrikaanse uitdrukking “verteer” sou hier meer idiomaties wees. Soos in vs. 19 word die term “eet” behou, om reg te laat geskied aan ’n herhaling in die brontaaltekste. Dié brontaal ekwivalent se mees generiese betekenis is “eet”.

³⁷ Die brontaalekwivalent se meer algemene betekenis is “want”. In hierdie konteks motiveer die uitdrukking wat deur “want” ingelei word, hoekom dit wat in vers 18-20 voorspel is, inderdaad sal gebeur. Die motivering kry dan ’n bevestigende toon, wat goed deur “ja” in Afrikaans uitgedruk word. Ander moontlikhede is “immers” of “die feit van die saak”.

21. Hoe³⁸ het die betroubare stad 'n hoer geword!

Sy was vol van regverdigheid en geregtigheid³⁹ het in haar oornag, maar nou (is sy vol) moordenaars.

22. Jou silwer het vuil⁴⁰ geword, jou bier is verdun met water.

23. Jou leiers is rebelle, 'n bende diewe.

Hulle almal hou van omkoopgeskenke, en jaag geskenke na.

Hulle laat nie reg geskied aan die weeskind nie en die regspraak van die weduwee kom nie voor hulle nie.⁴¹

24. Daarom, sê die Here, die Here van die Leërskaer, die Sterke van Israel:

'Wee (hulle), Ek gaan my wraak uitstort op my teenstanders, Ek gaan My wreek op my vyande.

25. Ek gaan my hand teen jou draai,⁴²

Ek gaan jou met 'n smeltmiddel suiwer en gaan al die metaalskuim uit jou verwyder.

26. Ek gaan jou weer regters gee soos van ouds

en raadgewers soos in die begin.

Daarna sal jy genoem word: Stad van Geregtigheid, Betroubare Stad.

³⁸ Die brontaal-ekwivalent wat gebruik word, asook die ritme van die daaropvolgende kola, dui daarop dat hier 'n klaaglied aan die orde is.

³⁹ Die begrippe “regverdigheid” en “geregtigheid” (ook vertaal as “reg en geregtigheid”) kom dikwels in die Bybel as 'n begrippe-paar voor. Dit verwys meestal na die norm van die billike handhawing van individue en groepe se verhoudings ten opsigte van hulle belange en regte.

⁴⁰ Letterlik “'n metaal vol onsuiverhede”.

⁴¹ Vergelyk die volgende uittreksel uit *The NetBible*: “The rich oppressors referred to in Isaiah and the other eighth century prophets were not rich capitalists in the modern sense of the word. They were members of the royal military and judicial bureaucracies in Israel and Judah. As these bureaucracies grew, they acquired more and more land and gradually commandeered the economy and legal system. At various administrative levels bribery and graft became commonplace. The common people outside the urban administrative centers were vulnerable to exploitation in such a system, especially those, like widows and orphans, who had lost their family provider through death. Through confiscatory taxation, conscription, excessive interest rates, and other oppressive governmental measures and policies, they were gradually disenfranchised and lost their landed property, and with it, their rights as citizens. The socio-economic equilibrium envisioned in the law of Moses was radically disturbed.”

⁴² Die uitdrukking het 'n konnotasie van “om drasties op te tree teen iets of iemand”.

27. Sion⁴³ sal deur reg⁴⁴ en sy terugkerendes⁴⁵ deur geregtigheid vrygemaak word.

28. Rebelle en sondaars sal saam vernietig word,⁴⁶

hulle wat die Here verlaat het, sal tot niet gaan.

29. Ja,⁴⁷ julle sal skaam wees oor die bome⁴⁸ waarvan julle so baie hou
en julle sal baie verleë voel oor die tuine wat julle (vir julle) gekies het.⁴⁹

30 Ja, julle sal word soos 'n boom waarvan die blare verlep is,
soos 'n tuin wat nie water kry nie.

31. En dan sal die invloedryke⁵⁰ wees soos 'n dun wastou⁵¹
en sy dade sal soos 'n vuurvonk wees.

Altwee sal saam brand en daar sal niemand wees om die vuur te blus nie.

⁴³ Hierdie perikoop word deur baie geleerdes gesien as een wat aansluit by dit wat in Jes 55-66 gesê word, en in besonder by Jes 66. As daar daarom van “oordeel” gepraat word, is dit nie primêr oordeel oor sosiale ongeregtigheid nie, maar 'n oordeel van vuur oor afgodediens.

⁴⁴ Die terme “reg” en “geregtigheid” word hier met 'n ander konnotasie as in 1:21 gebruik. In die latere geskiedenis van Israel en Juda word die terme nie meer primêr met sosiale geregtigheid in verband gebring nie, maar met oordeel. Dit is 'n oordeel wat beide straf en vryspraak inhou. Die vryspraak (geregtigheid) impliseer dan veral bevryding. Sien Jes 51:6, 56:1 en veral 63:1.

⁴⁵ Die brontaal-ekwivalent van “sy terugkerendes” verwys na mense wat hulle bekeer van hulle verkeerde dade. Die Septuaginta interpreteer dit as “sy mense wat terugkeer (uit die ballingskap)”.

⁴⁶ Letterlik: “(Daar sal) 'n verbreking van rebelle en sondaars (wees) tesaam”

⁴⁷ Die brontaal-ekwivalent se meer algemene betekenis is “want”. In hierdie konteks motiveer die uitdrukking wat deur “want” ingelei word, hoekom dit wat in vers 28 voorspel is, inderdaad sal gebeur. Die motivering kry dan 'n bevestigende toon, wat goed deur “ja” in Afrikaans uitgedruk word. Ander moontlikhede is “immers” of “die feit van die saak”.

⁴⁸ Dit is nie duidelik na watter soort boom hier verwys word nie. Dit was moontlik eikebome.

⁴⁹ Die tuine verwys heel waarskynlik na plekke waar afgode aanbid is.

⁵⁰ Letterlik: “die magtige”.

⁵¹ Hier word verwys na 'n dun tou wat in was gedoop is en waarmee 'n vuur aan die brand gesteek is. Dit kon baie maklik breek.

BYLAE 3

Jesaja 1

Indirekte vertaling (Weergawe 2, DT2)

JESAJA 1

Indirekte vertaling (Weergawe 2)

Die volk draai hulle rug op die Here

¹ Jesaja was die seun van Amos. God het met Jesaja deur middel van visioene gepraat en hom vertel wat met Juda en Jerusalem sou gebeur. Dit was in die tyd toe Ussia koning van Juda was, en ook toe Jotam, Agas en Hiskia ná hom koning was.

² Die hemel en die aarde moet getuies wees van wat die Here sê:

Ek het my kinders met sorg grootgemaak. Maar wat doen hulle?

Hulle rebelleer teen My.

³ 'n Bees ken tog sy eienaar en 'n donkie weet waar sy baas hom voer, maar Israel ken My nie; my volk verstaan nie wat Ek doen nie.

⁴ Dit sal sleg gaan met julle, julle sondige volk. Julle is almal skuldig: julle doen net slegte dinge.

Julle het die Here, die Heilige God van Israel, geminag en julle rug op Hom gedraai.

⁵ Hoekom bly julle opstandig? Wil julle dan nog meer gestraf word?

Kyk hoe lyk julle al: julle hele kop is reeds stukkend en julle lyf voel pap.

⁶ Daar is nie een gesonde plek op julle lyf nie.

Julle is van kop tot tone vol seerplekke

wat nie skoongemaak, verbind of met salf gedokter is nie.

⁷ Kyk hoe lyk julle land: dit is verwoes en verlate. Julle stede is afgebrand;

julle kan net hulpeloos staan en kyk hoe vreemde mense julle landerye plunder,

hoe hulle julle land omkeer en verwoes.

⁸ Jerusalem het alleen oorgebly soos 'n afdak in 'n wingerd,

soos 'n huisie van takke in 'n komkommertuin,¹ soos 'n stad in die middel van nêrens.

⁹ As die Here van die Leërskaer² nie 'n klompie van ons mense laat bly leef het nie,

sou ons net soos Sodom en Gomorra heeltemal verwoes gewees het.

¹⁰ Luister na wat die Here vir julle sê, leiers van Sodom!

Let op na wat God julle leer, volk van Gomorra!

¹¹ 'Wat beteken julle spul slagoffers vir My?' vra die Here.

Ek is moeg vir die skape en vetgemaakte diere wat julle offer.

En Ek hou glad nie van die bloed van beeste, lammetjies en bokke nie.

¹² Wie het vir julle gesê om my voorhowe te vertrap as julle tempel toe kom om My te aanbid?

¹³ Hou op om vir My sulke nikswerd offers te bring; ook wierookoffers walg My.

Ek kan dit nie verdra dat julle sondige dinge doen nie – en dit ook nog by byeenkomste soos nuwemaansfeeste en sabbatte.

¹⁴ Ek haat hierdie feeste van julle –

Ek is moeg daarvoor en kan dit nie meer verdra nie.

¹⁵ Julle steek julle hande na My toe uit wanneer julle bid, maar Ek stel nie belang om te luister nie.

Selfs as julle baie bid, hoor Ek julle nie,

want julle hande is vol bloed.

¹⁶ Was julle en maak julle skoon;

hou op om verkeerde en slegte dinge te doen.

¹⁷ Leer liewer om goed te doen;

wees regverdig en help mense wat verdruk word;

beskerm die mense wat nie vir hulle eie regte kan veg nie.

¹⁸ Kom ons praat nou hierdie saak uit, sê die Here.

Al was julle rooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu.

Al het die sonde julle bloedrooi gevlek, julle sal wit word soos skoon wol.

¹ Die "afdak" en "huisie van takke" is opgerig sodat wagters wat die ryp oeste moes oppas, daaronder kon skuil.

² Die betekenis van hierdie Naam van God hou moontlik verband met God se rol as Krygergod, die sterk God, die God wat bereid is om vir sy volk te veg.

¹⁹ As julle na My luister, sal julle net die goeie van die land geniet.

²⁰ Maar as julle ongehoorsaam bly, sal julle gewelddadig sterf.

Dit sal gebeur omdat dit die Here is wat dit gesê het.

²¹ Ag, Jerusalem, jy was altyd betroubaar, maar nou het jy soos 'n hoer geword!

Jy was altyd die tuiste vir regverdige en wetsgehoorsame mense, maar nou het jy 'n skuilplek vir moordenaars geword.

²² Jou silwer het onsuiver geword, jou bier is met water verdun.

²³ Jou leiers is rebelle, hulle is kop in een mus met diewe.

Hulle almal hou van omkoopgeld, en is altyd op die uitkyk vir geskenke en belonings.

Hulle beskerm nie die mense wat nie vir hulle eie regte kan veg nie.

²⁴ Daarom, sê die Here van die Leërskaar:

‘Dit sal sleg gaan met my vyande: Ek gaan wraak neem op hulle.

²⁵ Ek gaan drasties teen jou optree, Jerusalem:

Ek gaan jou soos metaal smelt en dan al die onsuiverhede en die vuilheid uithaal.

²⁶ Ek gaan jou weer regters gee soos in die ou dae en raadgewers soos vroeër.

Daarna sal hulle jou noem: Stad van Geregtigheid, Betroubare Stad.

²⁷ Jerusalem sal deur die reg³ gered word, en dié wat hulle bekeer, sal deur geregtigheid vrygemaak word.

²⁸ Maar rebelle en sondaars sal saam vernietig word

en hulle wat hulle rug op die Here gedraai het, sal verpletter word.

²⁹ Dan sal julle skaam wees oor die bome wat julle aanbid het en die tuine waar julle so graag offerandes aan al julle afgode gebring het.

³⁰ Ja, julle sal wees soos 'n boom waarvan die blare verlep het, soos 'n tuin wat nie water kry nie.

³¹ En dan sal die sterkste onder julle wees soos 'n dun toutjie wat in was gedoop is en maklik kan breek,

en sy verkeerde dade soos 'n vuurvonk.

Altwee sal saam brand en daar sal niemand wees om die vuur te blus nie.

³ Die terme “reg” en “geregtigheid” word hier anders as in Jes 1:21 gebruik. Hier het dit te doen met oordeel. Dit is 'n oordeel wat beide straf en vrysprak inhou. Geregtigheid impliseer dan veral bevryding. Sien Jes 51:6, 56:1 en veral 63:1.

BYLAE 4

Jesaja 1

Direkte vertaling (Weergawe 3, DT1)

JESAJA 1

Direkte vertaling (Weergawe 3)

¹Die visioen¹ wat Jesaja, seun van Amos, oor Juda en Jerusalem gesien het. Dit was in die dae van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia – die konings van Juda.

²Hoor hemele en luister aarde, want dit is die Here self wat sê:

Ek het kinders met sorg opgevoed,
maar hulle het teen My gerebelleer.²

³'n Os ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy baas,
maar nie Israel nie – my volk verstaan nie.³

⁴Wee⁴ die sondige nasie, skuldbelaaide volk,
slegte geslag, korrupte kinders.

Hulle het die Here verlaat, hulle het die Heilige van Israel geminag,
hulle het hulle rug op My gekeer.⁵

⁵Hoekom wil julle nóg geslaan word? Hoekom hou julle aan om
opstandig te wees?

Julle hele kop is stukkend geslaan, julle hele gestel is swak.

⁶Van kop tot tone is daar nie een gesonde plek nie,
net houe, kneusplekke en rou wonde.

Hulle is nie skoongemaak, verbind of met olie gedokter nie.

¹ Die hele boek Jesaja word gesien as 'n gesig of visioen. Die term “gesig” het hier 'n meer algemene konnotasie. Dit strook met die siening in die tyd na die ballingskap dat die beskrywing van historiese gebeure 'n profetiese aktiwiteit was.

² Die brontaal-ekwivalent van “rebelleer” het die konnotasie van die verbreking van 'n ooreenkoms of verbond tussen 'n mindere en meerdere party. Dit verwys nie slegs na enkele oortredings van die mindere party nie. Dit impliseer eerder 'n algemene weiering om aan die meerdere party onderdanig te wees. So 'n verbreking van 'n ooreenkoms het dikwels daarop uitgeloop dat 'n aantal vervloekings in werking getree het. By die maak van 'n ooreenkoms het partye gewoonlik ooreengekom oor die vervloekings wat dié party sou tref wat die ooreenkoms verbreek.

³ Die brontaal-ekwivalent het die konnotasie “om insig in 'n situasie te hê”.

⁴ “Wee” is 'n uitroep wat gebruik word om aan iemand of iets te sê dat dit met hulle sal sleg gaan. In kort kan 'n mens dit as 'n ellende-toesegging beskryf.

⁵ Letterlik: “Hulle het agter Hom weggedraai”. Hier word die beeld opgeroep van Israel wat God gevolg het, maar dan wegdraai van Hom af om ander gode te volg.

⁷Julle land is 'n woesteny: julle stede is afgebrand;
julle landerye – vreemdelinge⁶ stroop dit reg voor julle oë,
dit is 'n woesteny soos wanneer vreemdelinge 'n land omgekeer het.
⁸Die dogter, Sion,⁷ het oorgebly soos 'n afdak in 'n wingerd,
soos 'n huisie van takke in 'n komkommertuin,⁸ soos 'n versterkte⁹ stad.
⁹As die Here van die Leërskaer¹⁰ nie vir ons 'n paar oorlewendes laat
oorbly het nie,
dan was ons net soos Sodom en het ons geword soos Gomorra.

¹⁰Hoor die woord van die Here, leiers van Sodom!

Luister na God se voorskrifte, volk van Gomorra!

¹¹‘Wat beteken julle talle slagoffers vir My?’ vra die Here.

Ek is sat vir die brandoffers van ramme en vetgemaakte diere.

En die bloed van bulle, lammers, en bokke staan My glad nie aan nie.¹¹

¹²As julle kom om my tempel te besoek,¹²

wie het van julle verwag om my voorhowe te vertrap?

⁶ “Vreemdelinge” impliseer hier mense wat uit 'n ander land kom en Juda ingeval het.

⁷ Die uitdrukking “die dogter, Sion” verwys na Jerusalem. Dit word meermale in die boek Jesaja gebruik (bv. Jes 3:16, 8:18, 10:12). Hierdie term het veral 'n konnotasie met die beloftes van God aangaande sy uitverkore stad.

⁸ Hierdie konstruksies moes skuiling bied vir wagers wat die ryp oeste moes oppas. Die konstruksies kon van klip wees, maar is meestal met takke gemaak.

⁹ Die presiese betekenis van die bronteksuitdrukking is nie heeltemal duidelik nie. Sommige vertaal dit met “beleerde” stad. Dit verwys egter heel waarskynlik na die versterkte stede wat Salomo opgerig het om as wagposte te funksioneer. Hulle was in die middel van nêrens gebou.

¹⁰ Die betekenis van die brontaaltekse-ekwivalent van hierdie naam van God, wat dikwels in Jesaja gebruik word, is nie duidelik nie. Die Hebreeuse ekwivalent is “*Tsevaoot*”. Sommige geleerdes is van mening dat dit 'n naam van die godheid is en dat dit nie vertaal moet word nie. Dié naam hou skynbaar veral verband met God se rol as krygergod, die sterk God, die God wat bereid is om vir sy volk te veg.

¹¹ Dit is opmerklik dat hier nie na enige graan- of drankoffers verwys word nie. Dit kan verband hou met die feit dat diere-offers die maklikste deur die tempelpersoneel misbruik kon word ter wille van hulle eie gewin.

¹² Letterlik: “om my gesig te sien”. Hulle het gewoonlik die tempel besoek tydens die groot kultiese feeste. Sien ook Eks 23:15, 34:23.

¹³Moenie langer nuttelose offers vir My bring nie; wierookoffers¹³ is vir My afstootlik.

Nuwemane, sabbatte en die uitroep van byeenkomste:¹⁴ Ek kan nie sondige gedrag by byeenkomste verdra nie.

¹⁴Julle nuwemane en feeste haat Ek.

Hulle het vir My 'n las geword wat Ek moeg is om te dra.

¹⁵Wanneer julle julle handpalms na My toe uitstrek, kyk Ek weg;¹⁵

selfs as julle baie bid, luister Ek nie:

julle hande is vol bloed.¹⁶

¹⁶Was julle, maak julle skoon;¹⁷

vat julle slegte dade voor my oë weg;

hou op om kwaad te doen.

¹⁷Leer om goed te doen;

beywer julle vir regverdigheid, help mense wat verdruk word;

laat reg geskied aan die weeskind;

bepleit die saak van die weduwee.¹⁸

¹⁸Kom tog, laat ons die saak uitpraat,¹⁹ sê die Here

As julle sonde was soos skarlaken,²⁰ dit kan wit word soos sneeu.

As dit rooi was soos purper,²¹ dit kan word soos wol.

¹⁹As julle gewillig is om te luister, dan sal julle net die goeie van die land eet.

¹³ Alhoewel die Israeliete ook wierookoffers vir God kon bring, is dit veral later met die Baal-kultus geassosieer.

¹⁴ Hier word verwys na feeste wat by die tempel gehou is.

¹⁵ Letterlik: “steek Ek my oë vir julle weg”.

¹⁶ Die bloed van die offerdiere wat aan iemand se hand is, roep by die spreker 'n verdere assosiasie op, nl. dié van bloedskuld. Iemand was hieraan skuldig as hy/sy iemand anders vermoor het. Volgens Jer 7:6 en 9 kon jy selfs aan “bloedvergiëting” skuldig wees as jy iemand wat hulpeloos is (bv. weduwees, weeskinders) sleg behandel.

¹⁷ “Skoon” het hier die konnotasie “om ritueel skoon te wees”.

¹⁸ Weduwees en weeskinders kon destyds nie self hulle saak stel as daar 'n dispuut in die gemeenskap ontstaan het waarby hulle regte betrokke was nie. Die koning of leiers van die gemeenskap was daarvoor verantwoordelik.

¹⁹ Met “uitpraat” word veral bedoel “om verskillende argumente teen mekaar op te weeg”.

²⁰ Skarlaken is 'n helderrooi kleurstof en is van die eiers van 'n soort luis gemaak wat op die blare van eikebome voorkom.

²¹ Purper is 'n blourooi, persrooi kleur.

²⁰As julle weier en ongehoorsaam is, sal die swaard julle verteer.²²

Want die Here self het dit gesê.

²¹Ag, hoe het die betroubare stad 'n hoer geword!

Sy was vol regverdigheid en geregtigheid²³ het in haar oornag, maar nou is sy vol moordenaars.

²²Jou silwer het onsuiver geword, jou bier is met water verdun.

²³Jou leiers is rebelle, metgeselle van diewe.

Hulle almal hou van omkoopgeskenke, en jaag belonings na.

Hulle laat nie reg geskied aan die weeskind nie en die regsak van die weduwee kom nie voor hulle nie.

²⁴Daarom, sê die Here van die Leërskaer, die Sterke van Israel:

‘Wee hulle, Ek gaan my wraak uitstort op my teenstanders, Ek gaan My wreek op my vyande.

²⁵Ek gaan drasties teen jou optree,

Ek gaan jou met 'n smeltmiddel suiwer en al die metaalskuim uit jou haal.

²⁶Ek gaan jou weer regters gee soos in die ou dae en raadgewers soos in die begin.

Daarna sal jy genoem word: Stad van Geregtigheid, Betroubare Stad.

²⁷Sion sal deur reg,²⁴ en dié wat hulle bekeer deur geregtigheid vrygemaak word.

²⁸Rebelle en sondaars sal saam vernietig word

en hulle wat die Here verlaat het, sal tot niet gaan.

²⁹Want julle sal skaam wees oor die bome waarvan julle so baie hou en julle sal baie verleë voel oor die tuine wat julle gekies het.²⁵

³⁰Ja, julle sal word soos 'n boom waarvan die blare verlep is, soos 'n tuin wat nie water kry nie.

²² Die brontaal-ekwivalent van “verteer” is dieselfde uitdrukking as wat in vers 19 met “eet” vertaal is. Dit is moeilik om hierdie herhaling in Afrikaans woordeliks weer te gee.

²³ Die begrippe “regverdigheid” en “geregtigheid” (ook vertaal as “reg en geregtigheid”) kom dikwels in die Bybel as 'n begrippe-paar voor. Dit verwys meestal na die norm van die billike handhawing van individue en groepe se verhoudings ten opsigte van hulle belange en regte.

²⁴ Die terme “reg” en “geregtigheid” word hier met 'n ander konnotasie as in 1:21 gebruik. In die latere geskiedenis van Israel en Juda word die terme nie meer primêr met sosiale geregtigheid in verband gebring nie, maar met oordeel. Dit is 'n oordeel wat beide straf en vrypraak inhou. Die vrypraak (geregtigheid) impliseer dan veral bevryding. Sien Jes 51:6, 56:1 en veral 63:1.

²⁵ Die tuine verwys heel waarskynlik na plekke waar afgode aanbid is.

³¹En dan sal die magtige wees soos 'n dun wastou²⁶

en sy dade soos 'n vuurvonk.

Al twee sal saam brand en daar sal niemand wees om die vuur te blus nie.

²⁶ Hier word verwys na 'n dun tou wat in was gedoop is en waarmee 'n vuur aan die brand gesteek is. Dit kon baie maklik breek.

BYLAE 5

Matteus 5:1-20

Konkordante vertaling (Weergawe 1)

MATTEUS 5:1-20

Konkordante vertaling (Weergawe 1)

Jesus leer die mense

¹ Toe Hy die skare sien, het Hy teen die berg opgeklim¹ en nadat Hy gaan sit het,² het sy leerlinge³ na Hom toe gekom, ² en hy het sy mond oopgemaak⁴ en hulle begin leer terwyl Hy sê:

Die mense wat deur God geseën is

(Ook Luk 6:20-23)

³ "Geseënd⁵ is die armes van gees,⁶
want aan hulle behoort die koninkryk⁷ van die hemel.

⁴ Geseënd is dié wat treur,
want hulle sal vertroos word.⁸

¹ Prakties: Sodat Jesus die mense kon sien en die mense Hom wanneer Hy met hulle praat. Simbolies: Hoogte word geassosieer met groter gesag en die plek van God se openbaring, bv. Moses en Elia ontmoet God op die berg.

² Wat hier beskryf word, is die gebruik van 'n leermeester (soos 'n Joodse Rabbi of Griekse filosoof) om, wanneer hy onderrig gee, te sit met sy studente rondom hom. So 'n onderrigssessie was 'n gewigtige geleentheid.

³ Die woord *mathetes* kan dui op 'n leerling, soos 'n rabbi se leerlinge/studente. Dit is mense wat iemand gevolg het en by hom geleer het. In die Nuwe Testament dui dit op volgelinge van Johannes en Jesus. In die geval van Jesus kan dit op die 12 dui, maar ook op 'n breër kring.

⁴ "Hy het sy mond oopgemaak" is 'n Semitiese idioom wat die begin van 'n openbare toespraak aandui. Hier beteken dit dus: "Hy het hulle begin leer..."

⁵ Die saligsprekinge vertoon inhoudelik dramatiese ironie deurdat ervarings en toestande wat normaalweg as ongewens beleef word, aan die hoorder/leser onthul word as bedekte simbole van God se seën. Sommige wil *makarios* met "gelukkig" vertaal, soos in *Die Blye Boodschap* (1975), maar die fokus val dan te veel op die gesindheid en gedrag van die hoorder. *Geseënd* is 'n religieuse heilsaankondiging, 'n toesegging van heil en God se seën aan mense.

⁶ a) Van groot en regstreekse belang hier is die Ou-Testamentiese agtergrond van bv. Jes 61:1; 66:2; 29:19; en Ps 37:3, 9, 34. Dit gaan hier, soos daar, om mense in ellende – maar mense wat in hulle ellende besef dat hulle van God afhanklik is en wat dan hulle vertroue op God alleen plaas. b) Lukas praat bloot van "armes." Met die bepaling "in gees" wil Matteus moontlik te kenne gee dat ekonomies-finansiële armoede nie op sigself God se guns verseker nie. (Dit sou 'n fout wees om "armes van gees" op te neem as beeldspraak vir "verstandelik gestremdes".)

⁷ Die term "koninkryk" roep dadelik die gedagte van 'n gebied by die hoorder/leser op. In die antieke kosmologie het die aarde en voorstellings van wat "onder" die aarde was, assosiasies na vore geroep van verganklikheid en bederf. Die hemel is met God geassosieer en as sy woonplek beskou.

⁸ Die implisiete subjek van die passief is God.

- ⁵ Geseënd is die saggeaardes,⁹
want hulle sal die aarde as besitting ontvang.
- ⁶ Geseënd is dié wat honger en dors na geregtigheid,¹⁰
want hulle sal versadig word.¹¹
- ⁷ Geseënd is dié wat medelye betoon,
want aan hulle sal medelye betoon word.¹²
- ⁸ Geseënd is dié wat rein van hart¹³ is,
want hulle sal God sien.¹⁴
- ⁹ Geseënd is die vredemakers,¹⁵
want hulle sal seuns¹⁶ van God genoem word.¹⁷
- ¹⁰ Geseënd is hulle wat vervolgd word ter wille van geregtigheid,¹⁸
want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.¹⁹

⁹ In 'n toekomstige bedeling sal sagmoedigheid die dominante waarde wees. Die Ou-Testamentiese agtergrond van Jes 61:1 maar veral Ps 37:9, 11, 29 is verhelderend. Dis mense wat in totale afhanklikheid voor God staan sonder om hulleself te wil handhaaf

¹⁰ Die term “geregtigheid” dui op alles wat reg is volgens die maatstaf van God se wil. Geregtigheid het meer te doen met regverdigheid en billikheid as met die blote letter van die wet.

¹¹ Die implisiete subjek van die passief is God. Hy sal die mense versadig met dit waarna hulle smag, naamlik geregtigheid.

¹² Deur God.

¹³ Reinheid is 'n waarde wat toegang gee tot God. Die uitdrukking “rein van hart” dui 'n gesindheid aan in onderskeid van kultiese reinheid. Teenoor rein staan in Matteus die bose as aanduiding van die dubbelhartige (5:37; 6:23; 7:15-20) wat nie die wil van God doen nie. Kortom, dié mense wat rein harte het, dien God met onverdeelde gehoorsaamheid, in die geheel van hulle lewe.

¹⁴ Die uitdrukking “om God te sien” is snelskrif vir “om die volheid van die heil te beleef”. Dit kan ook dui op die beleving van die teenwoordigheid van God.

¹⁵ Vredemakers is mense deur wie se optrede vyandskap omskep word in vrede, en dit geld vir alle terreine van konflik.

¹⁶ Dit moet as kinders van God verstaan word.

¹⁷ “Kinders van God” dui aan dat “vrede” 'n waarde is wat die verhouding met God ondersteun.

¹⁸ Die term “geregtigheid” verwys na dit wat reg is volgens die maatstaf van God se wil. Dit het meer te doen met regverdigheid en billikheid as met die blote letter van die wet. Sien ook by v. 6.

¹⁹ Vers 10 en vers 3 se nasinne is identies en omraam die gedeelte van v. 3-8. Sien die opmerking oor koninkryk by v. 3.

¹¹ "Geseënd is julle²⁰ wanneer mense julle om my ontwil²¹ beledig en vervolg en [valslik] al wat sleg is teen julle sê. ¹² Wees bly²² en jubel,²³ want julle loon is groot in die hemel;²⁴ want so het hulle die profete wat voor julle was, ook vervolg.²⁵

Die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld

(Ook Mark 9:50; 4:21; Luk 14:34-35; 8:16)

¹³ "Julle is die sout²⁶ van die aarde, maar as die sout sy smaak verloor het, waarmee sal dit sout gemaak word?²⁷ Dit is niks meer werd²⁸ nie behalwe om buite gegooi en deur die mense vertrap²⁹ te word.

²⁰ Die aanspreekvorm verander vanaf die derde (hulle) na die tweede persoon (julle). Die effek is om vanaf sake met meer algemene godsdienstige belang te beweeg na aangeleenthede wat die toehoorders direk bedreig. Op grond van hierdie formele en inhoudelike wysiging sou 'n nuwe afdeling hier kon begin. Tog lyk dit nie of enige ander vertaling so besluit nie. Vers 11-12 pas v. 10 nou spesifiek toe op die dissipels en die kerk wat vervolg word.

²¹ Jesus stel vir die eerste keer in hierdie gedeelte eksplisiet aan die orde dat dit oor Hom gaan, omdat hulle Hom volg en dien.

²² Dit bevat die aksent van innerlike blydschap.

²³ Dit bevat die aksent van 'n uiterlike vertoon van blydschap. Tog kan die twee werkwoorde saam geneem word om uit te druk dat hulle werklik bly moet wees.

²⁴ Die implikasie is dat hulle op 'n besondere manier in God se guns staan – dit gaan nie oor die hemel as sodanig nie. Loon hou nie met verdienste verband nie, maar word uit genade gegee (19:29; 20:1-16; 25:21, 23).

²⁵ Die situasie is die van 'n bemoedigingsgesprek aan getroue volgelinge wat weerstand beleef teen die profetiese boodskap wat hulle uitdra. Die verwysing na die vroeëre profete wat net so verguis en vervolg is, identifiseer die "hulle" wat die vervolging doen as die toehoorders se eie mense, naamlik Israel. Tegelyk word Jesus se gehoor by implikasie verhef tot profete, dit wil sê die wat die ware boodskap van God ken en verkondig.

²⁶ Sout as smaakmiddel leen hom tot metaforiese gebruik. Sout het in die antieke tyd egter ook ander konnotasies gehad. As 'n skaars produk was dit redelik kosbaar. Dit word in die OT vermeld as deel van die offer aan God (vgl. Lev 2:13). Dit is soms as betaalmiddel gebruik, en selfs as losprys om gevangenes los te koop. Kortweg kan die funksie van sout beskryf word as "waardetoevoeging." 'n Ander siening: die voor-die-hand-liggende gebruik van sout is die daaglikse gebruik om kos smaak te gee (en te preserveer).

²⁷ Egte sout (NaCl) kan nie laf word nie, hoewel dit met 'n onsuier soutmengsel (soos van die Dooie See afkomstig) wel sou kon gebeur. In terme van die metafoor geld dit wel as 'n reële moontlikheid wat as ernstige waarskuwing dien teen die moontlikheid dat dissipels hulle onderskeidende kenmerk as dissipels kan verloor.

²⁸ Letterlik: Dit het krag tot niks meer nie. Sout se funksie is direk eweredig aan die krag van sy werking.

²⁹ Die term "vertrap" is 'n vertaalmoontlikheid van die Griekse woord. Dit roep konnotasies op van moedswilligheid en doelbewuste benadeling. 'n Ander moontlikheid is "trap op." Dit is 'n minder emosionele woord en kan dui op die gebruik om sout as bedekking op paaie te strooi om die oppervlakte minder te laat verweer. In laasgenoemde geval sou die bedoeling kon wees om die kragtige werking van aktiewe sout te vergelyk met die passiewe werking van verslane sout. 'n Ander siening: dit word as iets nutteloos eenvoudig buite die huis in die straat of op die plat dak gegooi en dan loop mense daaroor.

¹⁴ Julle is die lig van die wêreld.³⁰ 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie.³¹

¹⁵ Mense steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder 'n maatemmer³² nie, maar op 'n lampstaander,³³ en dit skyn vir almal in die huis. ¹⁶ Laat julle lig³⁴ so skyn voor die mense³⁵ laat, dat hulle julle goeie dae³⁶ sien en julle Vader wat in die hemel [is,]³⁷ verheerlik.

Die vervulling van die Wet en die Profete

¹⁷ "Moenie dink dat ek gekom het om die Wet en die Profete te skrap nie;³⁸ ek het nie gekom om tot niet te maak nie, maar om te vervul.³⁹ ¹⁸ Voorwaar⁴⁰ ek sê vir julle, totdat die hemel en die aarde verbygaan⁴¹ sal nie 'n jota⁴² of 'n letterstrepie van die Wet⁴³ beslis ooit verbygaan nie, totdat alles gebeur⁴⁴ het. ¹⁹ Wie ook al een van die kleinste⁴⁵ van hierdie gebooe ophef en

³⁰ 'n Lig skyn in die donker. Die implikasie is duidelik – aan die hoorders/lesers word met die metafoor 'n opdrag gegee om 'n donker wêreld te verlig.

³¹ Terwyl dit ook in die dag waar is (vgl. die wit geboue in die son), het die beeld waarskynlik betrekking op 'n stad in die nag, waarvan die ligte op 'n ver afstand sigbaar is. Almal kan die stad dus sien.

³² Maatemmer: beteken heel waarskynlik 'n houër van ongeveer 8 liter vir die meet van droë materiaal soos koring – dus 'n mandjie of 'n emmer.

³³ Dit word gestel as 'n algemene reël. Die klem val hier daarop dat dit onmoontlik is vir die dissipels om verborge te bly, net so min as wat 'n stad op die heuwels van die bergland onopgemerk kon bly. Om 'n lamp onder 'n maatemmer te sit, is ook totaal onvanpas. Soos in v. 13 word hier ook gewaarsku teen 'n optrede wat nie by dissipelskap pas nie.

³⁴ Die vergelyking wat in v. 14 begin het, word hier voortgesit en voltooi.

³⁵ Die waarskuwende klank van die vorige twee verse om nie die lig te beperk nie, wysig hier na 'n direkte positiewe opdrag om so in die openbaar op tree dat hulle goeie dae vir almal sigbaar sal wees, en dat God daarvoor die eer sal ontvang.

³⁶ Die inhoud van die goeie dae, met ander woorde hoe 'n mens sout en lig moet wees, is af te lei uit die voorafgaande seënspreuke in v. 3-11 en die antiteses wat in 5:21-48 volg.

³⁷ Hier word die hemel direk aangedui as die woonplek van God.

³⁸ Jesus waarsku daarteen dat sy lering en optrede as 'n radikale verwerping van die Wet en die Profete verstaan word.

³⁹ Hy het nie gekom om die bindende krag van die Wet en die Profete omver te werp nie, maar juis om die aansprake op mense se hart en verstand en doen en late in God se diens te bevestig. OF: Om te wys wat Moses en die Profete bedoel het, om wat die Wet en Profete gesê het in Jesus waar te laat word.

⁴⁰ Die Hebreeuse en Griekse woord *amen* is gebruik by eedswering om instemming en aanvaarding te betuig. Dit verleen gewigtigheid aan 'n uitspraak.

⁴¹ Die einde van die tyd. Die verwagting was dat hierdie bedeling tot 'n einde sou kom en dat die nuwe bedeling waar God heers en geregtigheid geskied, dan sou aanbreek.

⁴² Die jota is die kleinste letter in die Hebreeuse kwadraatskrifalfabet in die vorm van 'n komma bo-aan die lyn = '. Die "letterstrepie" of puntjie is ook 'n baie klein item in die skryfwyse wat die betekenis van 'n letter kan verander wanneer dit daaraan toegevoeg word. "Jota of letterstrepie" is 'n idiomatiese uitdrukking wat beteken: "die onbelangrikste dele van ..."

⁴³ Die vereistes van die Wet sal geldig bly, aangesien dit die uitdrukking is van God se wil. Die Wet kan in enger sin die Tien Gebooe wees, maar wyer gesien die hele Pentateuch bevat, dit wil sê die eerste vyf boeke van die Ou Testament.

⁴⁴ Totdat alles in Christus waar geword en gebeur het.

⁴⁵ In die brontaal word die oortreffende trap gebruik om te kenne te gee dat selfs die onbelangrikste gebod van krag bly.

die mense so leer,⁴⁶ sal die kleinste⁴⁷ genoem word in die koninkryk van die hemel;⁴⁸ maar wie ook al doen en leer,⁴⁹ hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemel.²⁰ Want ek sê vir julle: As julle geregtigheid⁵⁰ nie meer⁵¹ is as dié van die Skrifgeleerdes⁵² en Fariseërs⁵³ nie, sal julle beslis nie ingaan in die koninkryk van die hemel nie.

⁴⁶ Iemand wat willens en wetens een van die gebooie as ongeldig interpreteer, en dan ander tot dieselfde insig verlei.

⁴⁷ Onbelangrikste.

⁴⁸ Dit kom voor asof die oortuiging bestaan het dat daar stande of grade van belangrikheid in die hemel is.

⁴⁹ Dié sin wil die antitese stel van die voorafgaande. Wat moontlik uitgeval het of veronderstel word, is die volgende: “wie ook al doen en leer wat die gebooie sê, sal groot genoem word...”.

⁵⁰ Dit wat in ooreenstemming is met God se waardes, soos uiteengesit in v. 3-11. Sien opmerkings by v. 6. Om te doen wat God wil hê. Dit is in ooreenstemming met God se Wet, en die Wet bly daarom onverkort geld. Dit is egter duidelik dat hier reeds 'n bepaalde interpretasie van die Wet aanwesig is.

⁵¹ Ten spyte van hulle nougesette toewyding word die Fariseërs en Skrifgeleerdes voorgedhou as verkeerd. Die hoorders word gemaan om meer geregtigheid te openbaar, dit wil sê hulle gedrag moet in ooreenstemming wees met God se maatstawwe van reg en billikheid, soos dit pas aan hulle geleer is.

⁵² Joodse geleerdes wat die Ou Testament bestudeer en geïnterpreteer het, en as gesaghebbendes beskou is. Baie van die Skrifgeleerdes was deel van die groep van Fariseërs en het 'n invloedryke deel uitgemaak van die Joodse Raad. Sommige Skrifgeleerdes was Sadduseërs.

⁵³ Godsdienstige groep met heelwat invloed gedurende die ontstaan van die vroeë kerk. Hulle is gekenmerk deur besondere vroomheid en nougesette gehoorsaamheid aan oorgelewerde tradisies en allerlei wetsvoorskrifte. Hulle het ook hulle eie voorskrifte opgestel om 'n sogenaamde “heining om die wet” te vorm. Hulle lê baie klem op die onderhouding van die Sabbat en allerlei uiterlike reinheidsgebruike, en op grond daarvan ontsê hulle talle mense die genade van God. Hulle het geglo in 'n opstanding uit die dood en in engele, en het 'n toekomstige ryk op aarde verwag waarin 'n nakomeling van Dawid sou heers en Israel as vrye en soewereine volk herstel sou word.

BYLAE 6

Matteus 5:1-20

Indirekte vertaling (Weergawe 2, DT2)

MATTEUS 5:1-20

Indirekte vertaling (Weergawe 2)

Jesus leer die mense

¹ Toe Jesus sien hoe baie mense daar was, het Hy 'n ent teen die berg opgeklim¹ en daar gaan sit. Sy volgelinge het by Hom kom sit sodat Hy hulle kon leer. ² Hy sê toe vir hulle:

Mense wat deur God geseën word

(Ook Luk 6:20-23)

³ "God seën die mense wat besef hoe afhanklik hulle van Hom is, want Hy, die Koning, waak oor hulle.

⁴ God seën die mense wat treur, want hulle sal vertroos word.

⁵ God seën die mense wat saggeaard is, want hulle sal die aarde as besitting ontvang.

⁶ God seën die mense wat daarna smag om te doen wat God wil hê, want hulle begeerte sal vervul word.

⁷ God seën die mense wat simpatie aan ander bewys, want Hy sal hulle ook met simpatie behandel.

⁸ God seën die mense wat Hom met hulle hele wese dien, want hulle sal sy teenwoordigheid ervaar.

⁹ God seën die mense wat vrede bewerk, want dit sal vir almal duidelik wees dat hulle sy kinders is.

¹⁰ God seën die mense wat vervolgd word omdat hulle doen wat God wil hê, want Hy, die Koning, waak oor hulle.

¹ Prakties: Sodat Jesus die mense kon sien en die mense Hom wanneer Hy met hulle praat. Simbolies: Hoogte word geassosieer met groter gesag en die plek van God se openbaring, bv. Moses en Elia ontmoet God op die berg.

¹¹ "God seën julle wanneer mense julle slegsê, vervolg en 'n klomp leuens oor julle vertel omdat julle my volgelinge is. ¹² Wees bly daaroor – ja, sing en dans van vreugde – want daar is 'n groot beloning vir julle in die hemel. Moenie moed verloor wanneer hierdie dinge met julle gebeur nie, want onthou, God se boodskappers is nog altyd gehaat: lank voor julle tyd is die profete ook só vervolg.

Sout vir die aarde en lig vir die wêreld

(Ook Mark 9:50; 4:21; Luk 14:34-35; 8:16)

¹³ "Julle is die sout vir die aarde, maar as die sout sy smaak verloor het, hoe kan 'n mens dit weer die smaak teruggee? Dit is niks meer werd nie – dit word buite gegooi en die mense loop daaroor.

¹⁴ Julle is die lig vir die wêreld: Julle moet 'n lig wees vir die donker wêreld rondom julle. Julle geloof moet so sigbaar wees soos 'n stad wat hoog bo-op 'n berg gebou is. Net soos wat so 'n stad nie weggesteek kan word nie, moet julle nie julle geloof wegsteek nie.

¹⁵ Ook steek jy nie 'n lamp op en sit dan 'n emmer bo-oor nie. Nee, jy sit die lamp op 'n lampstaander sodat dit vir almal in die huis kan lig gee. ¹⁶ Net so moet julle 'n lig wees wat in hierdie pikdonker wêreld skyn. Ander mense moet sien dat julle alles doen wat God van julle vra. Hulle sal dan erken dat julle 'n wonderlike God dien en só word God se Naam grootgemaak.

Die vervulling van die Wet en die Profete

¹⁷ "Moenie dink Ek het gekom om die Wet en die Profete² tot niet te maak nie. Inteendeel. Ek het gekom om duidelik te maak wat die Wet en die Profete bedoel het en dit dan te laat gebeur. ¹⁸ Want Ek sê vir julle, en dis die waarheid: Die Wet is so belangrik dat dit sal bly bestaan tot die einde. Solank daar nog sterre in die hemel en mense op die aarde is, sal selfs nie die kleinste stukkie van die Wet afgeskaf word nie. Alles wat die Wet en die Profete gesê het, moet eers gebeur. ¹⁹ Enigiemand wat selfs een van die onbelangrikste dele van die Wet ignoreer, en ander mense leer om dieselfde te doen, sal as die onbelangrikste beskou word daar waar God as Koning regeer. Aan die ander kant: Enigiemand wat die Wet ten volle uitleef, en ander mense leer om dieselfde te doen, sal as belangrik beskou word daar waar God as Koning regeer. ²⁰ Maar luister nou baie mooi: As julle nie God se wil méér uitleef as

² Die "wet en die profete" dien dikwels as 'n aanduiding van die hele Ou Testament; vgl. Matt 7:12; 22:40; Hand 24:14; 28:23; Rom 3:21.

wat die Skrifgeleerdes³ en Fariseërs⁴ dit doen nie, sal julle beslis nie 'n plek hê daar waar God as Koning regeer nie."

³ Die Skrifgeleerdes was Joodse geleerdes wat die Ou Testament bestudeer en geïnterpreteer het, en is as kenners op dié gebied beskou. Baie van hulle was deel van die Fariseërs en was 'n invloedryke deel van die Joodse Raad.

⁴ Die Fariseërs was 'n groep wat uiters godsdienstig was en op die streng nakoming van baie tradisies en wetsvoorskrifte gefokus het. Hulle is deur sommige van skynheiligheid beskuldig.

BYLAE 7

Matteus 5:1-20

Direkte vertaling (Weergawe 3, DT1)

MATTEUS 5:1-20

Direkte vertaling (Weergawe 3)

Jesus leer die mense

¹ Toe Hy die skare sien, het Hy teen die berg opgeklim,¹ en nadat Hy gaan sit het,² het sy leerlinge³ na Hom toe gekom. ² En Hy het sy mond oopgemaak⁴ en gesê:

Mense wat deur God geseën word

(Ook Luk 6:20-23)

³ "Geseënd⁵ is die armes van gees,⁶
want aan hulle behoort die koninkryk⁷ van die hemel.

⁴ Geseënd is dié wat treur,
want hulle sal vertroos word.⁸

¹ Prakties: Sodat Jesus die mense kon sien en die mense Hom wanneer Hy met hulle praat. Simbolies: Hoogte word geassosieer met groter gesag en die plek van God se openbaring. Nog voorbeelde is Moses en Elia wat God op 'n berg ontmoet het.

² Wat hier beskryf word, is die gebruik van 'n leermeester (soos 'n Joodse rabbi of Griekse filosoof) om, wanneer hy onderrig gee, te sit met sy studente rondom hom.

³ Die woord *mathetes* kan dui op 'n leerling, soos 'n rabbi se leerlinge of studente. Dit is mense wat iemand gevolg het en by hom geleer het. In die Nuwe Testament dui dit op volgelinge van Johannes en Jesus. In die geval van Jesus kan dit op die 12 dissipels dui, maar ook op 'n breër kring.

⁴ "Hy het sy mond oopgemaak" is 'n Semitiese idioom wat die begin van 'n openbare toespraak aandui. Hier beteken dit dus: "Hy het hulle begin leer..."

⁵ Die saligsprekinge vertoon dramatiese ironie deurdat ervarings en toestande wat gewoonlik as ongewens beleef word, onthul word as bedekte simbole van God se seën. Sommige wil *makarios* met "gelukkig" vertaal, maar die fokus val dan te veel op die gesindheid en gedrag van die hoorder. *Geseënd* is 'n religieuse heilsaankondiging, 'n toesegging van heil en God se seën aan mense.

⁶ Lukas praat net van "armes", maar met "armes van gees" kan Matteus moontlik bedoel dat dit nie finansiële armoede op sigself is wat God se guns verseker nie. Dit gaan wel oor mense wat in ellende verkeer, wat in hulle ellende besef dat hulle van God afhanklik is, en wat dan hulle vertrouwe net op God plaas. Dit sluit nou aan by bv. Jes 61:1; 66:2; 29:19; en Ps 37:3, 9, 34.

⁷ Die term "koninkryk" roep dadelik die gedagte van 'n gebied op. In die antieke kosmologie het die aarde en voorstellings van wat "onder" die aarde was, assosiasies na vore geroep van verganklikheid en bederf. Die hemel is met God geassosieer en as sy woonplek beskou.

⁸ Dit is implisiet in die teks dat dit God is wat hierdie mense sal vertroos. Dit sluit in dat mense as God se instrumente mekaar vertroos.

- ⁵ Geseënd is die saggeardes,⁹
want hulle sal die aarde as besitting ontvang.
- ⁶ Geseënd is dié wat honger en dors na geregtigheid,¹⁰
want hulle sal versadig word.¹¹
- ⁷ Geseënd is dié wat medelye betoon,
want aan hulle sal medelye betoon word.¹²
- ⁸ Geseënd is dié wat rein van hart is,¹³
want hulle sal God sien.¹⁴
- ⁹ Geseënd is die vredemakers,¹⁵
want hulle sal seuns¹⁶ van God genoem word.¹⁷
- ¹⁰ Geseënd is hulle wat vervolgd word ter wille van geregtigheid,¹⁸
want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.¹⁹

⁹ Jes 61:1, maar veral Ps 37:9, 11, 29 sluit nou hierby aan. Dit gaan oor mense wat in totale afhanklikheid voor God staan sonder om hulleself te wil handhaaf.

¹⁰ Die term “geregtigheid” dui op alles wat reg is volgens die maatstaf van God se wil. Geregtigheid het meer te doen met regverdigheid en billikheid as met die blote letter van die wet.

¹¹ Dit is implisiet in die teks dat dit God is wat hierdie mense met dit sal versadig waarna hulle smag, nl. geregtigheid. Dit sluit in dat mense God se reg handhaaf.

¹² Dit is implisiet in die teks dat dit God is wat medelye aan hierdie mense sal betoon. Dit sluit in dat mense aan mekaar medelye sal betoon.

¹³ In Matteus staan reinheid teenoor die bose as aanduiding van die dubbelhartige persoon (5:37; 6:23; 7:15-20) wat nie die wil van God doen nie. Kortom, dié mense wat rein harte het, dien God met onverdeelde gehoorsaamheid, in die geheel van hulle lewe.

¹⁴ Die uitdrukking “om God te sien” dui op die belewing van die teenwoordigheid van God.

¹⁵ Vredemakers is mense deur wie se optrede vyandigheid in vrede omskep word.

¹⁶ Dit moet as “kinders van God” verstaan word.

¹⁷ “Kinders van God” dui aan dat “vrede” ’n waarde is wat die verhouding met God ondersteun.

¹⁸ Sien die voetnoot by v. 6.

¹⁹ Vers 10 en v. 3 se nasinne is identies en omraam die gedeelte van v. 3-8. Sien die opmerking oor koninkryk by v. 3.

¹¹ "Geseënd is julle²⁰ wanneer mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik als wat sleg is teen julle sê. ¹² Wees bly²¹ – ja, jubel²² – want julle loon in die hemel²³ is groot. Hulle het immers die profete wat voor julle daar was, net so vervolg.²⁴

Sout van die aarde en lig van die wêreld

(Ook Mark 9:50; 4:21; Luk 14:34-35; 8:16)

¹³ "Julle is die sout²⁵ van die aarde, maar as die sout sy smaak verloor het, waarmee sal dit weer sout gemaak word?²⁶ Dit is niks meer werd nie²⁷ behalwe om buite gegooi en deur die mense vertrap²⁸ te word.

¹⁴ Julle is die lig van die wêreld.²⁹ 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie.³⁰

²⁰ Waar die teks tot hier in die derdepersoon (hulle) geformuleer is, verander dit nou na die tweedepersoon (julle). Die effek is om vanaf sake van meer algemene godsdiens-etiese belang te beweeg na aangeleenthede wat die toehoorders direk bedreig. Vers 11-12 pas v. 10 nou spesifiek toe op die dissipels en die kerk wat vervolg word.

²¹ Hier lê die klem op innerlike blydschap.

²² Hier lê die klem op 'n uiterlike vertoon van blydschap.

²³ Die implikasie is dat hulle op 'n besondere manier in God se guns staan – dit gaan nie oor die hemel as sodanig nie. Loon hou nie met verdienste verband nie, maar word uit genade gegee (19:29; 20:1-16; 25:21, 23).

²⁴ Die situasie is dié van 'n bemoedigingsgesprek aan getroue volgelinge wat weerstand beleef teen die profetiese boodskap wat hulle uitdra. Die verwysing na die vroeëre profete wat net so verafsku en vervolg is, identifiseer die "hulle" wat die vervolging doen as die toehoorders se eie mense, naamlik Israel. Terselfdertyd word Jesus se gehoor by implikasie tot profete verhef, dit wil sê dié wat die ware boodskap van God ken en verkondig.

²⁵ Dit kan geïnterpreteer word as 'n metafoor wat dui op een van die funksies van sout, nl. "waardetoevoeging". 'n Ander siening: die voor-die-hand-liggende gebruik van sout om smaak aan kos te gee, sowel as om dit te preserveer.

²⁶ Egte sout (NaCl) kan nie laf word nie, hoewel dit met 'n onsuier soutu mengsel (soos dié van die Dooie See afkomstig) wel sou kon gebeur. In terme van die metafoor geld dit wel as 'n reële moontlikheid wat as ernstige waarskuwing dien teen die moontlikheid dat dissipels hulle onderskeidende kenmerk as dissipels kan verloor.

²⁷ Letterlik: Dit het krag tot niks meer nie. Sout se funksie is direk eweredig aan die krag van sy werking.

²⁸ Die Griekse woord kan as "vertrap" of "trap op" vertaal word. Die woord "vertrap" roep konnotasies op van moedswilligheid en doelbewuste benadeling, teenoor "trap op" wat minder emosie oordra. Dit kan dui op die gebruik om sout as bedekking op paaie te strooi om die oppervlakte minder te laat verweer. In lg. geval sou die bedoeling kon wees om die kragtige werking van aktiewe sout te vergelyk met die passiewe werking van verslane sout. 'n Ander siening: dit word as iets nutteloos eenvoudig buite die huis in die straat of op die plat dak gegooi en dan loop mense daaroor.

²⁹ 'n Lig skyn in die donker. Die implikasie is duidelik: met die metafoor word 'n opdrag gegee om 'n donker wêreld te verlig.

³⁰ Terwyl dit ook in die dag waar is (vgl. die wit geboue in die son), het die beeld waarskynlik betrekking op 'n stad in die nag, waarvan die ligte van ver af sigbaar is. Almal kan die stad dus sien.

¹⁵ 'n Mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder 'n maatemmer³¹ nie, maar op 'n lampstaander,³² en dit skyn vir almal in die huis. ¹⁶ Laat julle lig³³ só skyn voor die mense³⁴ dat hulle julle goeie dade³⁵ sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.

Die vervulling van die Wet en die Profete

¹⁷ "Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet en die Profete³⁶ tot niet te maak nie;³⁷ Ek het gekom, nie om hulle tot niet te maak nie, maar om hulle te vervul.³⁸ ¹⁸ Want Ek sê vir julle, en dit is die waarheid: Solank die hemel en die aarde nog bestaan, sal daar beslis nie 'n jota of 'n letterstrepie³⁹ van die Wet verdwyn nie⁴⁰ – totdat alles gebeur⁴¹ het. ¹⁹ Wie ook al een van die gebooië ophef (selfs al is dit die onbelangrikste) en die mense só leer,⁴² sal as die onbelangrikste in die koninkryk van die hemel bekend staan; maar wie ook al doen en leer,⁴³ hy sal as belangrik in die koninkryk van die hemel bekend staan. ²⁰ Want Ek sê vir julle: As

³¹ Maatemmer: dit was heel waarskynlik 'n houer van ongeveer 8 liter wat vir die meet van droë materiaal soos koring gebruik is.

³² Hier val die klem daarop dat dit onmoontlik is vir die dissipels om nie raakgesien te word nie, net so min as wat 'n stad op die heuwels van die bergland onopgemerk kon bly. Om 'n lamp onder 'n maatemmer te sit, is ook totaal onvanpas; soos in v. 13 word hier ook gewaarsku teen 'n optrede wat nie by dissipelskap pas nie.

³³ Die vergelyking wat in v. 14 begin het, word hier voortgesit en voltooi.

³⁴ Die waarskuwende klank van die vorige twee verse om nie die lig te beperk nie, verander hier na 'n direkte positiewe opdrag om só in die openbaar op tree dat hulle goeie dade vir almal sigbaar sal wees, en dat God die eer daarvoor sal ontvang.

³⁵ Die inhoud van die goeie dade, m.a.w. hoe 'n mens sout en lig moet wees, kan afgelei word uit die voorafgaande seënspreuke in v. 3-11 en die antiteses wat in 5:21-48 volg.

³⁶ Volgens die Jode bestaan die Ou Testament uit drie dele: die Wet (Gen.-Deut), die Profete (die vroeëre profete: Jos, Rig, Sam, Kon en die latere profete: Jes, Jer, Eseg, Hos tot Mal) en die Geskrifte (Ps, Job, Spr, Rut, Hoogl, Pred, Klaagl, Est, Dan, Esr, Neh, Kron). Die "wet en die profete" dien dikwels as 'n aanduiding van die hele Ou Testament, vgl. Matt 7:12; 22:40; Hand 24:14; 28:23; Rom 3:21.

³⁷ Jesus waarsku dat sy lering en optrede nie as 'n verwerping van die Wet en die Profete verstaan moet word nie.

³⁸ Hy het nie gekom om die bindende krag van die Wet en die Profete omver te werp nie, maar juis om die aansprake op mense se hart en verstand en doen en late in God se diens te bevestig. OF: Om te wys wat Moses en die Profete bedoel het, om wat die Wet en Profete gesê het in Jesus waar te laat word.

³⁹ Die jota is die kleinste letter in die Hebreeuse kwadraatskrifalfabet. Dit lyk soos 'n komma bo-aan die lyn, nl. '. Die "letterstrepie" of puntjie is ook 'n baie klein item in die skryfwyse wat die betekenis van 'n letter kan verander wanneer dit daaraan toegevoeg word. "Jota of letterstrepie" is 'n idiomatiese uitdrukking wat beteken: "die onbelangrikste dele van ..."

⁴⁰ Die vereistes van die Wet sal geldig bly, aangesien dit die uitdrukking is van God se wil. Die Wet kan in enger sin die Tien Gebooië wees, maar wyer gesien die hele Pentateuch bevat, d.w.s. die eerste vyf boeke van die Ou Testament.

⁴¹ Totdat alles in Christus waar geword en gebeur het.

⁴² Iemand wat willens en wetens een van die gebooië as ongeldig interpreteer, en dan ander tot dieselfde insig verlei.

⁴³ Hier word bedoel: "wie ook al die Wet uitleef en mense só leer...".

julle geregtigheid⁴⁴ nie meer⁴⁵ inhou as dié van die Skrifgeleerdes⁴⁶ en Fariseërs⁴⁷ nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel ingaan nie.

⁴⁴ Dit wat in ooreenstemming is met God se waardes, soos uiteengesit in v. 3-11. Sien opmerkings by v. 6. Om te doen wat God wil hê. Dit wat in ooreenstemming is met God se Wet, en die Wet bly daarom onverkort geld.

⁴⁵ Ten spyte van hulle nougesette toewyding word die Fariseërs en Skrifgeleerdes voorgehou as verkeerd. Die hoorders word gemaan om meer geregtigheid te openbaar, dit wil sê hulle gedrag moet in ooreenstemming wees met God se maatstawwe van reg en billikheid, soos dit pas aan hulle geleer is.

⁴⁶ Joodse geleerdes wat die Ou Testament bestudeer en geïnterpreteer het, en as gesaghebbendes beskou is. Baie van die Skrifgeleerdes was deel van die groep van Fariseërs en was 'n invloedryke deel van die Joodse Raad.

⁴⁷ Godsdienstige groep met heelwat invloed gedurende die ontstaan van die vroeë kerk. Hulle is gekenmerk deur besondere vroomheid en nougesette gehoorsaamheid aan oorgelewerde tradisies en allerlei wetsvoorskrifte. Hulle het ook hulle eie voorskrifte opgestel om 'n sogenaamde "heining om die wet" te vorm. Hulle lê baie klem op die onderhouding van die Sabbat en allerlei uiterlike reinheidsgebruike, en op grond daarvan ontsê hulle talle mense die genade van God.

BYLAE 8

Romeine 7:7-25

Konkordante vertaling (Weergawe 1)

ROMEINE 7:7-25

Konkordante vertaling (Weergawe 1)

⁷Wat sal ons dan sê? Is die wet¹ sonde? Nee, glad nie, want die sonde sou ek nie geken het nie, as dit nie deur die wet was nie, want die begeerte sou ek nie geken het nie as die wet nie gesê het nie: Jy mag nie begeer nie. ⁸Die sonde het egter 'n aanleiding² gevind deur die gebod³ en in my allerhande begeerlikheid gewerk, want sonder die wet is die sonde dood. ⁹Vroeër het ek sonder die wet gelewe. Maar toe die gebod gekom het, het die sonde begin lééf,⁴ ¹⁰ek het gesterf en die gebod tot die lewe self het vir my geblyk die dood te wees.⁵ ¹¹Want die sonde het deur die gebod aanleiding gekry en my verlei en my daardeur gedood. ¹²So is die wet dan heilig, en die gebod heilig en regverdig en goed.

¹³Het die goeie dan vir my die dood geword? Beslis nie. Maar die sonde wel, sodat dit kon blyk die sonde te wees, omdat dit deur die goeie vir my die dood tot uitvoer bring/bewerk (*katergazomené*), en sodat die sonde deur die gebod uitermatig sondig kon word.⁶ ¹⁴Want ons weet dat die wet

¹ Die Griekse woord *nomos* word hier gebruik. Paulus dink hier aan die wet van Moses, meer bekend onder sy Hebreeuse naam, die *tora*. Die Afrikaanse woord *wet* is nie heeltemal die regte vertaling vir die "wet van Moses" nie, want "wet" se assosiasie vir baie lesers is iets soos die landswet, wat jy nie mag breek nie, anders word jy gestraf. *Tora* het 'n groter betekenisveld. Dit beteken soms *wet* (as reël of regulasie), maar soms ook *lering*, *instruksie*, *riglyn*. Die vraag ontstaan nou of 'n vertaler *nomos* hier met *wet* moet vertaal, en of 'n mens 'n meer dinamies ekwivalente vertaling moet probeer gee. Ek stel voor dat dit nie gedoen word nie, maar dat *wet* behou word, vir verskeie redes: 1) Paulus skryf in Grieks (hy haal uit Griekse OT aan) en die woord wat vertaal moet word, is nie *tora* nie, maar *nomos* - wat, soos die Afrikaanse woord *wet*, ook weer sy eie verskillende betekenisvelde het. In Rom 7:7-26 word *nomos* byvoorbeeld gebruik om te verwys na die wet van Moses (wat nie net 'n wet was nie), maar ook om te verwys na *beginsel* (v. 21), na *neiging* (v. 23).

² Die Griekse woord is *aformén*. Dit kan ook beteken *beginpunt*, *uitgangspunt*, *operasiebasis*. Dit word weer in v. 11 gebruik, en ook in 2 Kor 5:12, 11:12; Gal 5:13; 1 Tim 5:14. Die uitdrukking *aformén lambanein* (letterlik: *om die beginpunt te vat*) kom gereeld in Hellenistiese Grieks voor.

³ Die Griekse woord is *entolé*, wat gewoonlik verwys na 'n spesifieke wet of reël.

⁴ Die Griekse woord is 'n samestelling van die voorsetsel *ana* + *edzēsen* (*het lewendig geword*). Die tempus aoristus word hier gebruik, wat in klassieke Attiese Grieks 'n afgelope handeling in die verlede, met 'n durende implikasie vir die hede aangedui het. In die Koiné-Grieks van die Hellenistiese periode (waarin die NT geskryf is) was daar nie meer so 'n groot verskil tussen 'n gewone verlede tyd en 'n aoristus nie. Gevolglik is vertalers onseker of hulle hier die aoristus moet vertaal (*het lewendig geword*), eerder as die gewone verlede (*het geleef*). As gevolg van die verband kies ek hier om die aoristus te vertaal. Die voorsetsel *ana*- versterk net die werkwoord. Dit vertaal ek met *begin lééf*, eerder as net die *sonde het geleef* (gewone verlede tyd).

⁵ Letterlik: *Ek het gesterf en is bevind vir my die gebod tot die lewe self (as) tot die dood*.

⁶ 'n Lang en ingewikkelde sin, maar dit word verstaanbaarder deur in te sien dat dit eintlik twee neweskikkende sinne is, waarin die subjek elke keer "die sonde" is. In die Grieks is dit duidelik deurdat *hina* (*sodat*) elke keer saam met die werkwoord verskyn waarvan "die sonde" die subjek is. Dus: *sodat die sonde kan verskyn/blyk te wees en sodat die sonde... kan word*. Baie ingewikkelde vertalings word soms aangebied omdat vertalers die een sin afhanklik van die ander maak. In bogenoemde vertaling het ek probeer om duidelik te maak dat dit twee neweskikkende sinne is deur 'n komma aan die einde van die eerste sin te sin en die tweede daaropvolgende sin deur 'n "en" te laat begin: *...die goeie vir my die dood bewerk, en sodat die sonde deur die gebod uitermatig sondig kon word...*

geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. ¹⁵Want dit wat ek doen/tot uitvoer bring (*katergazomenai*) verstaan ek nie, want wat ek wil, dit doen (*prasso*) ek nie, maar wat ek haat, dit doen (*poio*) ek.⁷ ¹⁶En as ek nou doen wat ek nie wil nie, stem ek saam met die wet dat dit goed is. ¹⁷Maar nou is dit nie ek wat dit doen/tot uitvoer bring nie (*katergazomenai*), maar die sonde wat in my woon. ¹⁸Want ek weet dat in my, dit is in my vlees, die goeie⁸ nie woon nie. Want om (die goeie)⁹ te wil is by my aanwesig, maar om die goeie te doen/tot uitvoer te bring (*katergazesthai*), nie. ¹⁹Want die goeie wat ek wil, doen (*poio*) ek nie, maar die slegte wat ek nie wil nie, dit doen ek (*prasso*). ²⁰As ek dit, wat ek nie wil nie, wel doen (*poio*), dan is dit nie meer ek wat dit doen/tot uitvoer bring (*katergazomenai*), maar die sonde wat in my woon. ²¹Ek vind dus dié wet¹⁰ wat in my woon: as ek die goeie wil doen, is die slegte by my.¹¹ ²²Want ek verbly my in die wet van God¹² na die innerlike mens, ²³maar ek sien 'n ander wet¹³ in my lede stryd voer teen die wet van my gemoed¹⁴ en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede¹⁵ is. ²⁴Ek ellendige mens! Wie sal my verlos van hierdie liggaam van die dood? ²⁵Aan God die dank God deur Jesus Christus ons Here. So dien ek self dan met my gemoed die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde.

⁷ Wat ek doen: Drie verskillende Griekse woorde (*katergazomai*, *prasso*, *poio*) word hier elke keer met die Afrikaanse *doen* vertaal. Die drie het verskillende etimologiese agtergronde, en op grond van etimologie en gebruike in ander kontekste sou 'n mens miskien kon sê *katergazomenai* het die konnotasie van *tot uitvoer bring* (*ergon* beteken *taak*, *werk*, *handeling* - in kontras met woord), *prasso* het die konnotasie van *ek doen* (die etimologie is dieselfde as die woorde *praxis*), terwyl *poio* die konnotasie van *maak* of *skep* het (die woord *poësie* is afgelei van *poiesis*, *maaksel*) - maar in dié konteks funksioneer die drie as sinonieme. Aldrie beteken hier gewoon: ek doen. Die enigste rede waarom drie verskillende werkwoorde gebruik word, is om in die Grieks 'n estetiese effek te verkry. Dit gaan ongelukkig in die Afrikaanse vertaling verlore.

⁸ Die goeie (Grieks: *agathon*) is die heel laaste woord in die sin. Letterlik lees die sin: *Want ek weet dat in my nie woon nie, dit is in my vlees, die goeie*. Die subjek (die goeie) word dus verskuif na die einde vir 'n dramatiese effek. Paulus wil dus beklemtoon dat in hom baie ander dinge mag wees, maar een ding wat nie in hom woon, in hom tuis is nie, is . . . die goeie.

⁹ In die eerste frase ontbreek die onderwerp, *die goeie*, maar dit word in die tweede frase genoem. Klaarblyklik is *die goeie* die onderwerp by beide handeling - om te wil en om ten uitvoer te bring - maar Paulus noem dit slegs in die tweede frase. Die rede hiervoor is waarskynlik, soos by die vorige sin, om ter wille van dramatiese effek, *die goeie* so laat as moontlik in die sin te noem.

¹⁰ Hier beteken *wet* nie die wet van Moses, nl. die Tora nie, maar *die beginsel*.

¹¹ Letterlik: *Ek vind dus die wet by my om die goeie te wil doen by my is die slegte teenwoordig*.

¹² Die wet van God verwys hier na die wil van God, soos neergeskryf in die Tora.

¹³ 'n *Ander wet* verwys na *beginsel*. Dit is waarskynlik dieselfde as *die wet van die sonde*.

¹⁴ Die *wet van my gemoed* en *na die innerlike mens* in v. 22 is baie na aan sinonieme. Met beide frases bedoel Paulus iets soos *in my hart* of *binnekant my* of *diep in my wese*.

¹⁵ *Tois melesin* (*in my lede*) verwys oorspronklik na ledemate van die liggaam. *Melos* is ledemaat. Paulus gebruik die metafoer van liggaam redelik vry, en so ook *ledemate*. Dit is duidelik dat hy hier nie net dink aan die liggaamlike organe nie, maar aan die mens in hulle "natural capacities" (Cranfield, 318) of soos die 1983-vertaling vertaal, die mense "se doen en late".

BYLAE 9

Romeine 7:7-25

Indirekte vertaling (Weergawe 2, DT2)

ROMEINE 7:7-25

Indirekte vertaling (Weergawe 2)

Ons stryd teen die sonde

⁷Wat beteken dit alles? Is die wet¹ dan verkeerd of sondig? Nee, definitief nie. Dit is juis die wet wat vir my gewys het wat sonde is. Hier is 'n voorbeeld: as die wet nie gesê het “Jy mag nie begeer nie”, sou ek nooit geweet het dat dit verkeerd is om te begeer nie. ⁸Maar dit is die sonde wat die wet misbruik het om allerhande begeertes in my wakker te maak: Die wet maak my bewus van my slegte begeertes en dan wil ek juis hierdie verkeerde dinge doen. As daar nie 'n wet was nie, sou ek nie geweet het wat sonde is nie. ⁹Daar was 'n tyd toe ek nog nie van die wet geweet het nie. Ek het eers later geleer dat God sekere dinge verbied, en dis juis tóé dat ek hierdie verkeerde dinge wou doen. ¹⁰Dit is hoekom die wet my nie die ware lewe kan gee nie, en my nie van 'n ewige dood kan red nie: ¹¹dit is die sonde wat die wet misbruik het om my te bedrieg en my dood te maak. ¹²Daarom weet ek dat die wet heilig is, en dat God se opdragte reg en goed is.

¹³Beteken dit dan dat die wet wat veronderstel is om goed te wees, my in die mag van die dood geplaas het? Nee, dit is nie die wet wat dit gedoen het nie, maar die sonde. Die sonde het iets goeds gebruik om my dood te maak, en dit wys wat die sonde werklik is: danksy God se wet kan ons sien hoe aaklig die sonde werklik is. ¹⁴Ons weet tog die wet is geestelik. Die probleem lê dus nie by die wet nie, maar by my, want ek is 'n sondige mens wat soos 'n slaaf aan die sonde uitverkoop is. Ek is in die mag van die sonde. ¹⁵Ek verstaan myself glad nie. Ek doen nie die dinge wat ek graag wil doen nie. Aan die ander kant wil ek nie sonde doen nie, maar tog doen ek dit wat ek haat. ¹⁶Wanneer ek iets verkeerds gedoen het, besef ek dat dit teen God se wil is, dus weet ek God se wet is goed. ¹⁷Ek doen al hierdie slegte dinge omdat die sonde oor my lewe baasspeel. ¹⁸Ek weet dat die goeie nie binne-in my woon nie – nie in my menslike geaardheid nie. Want ek wil baie graag iets goeds doen, maar ek kry dit net nie reg nie. ¹⁹Ek wil graag goed doen maar ek doen dit nie; en dan doen ek juis die verkeerde dinge wat ek nie wil doen nie. ²⁰As ek iets gedoen het wat ek nie wou doen nie, dan is dit nie meer ek wat dit gedoen het nie, maar die sonde wat in my woon. ²¹Want wat gewoonlik gebeur, is dit: as ek iets goeds wil doen, pootjie die sonde my. ²²In my binneste aanvaar ek God se wet met blydskap. ²³Maar ek sien in my doen en late 'n ander mag wat veg teen God se wet wat ek in my binneste ervaar. Dit is hierdie ander mag wat my in die sonde vasvang. ²⁴Wat 'n patetiese mens is ek tog! Wie sal my red van 'n lewe wat nutteloos en leeg is? ²⁵Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus wat nou die Here oor my lewe is. In my binneste aanvaar ek God se wet, maar my menslike geaardheid veroorsaak dat ek iets heeltemal anders doen.

¹ Hier verwys Paulus na die wet van Moses, nl. die *Tora* wat uit die eerste vyf boeke van die Ou Testament bestaan. Dit is nie net reëls wat gehoorsaam moet word nie, maar dien ook as 'n riglyn vir ons alledaagse lewens.

BYLAE 10

Romeine 7:7-25

Direkte vertaling (Weergawe 3, DT1)

ROMEINE 7:7-25

Direkte vertaling (Weergawe 3)

Ons stryd teen die sonde

⁷Wat sal ons dan sê? Is die wet¹ sonde? Nee, beslis nie. Inteendeel – ek sou nie die sonde geken het as dit nie vir die wet was nie. So sou ek nie geweet het dat dit sonde is om te begeer as die wet nie gesê het: “Jy mag nie begeer nie.”⁸ Maar deur hierdie gebod het die sonde ’n wegspringplek gekry en allerhande begeertes in my wakker gemaak, want sonder die wet is die sonde dood.⁹ Vroeër, toe die wet nie daar was nie, het ek gelewe. Maar toe die gebod gekom het, het die sonde begin lewe¹⁰ en ek het gesterwe. Dit het geblyk dat die gebod wat bedoel was om vir my die lewe te bring, vir my die dood beteken.¹¹ Want die sonde het deur die gebod ’n wegspringplek gekry en my mislei en my daardeur doodgemaak.¹² Die wet is dus heilig, en die gebod heilig en regverdig en goed.

¹³Beteken dit dat iets wat goed is vir my die dood gebring het? Nee, beslis nie. Dit was die sonde wat vir my die dood gebring het, en daardeur is die sonde se ware karakter geopenbaar: dit het iets wat goed is, gebruik om my dood te veroorsaak. En so het die sonde danksy die gebod sondiger as ooit geword.¹⁴ Ons weet tog die wet is geestelik, maar ek is vleeslik² en aan die sonde uitverkoop.¹⁵ Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek.¹⁶ Dat ek nie wil doen wat ek doen nie, beteken dat ek saamstem dat die wet goed is.¹⁷ Maar nou is dit nie ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.¹⁸ Ek weet immers dat in my, dit wil sê in my vlees, die goeie nie woon nie. Want daar is by my wel die wil om die goeie te doen, maar ek doen dit nie.¹⁹ Want die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.²⁰ As ek nou doen wat ek nie wil doen nie, dan is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.²¹ Ek vind dus hierdie wet³ binne-in my: as ek die goeie wil doen, is die slegte altyd byderhand.²² Want in my gees verbly ek my in die wet van God,⁴ ²³ maar ek sien ’n ander wet⁵ in my vlees wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my ’n gevangene van die wet van die sonde wat in my vlees is.²⁴ Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? ²⁵ Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. So dien ek self dan met my gees die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde.

¹ Hier verwys Paulus na die wet van Moses, nl. die *Tora* wat uit die eerste vyf boeke van die Ou Testament bestaan. Dit is nie net reëls wat gehoorsaam moet word nie, maar dien ook as ’n riglyn vir ons alledaagse lewens.

² “Vleeslik” beteken die sondige natuur van die mens, en verwys nie net na sondes wat met die liggaam gepleeg word nie.

³ Hier beteken *wet* nie die wet van Moses nie, maar wel *die beginsel*.

⁴ Die wil van God, soos neergeskryf in die *Tora*.

⁵ ’n *Ander wet* verwys na *beginsel*. Dit is waarskynlik dieselfde as *die wet van die sonde*.

BYLAE 11

Vraelys

Antwoord asseblief die volgende vrae deur die toepaslike syfer te omkring en meer inligting in te vul wanneer nodig.

Belangrik: u antwoorde is nie "reg" of "verkeerd" nie. Ek wil net weet hoe u oor verskillende vertalings van die Bybel voel.

1. Ouderdom: (jaar)

2. Watter taal praat u by die huis?

Net Afrikaans	1	Ander – spesifiseer:	3
Afrikaans en Engels	2		

3. By watter geleentheid gebruik u die Bybel? (Meer as een antwoord toelaatbaar)

Erediens	1
Bybelstudiegroep/Selgroep	2
Persoonlike stiltetyd	3

4. Hoe gereeld lees u die Bybel?

Min, maar hoor dit by erediens	1	Een tot twee keer per week	3
Een tot drie keer per maand	2	Drie of meer keer per week	4

5. Watter van die volgende Afrikaanse en/of Engelse Bybels lees u? (Meer as een antwoord toelaatbaar)

Ou Afr. Vertaling (1933/1953)	1	<i>King James Version (KJV)</i>	8
Nuwe Afr. Vertaling (1983)	2	<i>Living Bible</i>	9
'n Studiebybel, bv. Bybel in Praktyk	3	<i>New International Version (NIV)</i>	10
Lewende Bybel	4	<i>New King James Version (NKJV)</i>	11
Die Boodskap	5	<i>Revised Standard Bible (RSV)</i>	12
<i>Amplified Bible</i>	6	<i>New Revised Standard Version (NRSV)</i>	13
<i>Good News Bible (TEV)</i>	7	Ander – spesifiseer:	14

6. Watter Bybel lees u die gereeldste? (Net een antwoord)

.....

7. Op die aangehegde bladsy is twee verskillende vertalings van **Jes. 1:1-9**. Lees asseblief albei vertalings aandagtig deur en antwoord dan die volgende vrae:

7.1 Watter teks lees makliker?	Teks A	Teks B
7.2 Watter teks voel u is 'n nader weergawe van die oorspronklike Woord van God?	Teks A	Teks B
7.3 Watter teks se beeldspraak is duideliker?	Teks A	Teks B
7.4 Watter teks sou u in die erediens wou hoor?	Teks A	Teks B
7.5 Watter teks sou u in u persoonlike stiltetyd wou gebruik?	Teks A	Teks B
7.6 Watter teks sou u tydens Bybelstudie wou gebruik?	Teks A	Teks B
7.7 Verkies u die teks met minder voetnote (Teks A), of die teks met meer voetnote (Teks B)?	Teks A	Teks B
7.8 Watter teks sou u verkies as dit by 'n nuwer vertaling van die Bybel ingesluit sou word?	Teks A	Teks B
7.9 Dink u die teks wat u nie in 7.8 gekies het nie kan wel iewers anders gebruik word?	Ja	Nee
7.10 Voorstelle vir u antwoord by 7.9 of ander kommentaar:		
.....		

8. Op die aangehegde bladsy is twee verskillende vertalings van **Matt. 5:13-15**. Lees asseblief albei vertalings aandagtig deur en antwoord dan die volgende vrae:

8.1 Watter teks lees makliker?	Teks C	Teks D
8.2 Watter teks voel u is 'n nader weergawe van die oorspronklike Woord van God?	Teks C	Teks D
8.3 Watter teks se beeldspraak is duideliker?	Teks C	Teks D
8.4 Watter teks sou u in die erediens wou hoor?	Teks C	Teks D
8.5 Watter teks sou u in u persoonlike stiltetyd wou gebruik?	Teks C	Teks D
8.6 Watter teks sou u tydens Bybelstudie wou gebruik?	Teks C	Teks D
8.7 Verkies u die teks sonder voetnote (Teks C), of die teks met voetnote (Teks D)?	Teks C	Teks D
8.8 Watter teks sou u verkies as dit by 'n nuwer vertaling van die Bybel ingesluit sou word?	Teks C	Teks D
8.9 Dink u die teks wat u nie in 8.8 gekies het nie kan wel iewers anders gebruik word?	Ja	Nee
8.10 Voorstelle vir u antwoord by 8.9 of ander kommentaar:		
.....		

Die volk draai hulle rug op die Here

¹Jesaja was die seun van Amos. God het met Jesaja deur middel van visioene gepraat en hom vertel wat met Juda en Jerusalem sou gebeur. Dit was in die tyd toe Ussia koning van Juda was, en ook toe Jotam, Agas en Hiskia ná hom koning was.

²Die hemel en die aarde moet getuies wees van wat die Here sê:
Ek het my kinders met sorg grootgemaak. Maar wat doen hulle?
Hulle rebelleer teen My.

³'n Bees ken tog sy eienaar en 'n donkie weet waar sy baas hom voer,
maar Israel ken My nie; my volk verstaan nie wat Ek doen nie.

⁴Dit sal sleg gaan met julle, julle sondige volk. Julle is almal skuldig: julle doen net slegte dinge.
Julle het die Here, die Heilige God van Israel, geminag en julle rug op Hom gedraai.

⁵Hoekom bly julle opstandig? Wil julle dan nog meer gestraf word?
Kyk hoe lyk julle al: julle hele kop is reeds stukkend en julle lyf voel pap.

⁶Daar is nie een gesonde plek op julle lyf nie.
Julle is van kop tot tone vol seerplekke
wat nie skoongemaak, verbind of met salf gedokter is nie.

⁷Kyk hoe lyk julle land: dit is verwoes en verlate. Julle stede is afgebrand;
julle kan net hulpeloos staan en kyk hoe vreemde mense julle landerye plunder,
hoe hulle julle land omkeer en verwoes.

⁸Jerusalem het alleen oorgebly soos 'n afdak in 'n wingerd,
soos 'n huisie van takke in 'n komkommertuin,¹ soos 'n stad in die middel van nêrens.

⁹As die Here van die Leërskaer nie 'n klompie van ons mense laat bly leef het nie,
sou ons net soos Sodom en Gomorra totaal verwoes gewees het.

¹ Die "afdak" en "huisie van takke" is opgerig sodat watters wat die ryp oeste moes oppas, daaronder kon skuil.

¹**Die visioen¹ wat Jesaja, seun van Amos, oor Juda en Jerusalem gesien het. Dit was in die dae van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia – die konings van Juda.**

²Hoor hemele en luister aarde, want dit is die Here self wat sê:

Ek het kinders met sorg opgevoed,
maar hulle het teen My gerebelleer.²

³'n Os ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy baas,
maar nie Israel nie – my volk verstaan nie.³

⁴Wee⁴ die sondige nasie, skuldbelaaide volk,
slegte geslag, korrupte kinders.

Hulle het die Here verlaat, hulle het die Heilige van Israel geminag,
hulle het hulle rug op My gekeer.⁵

⁵Hoekom wil julle nóg geslaan word? Hoekom hou julle aan om opstandig te wees?

Julle hele kop is stukkend geslaan, julle hele gestel is swak.

⁶Van kop tot tone is daar nie een gesonde plek nie,
net houe, kneusplekke en rou wonde.

Hulle is nie skoongemaak, verbind of met olie gedokter nie.

⁷Julle land is 'n woesteny: julle stede is afgebrand;

julle landerye – vreemdelinge⁶ stroop dit reg voor julle oë,

dit is 'n woesteny soos wanneer vreemdelinge 'n land omgekeer het.

⁸Die dogter, Sion,⁷ het oorgebly soos 'n afdak in 'n wingerd,

soos 'n huisie van takke in 'n komkommertuin,⁸ soos 'n versterkte⁹ stad.

⁹As die Here van die Leërskaer¹⁰ nie vir ons 'n paar oorlewendes laat oorbly het nie,
dan was ons net soos Sodom en het ons geword soos Gomorra.

¹ Die hele boek Jesaja word gesien as 'n gesig of visioen. Die term “gesig” het hier 'n meer algemene konnotasie. Dit strook met die siening in die tyd na die ballingskap dat die beskrywing van historiese gebeure 'n profetiese aktiwiteit was.

² Die brontaal-ekwivalent van “rebelleer” het die konnotasie van die verbreking van 'n ooreenkoms of verbond tussen 'n mindere en meerdere party. Dit verwys nie slegs na enkele oortredings van die mindere party nie. Dit impliseer eerder 'n algemene weiering om aan die meerdere party onderdanig te wees. So 'n verbreking van 'n ooreenkoms het dikwels daarop uitgeloop dat 'n aantal vervloekings in werking getree het. By die maak van 'n ooreenkoms het partye gewoonlik ooreengekom oor die vervloekings wat dié party sou tref wat die ooreenkoms verbreek.

³ Die brontaal-ekwivalent het die konnotasie “om insig in 'n situasie te hê”.

⁴ “Wee” is 'n uitroep wat gebruik word om aan iemand of iets te sê dat dit met hulle sal sleg gaan. In kort kan 'n mens dit as 'n ellende-toesegging beskryf.

⁵ Letterlik: “Hulle het agter Hom weggedraai”. Hier word die beeld opgeroep van Israel wat God gevolg het, maar dan wegdraai van Hom af om ander gode te volg.

⁶ “Vreemdelinge” impliseer hier mense wat uit 'n ander land kom en Juda ingeval het.

⁷ Die uitdrukking “die dogter, Sion” verwys na Jerusalem. Dit word meermale in die boek Jesaja gebruik (bv. Jes 3:16, 8:18, 10:12). Hierdie term het veral 'n konnotasie met die beloftes van God aangaande sy uitverkore stad.

⁸ Hierdie konstruksies moes skuiling bied vir wagters wat die ryp oeste moes oppas. Die konstruksies kon van klip wees, maar is meestal met takke gemaak.

⁹ Die presiese betekenis van die bronteksuitdrukking is nie heeltemal duidelik nie. Sommige vertaal dit met “beleerde” stad. Dit verwys egter heel waarskynlik na die versterkte stede wat Salomo opgerig het om as wagposte te funksioneer. Hulle was in die middel van nêrens gebou.

¹⁰ Die betekenis van die brontaalteks-ekwivalent van hierdie naam van God, wat dikwels in Jesaja gebruik word, is nie duidelik nie. Die Hebreeuse ekwivalent is “*Tsevaoot*”. Sommige geleerdes is van mening dat dit 'n naam van die godheid is en dat dit nie vertaal moet word nie. Dié naam hou skynbaar veral verband met God se rol as krygergod, die sterk God, die God wat bereid is om vir sy volk te veg.

Sout vir die aarde en lig vir die wêreld

(Ook Mark 9:50; 4:21; Luk 14:34-35; 8:16)

¹³Julle is die sout vir die aarde, maar as die sout sy smaak verloor het, hoe kan 'n mens dit weer die smaak teruggee? Dit is niks meer werd nie – dit word buite gegooi en die mense loop daaroor.

¹⁴Julle is die lig vir die wêreld: Julle moet 'n lig wees vir die donker wêreld rondom julle. Julle geloof moet so sigbaar wees soos 'n stad wat hoog bo-op 'n berg gebou is. Net soos wat so 'n stad nie weggesteek kan word nie, moet julle nie julle geloof wegsteek nie.

¹⁵Ook steek jy nie 'n lamp op en sit dan 'n emmer bo-oor nie. Nee, jy sit die lamp op 'n lampstaander sodat dit vir almal in die huis kan lig gee. ¹⁶Net so moet julle 'n lig wees wat in hierdie pikdonker wêreld skyn. Ander mense moet sien dat julle alles doen wat God van julle vra. Hulle sal dan erken dat julle 'n wonderlike God dien en só word God se Naam grootgemaak.

Sout van die aarde en lig van die wêreld

(Ook Mark 9:50; 4:21; Luk 14:34-35; 8:16)

¹³ "Julle is die sout¹ van die aarde, maar as die sout sy smaak verloor het, waarmee sal dit weer sout gemaak word?² Dit is niks meer werd nie³ behalwe om buite gegooi en deur die mense vertrap⁴ te word.

¹⁴ Julle is die lig van die wêreld.⁵ 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie.⁶

¹⁵ 'n Mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder 'n maatemmer⁷ nie, maar op 'n lampstaander,⁸ en dit skyn vir almal in die huis. ¹⁶Laat julle lig⁹ só skyn voor die mense¹⁰ dat hulle julle goeie dade¹¹ sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.

¹ Dit kan geïnterpreteer word as 'n metafoor wat dui op een van die funksies van sout, nl. "waardetoevoeging". 'n Ander siening: die voor-die-hand-liggende gebruik van sout om smaak aan kos te gee, sowel as om dit te preserveer.

² Egte sout (NaCl) kan nie laf word nie, hoewel dit met 'n onsuiver soutmengsel (soos dié van die Dooie See afkomstig) wel sou kon gebeur. In terme van die metafoor geld dit wel as 'n reële moontlikheid wat as ernstige waarskuwing dien teen die moontlikheid dat dissipels hulle onderskeidende kenmerk as dissipels kan verloor.

³ Letterlik: Dit het krag tot niks meer nie. Sout se funksie is direk eweredig aan die krag van sy werking.

⁴ Die Griekse woord kan as "vertrap" of "trap op" vertaal word. Die woord "vertrap" roep konnotasies op van moedswilligheid en doelbewuste benadeling, teenoor "trap op" wat minder emosie oordra. Dit kan dui op die gebruik om sout as bedekking op paaie te strooi om die oppervlakte minder te laat verweer. In lg. geval sou die bedoeling kon wees om die kragtige werking van aktiewe sout te vergelyk met die passiewe werking van verslane sout. 'n Ander siening: dit word as iets nutteloos eenvoudig buite die huis in die straat of op die plat dak gegooi en dan loop mense daaroor.

⁵ 'n Lig skyn in die donker. Die implikasie is duidelik: met die metafoor word 'n opdrag gegee om 'n donker wêreld te verlig.

⁶ Terwyl dit ook in die dag waar is (vgl. die wit geboue in die son), het die beeld waarskynlik betrekking op 'n stad in die nag, waarvan die ligte van ver af sigbaar is. Almal kan die stad dus sien.

⁷ Maatemmer: dit was heel waarskynlik 'n houër van ongeveer 8 liter wat vir die meet van droë materiaal soos koring gebruik is.

⁸ Hier val die klem daarop dat dit onmoontlik is vir die dissipels om nie raakgesien te word nie, net so min as wat 'n stad op die heuwels van die bergland onopgemerk kon bly. Om 'n lamp onder 'n maatemmer te sit, is ook totaal onvanpas; soos in v. 13 word hier ook gewaarsku teen 'n optrede wat nie by dissipelskap pas nie.

⁹ Die vergelyking wat in v. 14 begin het, word hier voortgesit en voltooi.

¹⁰ Die waarskuwende klank van die vorige twee verse om nie die lig te beperk nie, verander hier na 'n direkte positiewe opdrag om só in die openbaar op tree dat hulle goeie dade vir almal sigbaar sal wees, en dat God die eer daarvoor sal ontvang.

¹¹ Die inhoud van die goeie dade, m.a.w. hoe 'n mens sout en lig moet wees, kan afgelei word uit die voorafgaande seënspreuke in v. 3-11 en die antiteses wat in 5:21-48 volg.

